UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Groepe en pastorale sorg in ’n gemeentelike konteks: ’n Narratiewe benadering

deur

**ALISNA SLABBERT**

(22048864)

Verhandeling ter vervulling van die vereistes van die graad

**MTh (Praktiese Teologie)**

in die Department Praktiese Teologie en Missioligie

Fakulteit Teologie en Religie

Studieleier: Prof Y Dreyer

Desember 2022

**DECLARATION**

I, the undersigned, do hereby declare that this dissertation which I submit for the Master of Theology in practical theology at the University of Pretoria is my original work and has not been previously partially or its totality submitted for the attainment of a degree at any institution of higher learning.

Signature (student): Alisna Slabbert Date: 31 Desember 2022

Signature (supervisor): Prof Y Dreyer

# DANKBETUIGINGS

My opregte dank en waardering aan die volgende persone:

- Vir die een vir wie ek lewe, aan die drie-enige Here, my Abba Vader.
- My man vir sy hulp in en om die huis, hy moes werklik ma en pa rol vervul. Vir sy onophoudelike ondersteuning, geduld tydens my menigte druk oomblikke en sy belangstelling in my navorsing. Dankie ook vir die hulp met finale redigering om die klein spelfoutjies op te tel.
- My kinders vir hulle geduld met mamma as ek so baie moes werk en die motiverings gesprekkies waartydens julle net my laat weereens besef het, ek kan!
- Prof. Yolanda Dreyer, wat tenspyte van die baie studente wat sy reeds gehad het, kans gesien het om my ook te help, vir haar geduld en leiding. Sy is my rolmodel en ek leer altyd baie by haar, dit was vir my ’n groot voorreg om haar as my studieleier te hê.
- My mentor, Dr Roelf Opperman, vir die entoesiasme en belangstelling waarmee hy gedeel het aan my onderwerp en wat ek beoog het om met my navorsing te doen.
- Dr. Ria Slabbert (nie familie lid) wat so stilweg gemotiveer en my gelei het tot baie eureka oomblikke.
- Ds. Wim Slabbert (nie familie lid) wat gereeldelik met my gepraat het oor waar ek trek in my studies. Ook dat hy gereeld seker gemaak het en gewaarsku het as hy sien ek trek te swaar onder die druk van ma, student, bestuurder en onderwyseres wees.
- My skoonma wat elke keer ’n skouer gegee het as vertroosting wanneer die druk te veel raak.
- My kollegas wat na elke naweek of aand se harde ure wat ek ingesit het, my bemoedig het en bly glo het dat ek dit kan vermag en deurvoer.

# Abstrak

Groepe vorm oral in die samelewing. Sommige word doelbewus gegenereer. Ander ontstaan spontaan. Die uitgangspunt van hierdie studie is dat kleingroepe 'n kardinale deel van gemeentes en geloofsgemeenskappe kan uitmaak en dat individue deur middel van die groepe die steun van 'n gemeenskap kan ervaar. Hierdie studie ondersoek hoe formele en informele groepe met behulp van die deel van narratiewe kan bydra tot die pastorale versorging van mense.

Groepe en groepsdinkamika word onder andere ondersoek in die sosiale wetenskappe en sosiale psigologie. Die insigte en teorie van Donelson Forsyth (2014) ten opsigte van groepvorming word benut om aan te dui hoe formele en informele groepe vorm. David Johnson en Frank Johnson (2003) se beskrywing van groepe word ook vir die doel aangewend omdat dit spesifieke aspekte van groepvorming belig. Hierdie teorie fokus onder meer op die effektiwe funksionering van groepe asook die verskillende kommunkasienetwerke in groepe. Met behulp van hierdie teorieë toon die studie aan dat betrokkenheid by 'n ondersteuningsgroep kan bydra tot mense se welsyn.

Pastorale sorg het ten doel om mense te begelei tot heling, genesing, heelheid en hoop. So word hulle bemagtig om aktief in die geloofsgemeenskap by te dra tot onderlinge sorg. Julian Müller (2000) se reisgeselskap-model word benut om aan te toon wat in formele groepe of een-tot-een pastorale sorg gesprekke plaasvind. Pastorale sorg is nie net die pastor se taak nie. Onderlinge sorg is die taak van die hele geloofsgemeenskap. Maria Maritnez (2018) se narratologiese model met die naam *Storyworld Possible Selves* word in die studie benut om die kompleksiteit van die betrokkenheid by ander se verhale te verduidelik. Formele en informele groepe is 'n onvermydelike deel van geloofsgemeenskappe en kerkwees. Met behulp van Charles Gerkin (1997) se pastoraatteorie word die verwagting van pastorale sorg ondersoek. Sy driedeling van *'n gemeenskap van ondersoek*, *'n gemeenskap van onderlinge sorg* en *'n gemeenskap van gestuurdes* is vir die werk van kleingroepe en onderlinge sorg in 'n gemeentelike konteks relevant. Mense kan pastoraal versorg word in formele en informele groepe ervaar. Hulle kan dit toepas in hulle eie lewe en positiewe verandering te weeg bring as hulle mekaar pastoraal versorg.

# Abstract

Groups form everywhere in society. The are either formed deliberately or they form spontaneously. The point of departure of this study is that small groups are a cardinal part of congregations and faith communities. This is a way in which individuals can experience the support of a community. This study investigates formal and informal groups can contribute to the pastoral care of people through the use of narratives.

Groups and group dynamics are investigated in the social sciences and social psychology, among others. The insights and theory of Donelson Forsyth (2014) on group formation are applied in the study to explain how formal and informal groups form. David Johnson and Frank Johnson's (2003) description of groups is utilised because of its focus on specific aspects of group formation. The focus is among others on the effectiveness and different communication networks within groups. The study finds that support groups can contribute to people's well-being.

Pastoral care has the aim to guide people to healing, wholeness and hope. They are enabled to be active in the community of believers and contribute to mutual care. Julian Müller's (2000) model of "journeying together" is utilised to explain they dynamics of formal groups and one-on-one pastoral care conversations. However, pastoral care is not only the pastor's task. Mutual pastoral care is the task of all the members of the faith community. Maria Martinez's (2018) *Storyworld Possible Selves* model is utilised to explore the complexity of engagement with the stories of others.

Formal and informal groups are an inevitable part of faith communities and being a church. Charles Gerkin's (1997) pastoral care theory is utilised to gain clarity on the expectations of pastoral care in a community context. His perspectives of a *community of inquiry, community of mutual care and community of mission* are relevant to the work of small groups and mutual care in faith communities. Mutual pastoral care can take place in formal or informal groups. What people experience and learn there can be applied in their own lives and contribute to mutual pastoral care in the context of the faith community.

**Sleutelterme**

Kleingroepe, groepsdinamika, narratiewe benadering, pastorale sorg, pastorale berading, groepspastoraat, formele groepe, informele groepe, kommunikasienetwerke, lewensverhale

**Key terms**

Small groups, group dynamics, narrative approach, pastoral care, pastoral counselling, group pastoral care, formal groups, informal groups, communication networks, life-stories

## INHOUDSOPGAWE


HOOFSTUK 1 INLEIDING

1.1 Motivering vir die ondersoek……………………………………..… 9

1.2 Vraagstelling………………………………………………………..... 11

1.3 Literatuuroorsig en navorsingsleemte…………………………..… 13

1.4 Metodologie………………………………………………………..… 17

1.5 Program van ondersoek……………………………………….….... 21

HOOFSTUK 2 GROEPVORMING EN GROEPSINAMIKA

2.1 Groepe………………………………………………………….……. 22

2.2 Kenmerke van groepe……………………………………..……... 22

2.3 Tipes groepe ..............………………………………………….…... 27

2.4 Die ontwikkeling van 'n groep…………………………………..….. 28

2.5 Groepsdinamiek en kommunikasie……………………….………. 30

2.6 Effektiewe groepe met samehorigheid…………………….……... 33

2.7 Kleingroepe in die gemeente…………………………….……….... 36

HOOFSTUK 3 NARRATIEWE: STORIES WAT MENSE DEEL

3.1 Die narratief…………………………………………….………….. 44

3.2 Lewensverhale as sosiale konstruk…………………….………… 45

3.3 Die narratiewe benadering…………………………………….….. 48

3.3.1 Pastorale berading.......................................…………………….. 48

3.3.2 Formele pastorale groepe............................……………………... 49

3.4 *Storyworld Possible Selves* model.......…………………………... 53

HOOFSTUK 4 PASTORALE SORG

4.1 Pastorale sorg: 'n Oorsig………………………………………….. 60

4.2 Die psigologie en pastorale sorg…………….......................... 64

4.3 Pastorale sorg in die gemeente………………………….…….... 72

4.4 Charles Gerkin se pastoraatteorie……………………………… 80

HOOFSTUK 5 BEVINDINGS

5.1 Uitkomste……………………………………………………..……… 84

5.1.1 Die funksionering van groepe………..………………………………… 84

5.1.2 Die deel van persoonlike narratiewe………………………………… 86

5.1.3 Omgee en versorging………………………………………………… 87

5.2 Refleksie……………………………………………….……….…… 88

5.3 Bydrae……………………………………………………..……. 89

Bibliografie……………………………………………………………… 92

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## 1.1 Motivering vir die ondersoek

Narratief of lewensverhale is ’n onlosmaaklike deel van mense se alledaagse lewe. Narratiewe, verhale of stories is ’n manier vir mense om sin te maak van hulle lewens en hulle identiteit te vorm. Vir Christen-gelowiges en die pastoraat is veral twee narratiewe van belang, naamlik die eie verhaal en die Christus-verhaal. Dit is in die verhaal van Jesus Christus dat hoop gevind word vir die eie toekomsverhaal. Vasgeloopte probleemverhale in gelowiges se lewens kan in die lig van die Christus-verhaal herkonstrueer word tot ’n verhaal van hoop met ’n toekomsvisie. Julian Müller (2000:8) noem die lewe ’n reisverhaal en beskryf dit soos volg:

> Die lewe is ’n reis. Ons reis afsonderlik en gesamentlik. Ons kom iewers vandaan en ons is êrens heen op pad. Ons het ’n verlede en ’n toekoms en met ons verhale probeer ons om hierdie twee – die verlede en die toekoms – by mekaar te laat aansluit.

Die lewensverhale wat mense vertel, omvat hulle verlede, hede en toekoms. Deur middel van verhale ken mense betekenis toe aan hulle ervaring. Die verhale van ander kan ook bydra tot hoop en vertroosting en kan gelowiges versterk in hulle geloof. Die verhaal verbind die verlede, hede en toekoms aan mekaar. So bring verhale ’n koherente eenheid te weeg wat mense in staat stel om hulle lewensdoel te eien. Lewensverhale het te doen met identiteitsvrae soos: ‘Wie is ek?’ ‘Hoe pas ek in in hierdie wêreld?’ (Hyvärinen 2006:31). Die mens bly ’n soeker, ’n persoon op reis. Op die lewensreis word besluite geneem wat die toekomsverhaal bepaal of beïnvloed. Deur die vertel en hervertel van lewensverhale aan ’n pastorale berader of aan ander mense, kan nuwe hoop gevind word. ’n Funksie van lewensnarratiewe is verder om individuele en gemeenskaplike identiteit te vorm (Klaasen 2020:1).

Die narratiewe benadering word die afgelope drie dekades in verskillende dissiplines aangetref. Dit sluit in dissiplines soos die Sosiale Wetenskappe,

Regte, Psigologie, Teologie en Gesondheidswetenskappe. Narratiewe teorie is veral van belang in die literatuurwetenskap waar dit dien as ’n analitiese dekonstruktiewe instrument. Dit neem in ag die verteller se subjektiwiteit en die plek van die verhaal in die verhouding tot die gehoor (Ganzevoort 2011:221). Wanneer mense hulle lewensverhaal vertel, is dit uiteraard subjektief. Vertellers wil hulle kant van die storie stel met die hoop dat hoorders dit sal verstaan. Die verteller antisipeer die respons van die hoorder en het ten doel om ’n spesifieke respons ontlok.

Die pastor wat ’n narratiewe benadering tot pastoraat kies, luister na die persoon se lewenstorie en begelei die persoon om ’n toekomsverhaal van hoop te konstrueer. In die pastorale gesprek word die narratief hervertel om sodoende te ontwikkel van ’n probleemverhaal na ’n  hoopvolle nuwe verhaal. ’n Mens se lewe word konstant herinterpreteer deur middel van metafore (beelde) en verhale (Klaasen 2020:1-8). Volgens Carrie Doehring (2015:xxii-xix) begin hierdie proses van verandering met deernisvolle respek en vertroue. Die pastor wat die narratiewe benadering volg, neem ’n nie-wetende houding aan. Pastorante word in hierdie benadering beskou as die deskundige van hulle eie lewe en verhaal. Die pastor fasiliteer vrye en oop kommunikasie (Müller 2000:17).

Narratiewe wat herkonstrueer word tot ’n nuwe toekomsverhaal neem nie net vorm aan binne die verhouding tussen pastor en pastorant nie. Narratiewe bind ook gemeenskappe of groepe aan mekaar. In die geloofsgemeenskap vorm daar dikwels kleingroepe. Ook binne hierdie groepe kan die narratiewe van mense vertel en hervertel word om genesing te bring. Op hierdie manier versorg die geloofsgemeenskap mekaar pastoraal.

Die ontmoeting tussen God en mens vind in mense se gewone lewenswerklikheid plaas (Heyns 1994:7). Die Christelike geloofsgemeenskap is ten diepste ’n storievertellende gemeenskap. In die vertel van ‘n gelowige se lewensverhaal word die verbintenis met God duidelik (Mauz 2009:262). Ander mense kan ’n bydrae lewer tot ’n persoon se ervaring van ‘n ontmoeting met God. Mense kan vir ander

bemiddelend optree. Hulle kan mekaar troos en hoop bring. God se troos en hoop kom dan deur mense na mense toe.

Verskillende narratiewe beïnvloed mense se lewens. Hulle narratief word ook gevorm deur die gemeenskap se narratief. Die mens is gedurig besig met storievertelling. Die vertel van die lewensverhaal kan bevryding bring. Matti Hyvärinen (2006:26) stel dit soos volg:

> Narratives became something to be lived out individually and collectively; became something attached to our very identities. Narratives gained huge potential for integrating human lives, lending them more profound unity. In that way, also the vision of a healing.

Gemeentes bestaan uit formele en informele groepe. *Formele* groepe het ’n leier en ’n spesifieke doel in die vooruitsig. Informele groepe het ook ’n gemeenskaplike doel of belangstelling (Bussmann en Schweighofer 2014:30). Onderlinge pastorale sorg kan in *informele* groepe plaasvind. Daar kan mense nuwe hoop vind en ’n toekomsvisie verkry. Die narratiewe van mense kan herinterpreteer word wanneer hulle die verhaal deel met die groep.

In ’n formele groep fasiliteer die pastor die vertel van die narratiewe van die mense in die groep. Vanuit die perspektief van narratiewe berading neem die pastor ’n nie-wetende posisie in. Die doel is om die groep in staat te stel om hulle verhale vryelik te deel met mekaar en te herkonstrukureer in ’n veilige ruimte van deernis en respek. Pastorale sorg bestaan daaruit dat pastors met sensitiwiteit luister na mense se verhale om insig te verkry in hulle lewensprobleme en hulle op hulle lewensreis te begelei (Dreyer 1999:947).

Hierdie literatuurstudie ondersoek groepdinamika en die bruikbaarheid van ’n narratiewe benadering in die informele wedersydse pastorale sorg in geloofsgemeenskappe. Die vraag is of die vertel van verhale in informele groepe ’n pastorale funksie kan vervul en mense begelei kan word om te kom tot ’n nuwe perspektief op hulle lewe en nuwe hoop. Die studie vergelyk die effek van formele

narratiewe pastoraat in groepe soos gefasiliteer deur die pastor met informele groepe waar mense hulle verhale met mekaar deel om vas te stel of en hoe 'informele narratiewe pastorale sorg' die formele narratiewe pastoraat kan aanvul. Met betrekking tot die prosesse in die narratiewe pastoraat verwoord Ruard Ganzevoort (2011:221) die resultate van bestaande navorsing op die terrein soos volg:

> Narrative research has high potential to uncover the processes of giving meaning to life experiences through life stories. Inasmuch as the researcher engages with the field, he or she becomes a player changing it and supporting some participants' narratives over against others.

Om tot dieper insig te kom van hoe die narratiewe van mense in informele groepe mekaar inspireer of beïnvloed om te kom tot 'n nuwe positiewe verhaal, benut die studie insigte uit die sosiale wetenskappe. Tersaaklike insigte ten opsigte van die narratologie in die vakgebied van die literatuurwetenskap word toegepas in die studie.

## 1.2 Vraagstelling

Groepe vorm oral in die samelewing. Sommige groepe word intensioneel gevorm, terwyl ander spontaan ontstaan. Donelson Forsyth (2019:1) beskryf die vloeibaarheid en effek van groepvorming soos volg:

> Groups come in all shapes and sizes and their purposes are many and varied, but their influence is universal. The tendency to join with other in groups is perhaps the single most important characteristic of humans, and the processes that unfold within these groups leave an indelible imprint on their members and on society. Yet, groups remain something of a mystery: unstudied at best, misunderstood at worst.

Mense wil êrens behoort waar hulle samehorigheid en veiligheid kan ervaar. In die groepe wat in 'n gemeenskap vorm, kan mense hierdie samehorigheid en veiligheid ervaar en groei. Binne geloofsgemeenskappe is daar formele kleingroepe wat vorm as gevolg van 'n gemeenskaplike doel, soos byvoorbeeld Bybelstudiegroepe, selgroepe, kategese- kinderkerk- en kleutergroepe. Informele groepe ontstaan ook in

geloofsgemeenskappe. ’n Voorbeeld hiervan is die groepe mense wat mekaar oor die ‘sondagoggend koffie na kerk’ ontmoet en gesprek voer.

Ondersteuningsgroepe vir spesifieke belangegroepe soos byvoorbeeld enkelouers groep of jonggetroudes, dien ’n pastorale doel and kan onder die leiding van die pastor of onafhanklik funksioneer. Gebroke mense wat leef in ’n gebroke wêreld het verhale om te vertel wat dikwels getuig van pyn en worsteling. In die proses van die vertel en hervertel van hulle verhale kan mense geleidelik kom tot aanvaarding en genesing. Verhale wat by mense ’n skaamte-ervaring oproep en daarom ongesê bly, is dikwels juis die wat vertel moet word, sodat daar nuwe hoop kan kom. Hierdie skaamte-verhale kan met vrymoedigheid binne ’n vertroude en veilige groep gedeel word. Madalitso Khulupirika Banja (2017:33) beskryf dit soos volg:

> During group counseling, people begin to see that they are not alone. Many people feel they are unique because of their problems, and it is encouraging to hear that other people have similar difficulties. In the climate of trust provided by the group, people feel free to care about and help each other.

In so ’n groep kan narratiewe groepspastoraat deur die pastor gefasiliteer word. Die persone kan hulle verhale vertel en hervertel. Om lewensverhale en verhale van pyn met ander te deel, kan positief bydra tot mense se geloofslewe. Mense wat glo in Jesus Christus word deel van die liggaam van Christus, ’n nuwe familie, ’n geloofsgemeenskap. Binne hierdie nuwe gemeenskap is daar ’n atmosfeer van saam groei, saam deel en saam leef. Die doel van pastorale sorg is psigiese en geestelike genesing en groei, sodat mense sal toeneem in geloof en in diensbaarheid (Dreyer 2005:17). Die vroeë kerk het byvoorbeeld saam geleef, gereeld bymekaar gekom, saam geëet, gehuil en fees gevier (Joubert 2009:59). In die Westerse individualistiese kulture van vandag is daar nie dieselfde geleentheid om met mekaar saam te lewe soos toe nie.

Die uitgangspunt van hierdie studie is dat kleingroepe ’n kardinale deel van die gemeente en geloofsgemeenskap uitmaak. Daarin behoort individue die steun van ’n gemeenskap te kan ervaar. Die mense van vandag het dikwels nie die vrymoedigheid om by die pastor hulp te vra nie. Een van die redes kan wees dat

hulle skuldig voel oor sekere gebeurtenisse of gedrag wat deel uitmaak van hulle lewensverhaal. Hulle vind dit dan moeilik om formeel met ’n pastor ‘n amptelike hoedanigheid daaroor te praat. Dan kan kleingroepe dit vir sulke persone moontlik maak om as deel van ’n klein gemeenskap binne die konteks van die Christelike gemeenskap reisgenote te vind wat sorg en tot hoop in hulle lewe kan bydra. Mense het nodig om hulle storie te vertel, want deur die verhaal te vertel, interpreteer en herinterpreteer hulle hulle ervaring en ken sin en betekenis toe aan hulle lewe (Dyson and Genish 1994:36).

Mense wil sin maak van hulle lewenservaring en hoopvol lewe. Die doel van pastorale begeleiding is om die lewensverhaal en die geloofsverhaal bymekaar te bring. Hierdie studie ondersoek hoe informele en formele groepe deur die gebruik van narratiewe kan bydra tot die pastorale versorging van mense.

## 1.3 Literatuuroorsig en navorsingsleemte

Groepe of groepdinkamika word onder andere ondersoek in die sosiale wetenskappe en sosiale psigologie. In die Praktiese Teologie word groepe veral ondersoek in die sub-dissipline van gemeentebou. Dit het dan betrekking op kleingroepe wat gelei word deur die pastor of ’n gemeenteleier. Volgens Jeffrey Arnold (2010:37) het kleingroepe die potensiaal om mense aan te trek en te behou in die gemeente. Kleingroepe is verder ’n effektiewe manier vir die kerk om uit te reik na ander, te luister en om te gee vir mense binne en buite die kerk. Om deel te wees van ’n groep kan spesifieke voordele inhou vir mense. Groeplede kan met mekaar praat oor die emosies wat ervaar of die keuses wat hulle maak in sekere lewensomstandighede. Hierdie gesprekke kan lei tot nuwe insig en die persoon help om weldeurdagte en verantwoordelike besluite te neem. Die gesprekke dra by tot ’n gevoel van kameraadskap en veiligheid (Forsyth 2019:25-26).

’n Groep word gevorm waar mense ’n gemeenskaplike doel het (Forsyth 2014:2). Groepvorming kan formeel of informeel geskied. Formele en informele groepe vorm in geloofsgemeenskappe. Uwe Bussmann en Silvia Schweighofer (2014:32-33 *my vertaling*) verduidelik die verskil tussen die vorming van formele en informele groepe soos volg:

> Daar is verskillende redes vir die vorming van formele en informele groepe. Vir formele groepe is daar minstens twee redes: eerstens is daar ’n basiese self-konsep en ’n gedeelde doel en verwagting vir die groep. Die vraag is: ‘Waarom kom ons saam?’ Tweedens is daar ’n minimum verwagting van die samewerking wat nodig sal wees. Die vraag is: ‘Gegewe ons doelwitte, hoe sal ons moet saamwerk?’ Daar is verskeie redes waarom informele groepe vorm. Sulke groepe kan vorm as ’n vriendegroep, of omdat hulle ’n belangstelling deel, of omdat hulle dieselfde situasie ervaar, of omdat hulle van dieselfde etniese groep is, of omdat hulle dieselfde werk doen. ’n Groep sonder ’n spesifieke leier kan as ’n informele groep bestempel word.

Groepe het ’n bepaalde invloed op die mense wat deel is van die groep. Ondersoeke het getoon dat mense wat deel is van ’n groep op psigiese vlak anders funksioneer as wat mense doen wanneer hulle op hulle eie is (kyk Baumeister, Ainswort & Vohs 2016; vlg Forsyth 2019:23). In ’n groepsverband is geneig om meer te waag as wanneer hulle op hulle eie is. ‘n Groep kan lede beïnvloed om hulle waardes te verander om by dié van die groep aan te pas. Donelson Forsyth (2014:26) wys daarop dat groepe deur hulle gesamentlike aksie verandering in die samelewing kan te weeg bring. In die gemeentelike konteks kan groepe genesing en hoop fasiliteer. In ’n groep kan die vertel en hervertel van verhale momente van sorg en hoop fasiliteer. Vir Christen-gelowiges is wedersydse sorg ’n evangeliese opdrag. Dreyer (2005:28) verwoord dit soos volg:

> Volgelinge van Jesus word heel deur die liefde en genade wat hulle ontvang. Hierdie genade en liefde behoort dan aan ander getoon te word, sodat hulle ook heel kan word en deel kan uitmaak van God se huisgesin. Dit is die taak van heel gelowiges om stukkende mense tot heelheid te begelei sodat hulle weer die vreugde van ’n lewe in die volheid van God se genade, kan ervaar.

Gelowiges wat in hulle eie lewe heling ervaar en tot heelheid gekom het, kan in ’n groep na die narratiewe van ander luister en vanuit hulle eie verhaal van heling en genesing vir die ander hoop bied.

Psigoterapie wat ontwikkel het in die moderne era, het ten doel gehad om die oorsaak van mense se probleme te identifiseer en interpreteer. In postmoderne benaderings tot psigoterapie is die fokus eerder op wat die persoon self wil bereik deur middel van terapie (Metcalf 2017:3). Die narratiewe benadering wat in verskeie vakgebiede aangewend word, is ’n postmoderne benadering. Toegepas op die pastoraat, impliseer die narratiewe benadering dat die pastor nie ‘die antwoord’ het nie, maar ’n gespreksgenoot is wat met deernis en empatie die persoon se reisverhaal aanhoor en verder saam met die persoon reis.

Die narratiewe benadering kan besonder effektief wees in die pastoraat in ’n gemeentekonteks. Die vertel en hervertel van hulle lewensverhale bied die ruimte vir mense om ’n nuwe toekomsvisie te skep. Die probleemverhaal kan herskryf word tot ’n verhaal van hoop. Julian Müller (2000:70) verwoord dit soos volg:

> Pastorale gesprekke kan vergelyk word met reis-geselskap. Dit is nie ’n wondermiddel nie, maar vervul ’n belangrike funksie vir mense wat ‘op reis is’. In die narratiewe pastoraat is die gesprekke wat ons voer, nader aan *gesels* as wat die geval is in ander vorme van gesprekvoering. Dit is ’n natuurlike vorm van kommunikeer waarin mense stories met mekaar uitruil.

Dit is hierdie gesprekke wat nuwe vooruitsigte bied, wat die verlede, hede en toekoms aan mekaar weef sodat die persoon die groter geheel kan sien en beter verstaan. Mense se narratiewe word beïnvloed deur hulle denke. Hoe mense dink oor hulle verlede het ’n bepalende invloed op hulle hede en toekoms. Narratiewe pastoraat bied ’n veilige ruimte waarbinne hulle probleemverhaal kan vertel. Met verloop van tyd kan dieselfde storie egter vanuit ’n ander perspektief hervertel word. ’n Nuwe perspektief op ’n ou verhaal bring nuwe hoop. Empatie is die grondhouding van die pastoraat. Empatie is wanneer mense hulle op ’n verbeeldingryke manier in

’n ander se emosionele evaringe kan inleef terwyl hulle steeds ten volle bewus is van en veranker bly in hulle eie emosionele staat en eie lewensverhaal (Doerhing 2015:39).

Pastorale sorg het ten doel om persone te begelei tot genesing en hoop sodat hulle ook verder in die geloofsgemeenskap aktief sal wees en wedersyds vir mekaar sal sorg. Pastorale sorg is nie net die pastor se taak nie. Wedersydse sorg is die taak van al die lede van die geloofsgemeenskap. Charles Gerkin (1997:127) stel dit soos volg:

> A primary function of the Christian community is that of creating and maintaining a climate of relationship within which all members of the community are understood and cared for. To experience such a community is to overcome the loneliness that pervades contemporary culture. By his or her manner of relating within the community, others are encouraged to create and participate in a community where everyone feels cared for and nourished. In addition, the pastor needs to recognize that she or he is not alone in providing pastoral care in the fellowship of the community. Guiding the process of care within the community should mean facilitating and empowering the members of the community in their capacity to care for one another. Organizing, offering training, and where appropriate, supervising laypeople in their activities of mutual care are significant aspects of pastoral care leadership.

Vir Charles Gerkin (1997:240) is alle menslike sorg, ook pastorale sorg, gegrond in die misterie van God se sorg. Pastorale sorg behels meer as die een-tot-een omgeeverhouding van die pastor en ’n individu. Dit behoort ’n netwerk van sorg te wees wat getuig van die versorgende taak van die kerk as lewende gemeenskap (kyk Park 2005:57).

Edward Wimberley (2003) wys daarop dat om bevry te word uit ’n negatiewe lewensverhaal ’n lang proses is. Dit word gefasiliteer deur die hervertel van die persoon se lewensverhaal. In die proses word pynlike gebeure in die verhaal geïdentifiseer. Die gespreksgenote ondersoek saam hoe hierdie gebeure die

pastorant se lewe beïnvloed het. Die doel is dat die pastorant uiteindelik die keuse maak om die goeie momente ’n meer beduidende rol in die lewensverhaal te gee as die pynlikes (Wimberley 2003:25). Om tot so ’n nuwe verhaal te kom, word die negatiewe aspekte herskryf tot iets wat positief en goed is. Vir hierdie proses het die persoon het ’n gespreksgenoot nodig. Edward Wimberley (2003:98) stel dit soos volg: ‘Change comes from participating in conversations with others and from examining how one has been recruited into stories that are not compatible with self.’ Ervarings wat mense beïnvloed het, bepaal hoe hulle hulleself sien. Die vertel van hierdie stories wat so ’n diep indruk gemaak het, kan die persoon bring tot ’n nuwe verhaal van hoop. In die pastorale gesprek kan die storie verander en hervertel word tot ’n verhaal wat hoop bring vir die toekoms.

In die bestaande literatuur is die fokus sterk op individuele narratiewe pastorale gesprekke. Die bydrae van hierdie studie is om die rol van groepe en groepsdinamiek in die proses van die vertel van mense se lewenstories te ondersoek en aan te dui hoe dit ten dienste van die onderlinge pastorale sorg, wat deel is van die roeping van die geloofsgemeenskap, aangewend kan word. Formele en informele groepe sal ondersoek vir hulle potensiaal om deur middel van onderlinge pastorale sorg binne ’n gemeentelike konteks, mense te begelei tot hoop.

## 1.4 Metodologie

Hierdie kwalitatiewe literatuurstudie het ten doel het om met behulp van insigte uit verskillende vakgebiede te ondersoek op watter wyse kleingroepe, sowel formeel as informeel, deur middel van die vertel van verhale (narratiewe) kan bydra tot die onderlinge pastorale sorg van gemeentelede. Die paradigma van hierdie studie is postmodern en die epistemologie is sosiaal-konstruksionisties. Die studie ondersoek die groepsinteraksie soos dit voorkom in formele en informele groepe om insig te verkry in hoe dit in ’n gemeentekonteks sou kon funksioneer. Die insigte word onder meer verkry uit die resultate van studies oor groepsdinamika vanuit die sosiale wetenskappe en sosiale psigologie.

Die studie is gesitueer in die veld van die Praktiese Teologie, daardie teologiese dissipline wat die geloofshandelinge van mense ondersoek. Jullian Müller (2013) beskryf die relasie met die sosiale wetenskappe en die funksie van Praktiese Teologie vir die kerkkonteks soos volg:

> Practical Theology needs to explore how the symbolic strength of Christianity for making sense of life and for successfully coping with life can take shape in the church. If viewed in this way, it is clearly inevitable that practical theology will lean on the social sciences for its description and understanding of human behaviour within the context of religion.

Die handelinge van gelowiges het ten doel om voor God en met ander in die geloofsgemeenskap en die breër gemeenskap saam te leef op so ’n manier dat ander gefasiliteer word om God te ontmoet. In die geloofsgemeenskap bestaan daar ’n verskeidenheid gawes (kyk 1 Kor 12:11) en elke lid van die liggaam van Christus het ’n unieke taak (1 Kor 12:7). Geloof is ’n leefwyse en nie net ’n saak van aanbidding op ’n Sondag nie (Heyns en Pieterse 1994:8,19). Hierdie studie fokus veral op geloofshandelinge binne kleingroepe in die gemeente. Dit ondersoek hoe interaksie binne kleingroepe kan bydra tot onderlinge pastorale sorg in die gemeente.

‘Onderlinge sorg’ is een van die grondslae van ’n geloofsgemeenskap (Gerkin 1997:90). Uit die perspektief van pastoraat as onderlinge sorg, benut hierdie studie om Charles Gerkin (1997:122) se pastoraatteorie. Sy drie perspektiewe van *’n gemeenskap van ondersoek*, *’n gemeenskap van onderlinge sorg* en *’n gemeenskap van gestuurdes* is vir die werk van kleingroepe en onderlinge sorg relevant.

Die studie maak verder gebruik van die insigte van die sosiale wetenskappe en sosiale psigologie oor groepsdinamika binne kleingroepe. Donald Forsyth (2019:18) beskryf groepsdinamika soos volg:

> The influential interpersonal processes that occur in and between groups over time. These processes not only determine how members relate to and engage with one another, but they also determine the group’s

> inherent nature and trajectory: the actions the group takes, how it responds to its environment, and what it achieves.

Die term ‘groepsdinamika’ verwys na hoe groepe funksioneer (Forsyth 2014:2) en is veral sentraal in studieveld wat fokus op groepsgedrag (Shaw 1961:129). In die samelewing vind daar gedurig groepsvorming plaas. Groepe kan formeel of informeel vorm. Dit geld ook vir ’n gemeentekonteks. Mense is individue wat persoonlike doelwitte wil bereik. Mense is ook deel van groepe. ’n Groep kan vir mense ’n veilige ruimte bied waar hulle beskerm en versorg word. Hoewel mense sekerlik alleen kan bestaan en oorleef, is die mens ’n sosiale wese. Die meeste mense kies nie isolasie nie, maar sosiale interaksie. Dit beteken dat die oorgrote meerderheid menslike aktiwiteite sosiale samesyn in groepe van die een of ander aard insluit. Voorbeelde hiervan word aangetref in die werksmilieeu, die opvoedkundige milieu en geloofsgemeenskappe (Forsyth 2014:2).

Binne ’n gemeente is daar *formele groepe* soos byvoorbeeld Bybelstudiegroepe, selgroepe, enkelouergroepe, groepe vir gemeentelede wat pas ouers geword het, groepe vir ouers met adolessentekinders, groepe vir jong volwassenes of jong getroudes, kategesegroepe, kinderkerk of kleutergroepe. Die eerste prioriteit is persone wat hulp nodig het. Ander redes vir die vorming van groepe in ’n gemeente kan ook insluit dat mense gestimuleer wil word tot geloofsgroei in die verskillende fases en omstandighede van hulle lewens (Wachol 2020:21). *Informele groepe* vorm wanneer mense begin gesels oor ’n koppie koffie na die erediens op ’n Sondag of by ’n basaar of ander informele byeenkomste waar hulle die geleentheid benut om mekaar beter te leer ken. Volgens Donald Forsyth (2019) bied die struktuur van ’n groep, met ander woorde hoe die groep hulleself organiseer, insig in hoe hulle as ’n groep funksioneer. Dit sluit in wie die lede is, wie in- of uitgesluit word, en hoe hulle onderlinge verhoudings en interaksie daar uitsien.

Aanvanklik kom ’n groep bymekaar omdat die persone ’n gemeenskaplike doel het. Namate daar vertrouensbande gesmee word, sal die lede dikwels ook iets van hulle persoonlike lewe en lewensverhaal met mekaar begin deel. Om die effek hiervan te ondersoek, bied narratiewe teorie ’n bruikbare lens. Die narratiewe benadering word in ’n verskeidenheid dissiplines benut en bly voortdurend ontwikkel. Ruard

Ganzevoort (2011:222) beskryf die ontwikkeling van die narratiewe benadering binne die Praktiese Teologie soos volg:

> Narrative research has high potential to uncover the processes of giving meaning to life experiences through life stories. Inasmuch as the researcher engages with the field, he or she becomes a player changing it and supporting some participants' narratives over against others.

Die narratiewe benadering is bruikbaar vir hierdie studie omdat narratiewe 'n belangrike rol speel met betrekking tot mense se verstaan van die werklikheid en die self. Deur middel van verhale ken mense betekenis toe aan hulle ervaring. In die vertel van die lewensverhaal, kom mense se selfkonsep aan die lig: die dinge wat hulle nie verstaan van hulleself nie, die kompleksiteite en teenstrydighede in hulle lewe. Die hoorder kan 'n inset lewer, die verteller uitdaag tot 'n ander perspektief, om mistastings reg te stel en leemtes te vul. Die verhaal wat vertel word, word teruggekaats in die vorm van vrae en antwoorde, liggaamstaal (en pogings om dit weg te steek), en betekenisvolle stilte (Mikkonen 2019:1, 9, 16). Die studie ondersoek hoe die informele groepe se narratiewe mekaar inspireer of beïnvloed om die eie verhaal te herskryf.

'n Formele ondersteuningsgroep word deur die pastor of 'n leier gefasiliteer. Die narratiewe pastorale model van Julian Müller kan benut word deur die groepsleier om die lede van die groep te fasiliteer om hulle verhale so uitvoerig moontlik te vertel. Julian Müller (2000:70) beskryf hierdie pastorale gesprekke as 'n 'reis-geselskap'. Hierdie verhale wat mense hervertel is die verledeverhaal. Die vertel en hervertel van die probleemverhaal gebeur nie noodwendig net in 'n pastorale gesprek met 'n professionele pastor nie. Die proses van hervertel vind soms natuurlik plaas sonder dat 'n opgeleide pastor of terapeut deel hoef uit te maak van die reisgeselskap. Dit kan ook in informele groepsverband gebeur. Tydens die hervertel van die verhaal kan die verteller die gevoel van omgee beleef by die persoon of persone wat deel vorm van die gesprek. Die hervertel van die verhaal kan nuwe hoop vir die toekoms bring. Dus in die vertel daarvan word die toekomsverhaal ontdek. Hierdie herinterpretasie word 'n uitnodiging om 'n meer positiewe toekomsverhaal te konstruktureër (Müller 2000:70-73). *Storyworld*

*Possible Selves* (SPS), die narratologiese model van Maria Martinez (2018) word benut om die betrokkenheid van mense by ander se verhale binne 'n informele groep te ondersoek. Die model bied insig in die kompleksiteit daarvan om betrokke te raak by 'n ander se verhaal. *Storyworld Possible Selves* het te make met die voorstelling van die *self* wat die leser of hoorder konstrueer na aanleiding van hulle interaksie met die narratief (Maritnez 2018:255).

Hierdie literatuurstudie het ten doel om die moontlikhede en rol van groepe as reis-geselskap vir persone wat nood ervaar, te ondersoek. Die vraag is of en hoe informele groepe waar lede hulle verhale met mekaar deel, effektiewe onderlinge pastorale sorg kan verleen.

## 1.5 Program van ondersoek

Hoofstuk Twee bespreek groepvorming en groepsdinamika met insigte vanuit die sosiale wetenskappe en sosiale psigologie. Die insigte word toegepas op kleingroepe binne 'n gemeentelike konteks.

Hoofstuk Drie bied 'n teoretiese raamwerk vir die narratiewe benadering in die pastoraat. Die benadering word gewoonlik toegepas op die een-tot-een pastorale beradingsgesprek tussen die pastor en pastorant. In hierdie studie word die benadering breër aangewend. Die uitgangspunte van die narratiewe pastoraat word toegepas op die onderlinge sorg van gelowiges binne 'n geloofsgemeenskap. Die uitwerking van individue se verhale op die mense in die groep word ondersoek.

Hoofstuk Vier benut Charles Gerkin se gemeenskapsmodel vir pastorale sorg om die invloed van kleingroepe en die effek van die dinamiek van verhoudings in hierdie groepe op mense wie se lewenstorie 'n probleemverhaal geword het, te verduidelik. Die doel is om vas te stel hoe onderlinge sorg effektief deur die vertel van narratiewe in kleingroepe binne die geloofsgemeenskap verleen kan word.

Hoofstuk Vyf bied die bevindings van die ondersoek

# HOOFSTUK 2

# GROEPVORMING EN GROEPSDINAMIKA

## 2.1 Groepe

Hoewel Westerse samelewings gekenmerk word deur individualisme, is daar ’n toenemende bewussyn aan die ontwikkel dat die ervaring van *gemeenskap* nodig is vir die groei en versorging van mense en samelewings. Die ervaring van gemeenskap en versorging in kerke is soms ontoereikend. Een rede kan die grootte van die gemeente wees. In groot gemeentes kan kleingroepe bydra om ’n gevoel van deelname, gemeenskap en versorging te bewerkstellig. Voordat hierdie studie die bydrae wat groepe kan maak in die versorging van mense en hulle ervaring van gemeenskap kan ondersoek, is dit nodig om eers oor groepdinamika te reflekteer.

## 2.2 Kenmerke van groepe

Groepe verander oor tyd heen. Daar is verskillende oorsake vir die verandering. Nuwe lede kom by terwyl ander die groep verlaat. Die norme en rolle in die groep verander, asook die take wat die groep vir hulleself stel (Forsyth 1998:211). Individue funksioneer onafhanklik en streef hulle eie persoonlike doelwitte na. Tog vorm hulle ook deel van groepe wat hulle tegelykertyd beperk – hulle kan nie alles net op hulle eie manier doen nie – begelei en ondersteun. Die getal mense waaruit ’n groep bestaan, kan groter of kleiner wees. Die groep kan ’n verskeidenheid vorme aanneem. Verskillende groepe het verskillende doelwitte en funksioneer op verskillende maniere. Die groep kan ’n beduidende invloed op die lede uitoefen. Daarom is dit nodig om die werking en dinamiek van groepe beter te verstaan. Benewens kennis van die kenmerke van groepe is ook insig in die psigologiese en interpersoonlike prosesse wat voortdurend betrokke is by groepvorming, nodig. Met ’n dieper verstaan van hierdie faktore kan mense die vaardighede ontwikkel om groepe te fasiliteer om effektief te funksioneer (Forsyth 2019:1-2).

Groepe bestaan uit individue wat bymekaarkom om ’n gemeenskaplike doel te bereik. Die sosiale wetenskappe identifiseer verskillende aspekte as die hoofkenmerke van ’n groep en fokus meestal op die studie van die gedrag binne die groep. Kriteria vir die ondersoek sluit dan sake in wat die navorsers spesifiek interesseer ten opsigte van die spesifieke groep en die verhoudings in die groep. Die resultate lei dan tot uiteenlopende of selfs kontrasterende definisies van wat ’n groep behels. Dorwin Cartwright en Alvin Zander (1968:46) beskou dit as ’n ruim verstaan van groepe en die verskillende aspekte wat ter sake is in groepsvorming en -dinamika. Die studie neem hierdie ruimte verstaan van groepe as uitgangspunt en sal die verskillende definisies van en perspektiewe op wat ’n groep behels, ondersoek.

*Interafhanklikheid* is vroeg reeds geïdentifiseer as een van die hoofkenmerke van groepe. Hiervolgens kan ’n groep gesien word as ’n aantal individue wat op die een of ander manier interafhanklik funksioneer. ’n Groep word net as ’n groep beskou indien gebeure wat ’n effek op een persoon het, ’n effek op almal het. Voorstanders van hierdie siening sluit in Kurt Lewin (1951), Dorwin Cartwright en Alvin Zander (1968). Die definisie van ’n groep as ’n individue wat in verhouding van interafhanklikheid funksioneer is dus ’n sosiale aangeleentheid (Cartwright en Zander 1968:46). Die aard en graad van interafhanklikheid verskil van groep tot groep.

*Groepsdinamika* is volgens Kurt Lewin (1951) wat algemeen beskou word as die vader van die sosiale psigologie, die manier waarop groepe en individue optree en hoe hulle reageer op veranderende omstandighede. Interafhanklikheid is ter sake wanneer ’n groep as geheel waargeneem word, want die eienskappe van ’n groep kan nie bepaal word deur die eienskappe van individuele lede te ondersoek nie (Lewin 1951:146). Lewin, as leier op die gebied van groepsdinamiek, was direkteur van die Sentrum vir Groep Dinamika by Massachusetts Institute of Technology. Sy bydrae tot die studieveld van groepsdinamika was drieledig: teorie-ontwikkeling, eksperimentele metodologie en die toepassing van teorie op die sosiale praktyk. Hy het empiries-gebaseerde teorieë van menslike gedrag te ontwikkel. Soos mense beweeg deur hulle lewe word hulle deur verskillende kragte beïnvloed. Die kragte wat uitgaan van die groepe waarby hulle betrokke is, vorm van die sterkste en mees

bepalende invloede in hulle lewe. Hoewel Lewin nie die veld groepdinamika geskep het nie, was sy nalatenskap op die gebied beduidend (kyk Johnson en Johnson 2003:40-42). Verdere ondersoeke het vrugbaar gebruik gemaak van sy teorieë van groepsdinamika.

*Interpersoonlike interaksie* word in die sosiale wetenskappe algemeen beskou as die hoofkenmerk van ’n groep. ’n Groep is net ’n groep indien die lede interaksie met mekaar het. Voorstaanders van hierdie siening sluit in Hubert Bonner (1959), Ralph Stogdill (1959) en Alexander Hare (1976).

Volgens Hubert Bonner (1959:4) kan mense as ’n groep beskou word wanneer hulle bewus is van mekaar en daar die een of ander belangrike onderlinge verwantskap tussen hulle is. ’n Versameling individue is nie ’n groep nie. ’n Versameling individue is ’n groepering, ’n populasie, of ’n klas. Daar is gemeenskaplike kenmerke wat maak dat hulle tot ’n groepering behoort, maar hulle het nie ’n verhouding of interaksie met mekaar nie. ’n Groep, aan die ander kant, is ’n versameling mense wat interaksie het met mekaar.

Volgens Hubert Bonner (1959:4) is ’n groep nie net in interaksie met mekaar nie, maar ’n groep is ook dinamies. Die verhouding tussen die lede verander voortdurend. Die lede pas by die verandering aan. Redes vir die verandering is die volgende. Eerstens is dit ’n eienskap van individue wat in interaksie is met mekaar dat daar ’n konstante spanning tussen aantrek en wegstoot sal wees. Daar word voortdurend oplossings vir die spanning gesoek met die doel om die ewewig te herstel. Tweedens vind verandering plaas wanneer die lede van die groep verander. Die teenwoordigheid of afwesigheid van lede, die bekendstelling van nuwe lede, verandering in leierskap, is almal faktore wat die samestelling en die pas van verandering in die dinamiek van die groep beïnvloed. Derdens hou verandering in die groep verband met die tipe organisasie van die groep. Hoe minder georganiseerd dit is, hoe laer sal die vlakke van belangstelling, interaksie, deelname, interafhanklikheid en positiewe moraal in die groep waarskynlik wees (Bonner 1959:5). Vir Ralph Stogdill (1959:4) is ’n groep ’n oop interaksiesisteem. Die optrede van die persone bepaal die struktuur en identiteit van die sisteem. Ook Alexander Hare (1976:227) beklemtoon dat interaksie ’n wesenskenmerk van groepe is.

*Lidmaatskap* is ’n verdere kenmerk van ’n groep. Voorstanders van hierdie siening, soos Michael Smith (1945) en Robert Bales (1950), verduidelik ’n groep bestaan waar twee of meer persone hulleself beskou as lede van die groep. Volgens Michael Smith (1945:227) is ’n sosiale groep ’n eenheid wat bestaan uit ’n aantal aparte organismes wat hulleself sien as ’n kollektiewe eenheid wat kan optree as ’n eenheid in en teenoor hulle omgewing. Robert Bales (1950:33) beskryf ’n kleingroep as ’n aantal persone wat van aangesig tot aangesig in interaksie met mekaar verkeer in ’n enkele of meerdere ontmoetings. In die ontmoeting(s) vorm elke lid ’n indruk van die ander lede. Dit stel die persoon in staat om op die ander individue te kan reageer, al is dit net om te onthou dat die ander persoon teenwoordig was. Volgens hierdie definisie sal ’n groep mense wat nog nooit met mekaar interaksie gehad nie, nie bekend staan as ’n kleingroep nie. ’n Voorbeeld hiervan is ’n groep mense wat saam na ’n lesing geluister het, maar verder geen interaksie met mekaar gehad het nie. Hulle sal nie werklik ’n duidelike indruk van mekaar kry nie. Hulle sal dus nie ’n groep vorm nie.

*Gestruktureerde verhoudings* is vir sommige akademici die hoofkenmerk van ’n groep. Die uitgangspunt is dat die interaksie tussen individue in ’n groep gestruktureer word deur middel van gedeelde norme en spesifieke rolle. Voorstanders van hierdie siening sluit in Muzafer Sherif en Carolyn Sherif (1956). Vir Muzafer Sherif en Carolyn Sherif (1956:131) is ’n groep ’n sosiale eenheid wat bestaan uit ’n aantal individue wat in (min of meer) bepaalde status- en rolverhoudings met mekaar staan. Die groep het ’n stel waardes en normes wat die gedrag van die individuele lede reguleer, ten minste oor sake wat gevolge het vir die groep of ’n invloed op die groep het. Volgens Muzafer Sherif en Carolyn Sherif (1956:135) vorm ’n groep wanneer die volgende vier sake teenwoordig is:

- gedeelde motivering tot herhaalde interaksie oor ’n tydperk;
- ’n struktuur met gedifferensieerde rolle en statusse wat die groep onderskei van nie-lede;
- ’n stel waardes, normes, reëls en standaarde vir gedrag;
- min of meer konsekwente groei van die houding en gedrag van individuele lede wat deur die groepseienskappe geproduseer word.

*Wedersydse beïnvloeding* as die hoofkenmerk van ’n groep, sou beteken dat ’n versameling individue nie beskou word as ’n groep nie tensy hulle mekaar beïnvloed en beïnvloed word deur mekaar nie. ’n Voorstander van hierdie siening is Marvin Shaw (1976) wat ’n groep definieer as twee of meer persone wie se interaksie met mekaar van so ’n aard is dat hulle mekaar wedersyds beïnvloed. ’n Kleingroep is ’n groep met twintig of minder lede. Marvin Shaw (1976:8) se definisie impliseer dus dat ’n groep slegs as ’n groep beskou kan word as daar wedersydse interaksie en wedersydse beïnvloeding plaasvind.

*Motivering* as die hoofkenmerk van ’n groep gaan van die vertrekpunt uit dat ’n groep ’n versameling individue is wat saam is om die een of ander persoonlike behoefte te bevredig. Hulle is dus ’n groep as hulle ’n persoonlike rede het om deel te wees van die groep. Dit gaan oor die bevrediging van ’n persoonlike behoefte of om erkenning van die een of ander aard te kry. Voorstanders van hierdie benadering is onder andere Raymond Cattell (1951) en Bernard Bass (1960). Raymond Cattell (1951:167) beskryf ’n groep as ’n versameling organismes waar almal se teenwoordigheid noodsaaklik is om aan die individuele behoeftes van elke lid te kan voldoen. Vir Bernard Bass (1961:39) is ’n groep ’n versameling individue vir wie die groep as geheel op die een of ander manier vir die individue voordelig is. David Johnson en Frank Johnson (2003:19) kombineer van die kenmerke en beskryf ’n groep soos volg:

> A small group is two or more individuals in face-to-face interaction, each aware of positive interdependance as they strive to achieve mutual goals, each aware of his or her membership in the group, and each aware of the others who belong to the group. Though there may be some groups that do not fully fit this definition, the most commonly recognized examples of groups do.

Hierdie studie sluit aan by die beskrywing van David Johnson en Frank Johnson omdat dit verskeie aspekte van groepvorming insluit.

## 2.3 Tipes groepe

Tipes groepe kan soos volg geklassifiseer word: primêre groepe, sosiale groepe, kollektiewe groepe en kategorie-groepe (Forsyth 2019:13). Hierdie tipe-klassifikasie kan benut word vir die verstaan van verskillende tipes groepe in die gemeentekonteks. ’n *Primêre groep* is ’n langtermyn groep wat gereelde kontak het, soos byvoorbeeld ’n gesin, familie of vriendekring. In vroeë eras het mense hulle lewe grotendeels in primêre groepe deurgebring. Soos die samelewing meer kompleks geword het, het die groepe verander. Mense het begin assosieer met ’n wyer groep mense in meer openbare plekke. So het sosiale groepe ontstaan. ’n *Sosiale groep* is ’n relatief klein groep wat oor ’n lang tydperk interaksie het met mekaar. ’n Voorbeeld hiervan is werkgroepe, klubs en geloofsgemeenskappe. *Kollektiewe groepe* is ’n relatief groot groep individue wie se handelinge en vooruitsigte ooreenkomste toon. ’n Voorbeeld hiervan is mense op straat of mense wat iewers toustaan. *Katogerie-groepe* bestaan uit mense wat iets gemeen het, soos byvoorbeeld dat hulle bewoners van Afrika is.

Primêre en sosiale groepe het ’n aansienlike invloed op mense se identiteit (Forsyth 2019:5-7,13). Hierdie groepe kan formeel of informeel tot stand kom. Formele groepe kom tot stand omdat vanweë ’n spesifieke rede en met ’n spesifieke doel. Informele groepe vorm spontaan sonder ’n vooropgestelde doel of rede (Bussman en Schweighofer 2014:30-33). In hierdie studie verwys ‘formele groepe’ spesifiek na groepe in die gemeente wat *deur die pastor begelei* en versorg word. Betrokkenheid by ’n ondersteuningsgroep kan op die manier bydra tot mense se spirituele welsyn (Johnson en Johnson 2003:8). ‘Informele groepe’ verwys na groepe wat *spontaan* ontstaan en geen spesifieke leier of fasiliteerder het nie. Sulke groepe bied wedersydse sorg aan mekaar.

Mense bly lid van ’n groep indien die groep vir hulle ’n bepaalde doel dien. Die doel moet positief genoeg wees dat mense bereid is om die noodwendige beperking op hulle individualiteit wat lidmaatskap van ’n groep inhou, te aanvaar. Dit is mense se behoeftes en begeertes wat hulle motiveer om lid te word en lid te bly van ’n groep (Mabry en Barnes 1980:4). ’n Groep waar mense deur mekaar beïnvloed word, staan bekend as ’n *interaksiegroep*. Dit word onderskei van ’n *samewerkinggroep* waar al die lede deelneem aan en betrokke is by die taak. Daar is geen direkte

interafhanklikheid tussen die lede nie (McGrath 1978:651). As die lede van die groepe in die gemeente in positiewe interaksie met mekaar omgaan én saamwerk om ’n doel te bereik, sal hulle moontlik effektief wedersydse sorg kan verleen aan mekaar en samehorigheid beleef.

## 2.4 Die ontwikkeling van ’n groep

Die meeste groepe het óf ’n professionele óf ’n sosiale rede om te bestaan. Hoewel die uitkoms verskil, het professionele en sosiale groepe albei doelwitte wat hulle wil bereik (Mabry en Barnes 1980:3). ’n Ander rede waarom ’n groep vir mense voordele kan inhou, word verduidelik in die sosiale identiteitsteorie van Henri Tajfel (1981:255). Dit is naamlik dat ’n deel van ’n individu se self-konsep gevorm word deur die persoon se assosiasie met ’n sosiale groep of groepe. Om deel te wees van die groep het ’n spesifieke waarde en emosionele betekenis vir die persoon. Om deel te wees van ’n groep kan dus die doel dien om ’n sterk self-konsep te vestig en te handhaaf. In die opsig kies mense om tot ’n groep te behoort omdat dit hulle positief laat voel oor hulleself. Die gevolge hiervan word soos volg deur Henri Tajfel (1981:256) beskryf:

- ’n Persoon sal lid van ’n groep bly of lidmaatskap in nuwe groepe soek indien die groep of groepe ’n positiewe bydrae lewer tot die persoon se sosiale identiteit.
- As ’n groep nie positief bydra tot ’n persoon se sosiale identiteit nie, sal die persoon die groep verlaat, tensy dit óf om die een of ander rede onmoontlik is om die groep te verlaat óf dit sou bots met belangrike waardes wat deel uitmaak van die persoon se selfkonsep, om die groep te verlaat.
- Indien die persoon die groep nie kan verlaat nie, maar om welke rede dan ook verplig is om te bly, is daar een van twee oplossings. Die een moontlikheid is om die negatiewe kenmerke van die groep te herinterpreteer deur dit óf te regverdig óf so te interpreteer dat dit aanvaarbaar word. Die ander moontlikheid is om die situasie te aanvaar en te probeer om deur sosiale interaksie die gewenste verandering in die situasie teweeg te bring.

- Geen groep bestaan in isolasie nie. Dit bestaan te midde van ander groepe in die gemeenskap en samelewing. Die positiewe aspek van individue se sosiale identiteit en hulle herinterpretasie van die eienskappe van hulle groep, asook hulle betrokkenheid by sosiale aksie, verkry slegs betekenis in verhouding tot, of in vergelyking met, ander groepe.

Die *selfkategoriseringsteorie* hou hiermee verband. ’n Individu se sosiale identiteit het te make met sosiale kategorisering (Tajfel 1981:258). Die tipe groep waaraan mense behoort, beïnvloed hulle identiteit. Die tipe van die groep moet duidelik onderskei kan word van ander tipes groepe. Selfkategorisering het te doen met die proses van groepvorming op grond van die individue se enerse sienings oor optrede, bedoelings en hulle geloofsisteem (Tajfel 1981:254). Volgens beide die sosiale identiteitsteorie en die selfkategoriseringsteorie is ’n groot voordeel van om deel te wees van ’n groep dat mense duidelikheid kry oor wie hulle is en wat hulle glo, wie hulle vriende is en wie hulle vyande is (Baron en Kerr 2003:3).

Groepe gaan deur verskillende fases. Die beweging is nie liniêr nie en elke groep gaan nie noodwendig deur elke fase nie. Die teorie bied slegs ’n riglyn vir die verstaan van die ontwikkeling van groepe. Vir Bruce Tuckman en Mary Ann Jensen (1977) is die beginfase van groepontwikkeling die stadium wanneer groepslede se hooffokus die aanvaarding van ander en om meer te leer oor die groep en die groep se omstandighede is. Die fases van groepsontwikkeling kan soos volg onderskei word (Baron en Kerr 2003:17):

- **Groepsinteraksie**

In die vroeë stadium van groepvorming is lede gefokus op aanvaarding en wil meer leer oor die groep en die omstandighede.

- **Struweling in die groep**

Soos die groep groei en lede begin veilig voel, volg daar soms ’n fase van konflik. Lewe verskil van mekaar en konfronteer mekaar. Die konflik gaan dikwels om mag.

- **Konsensus word bereik**

Wanneer die konflik tot ’n einde kom, bereik die groep konsensus oor die rolle, status en prosedures binne die groep. ’n Kompromie word bereik en die samehorigheid in die groep verhoog.

- **Die taak word uitgevoer**

Die groep kan nou saamwerk om hulle doelwitte effektief te bereik.

- **Die groep ontbind**

Die groep ontbind wanneer die doelwitte bereik is of daar van die doelwitte afgesien word.

Die lede van ’n groep bly individueel ontwikkel in hulle eie persoon. Hulle is afhanklik van en het verwagtinge oor hoe die ander lede gaan optree (McGrath 1978:647). Die ontwikkeling van die lede vind deurlopend plaas dwarsdeur die verskillende fases waardeur die groep gaan. ’n Groep wat nie ontwikkel nie sal hoogswaarskynlik doodloop. Dit bied dan geen persoonlike groeimoontlikhede aan die lede nie.

## 2.5 Groepsdinamiek en kommunikasie

Die term ‘groepsdinamika’ is deur die sosiale psigoloog, Kurt Lewin (1890-1947), geskep. Die term verwys na  die positiewe en negatiewe kragte binne groepe (Dion 2000:8). Donald Forsyth (2019:18) beskryf groepsdinamiek as die interpersoonlike prosesse wat met verloop van tyd in en tussen groepe ontstaan. Hierdie prosesse bepaal nie net hoe lede met mekaar omgaan nie. Dit bepaal ook die groep se inherente aard, wat die groep wil bereik, asook die groep se optrede en reaksie op die omgewing. Groepsdinamika word algemeen beskryf as ’n sisteem van gedrag en psigologiese prosesse wat binne ’n sosiale groep (intragroepdinamika) of tussen sosiale groepe (intergroepdinamika) voorkom (Banja 2017:29).

Joseph McGrath (1978) wys uit dat individue nie net beïnvloed word deur die gedrag van ander nie, maar ook deur hulle blote teenwoordigheid. Die ervaring van die teenwoordigheid van ander kan emosionele ondersteuning wees vir ’n persoon wat in nood verkeer (kyk McGrath 1978:651-674). Groepe bied die ruimte vir mense om nuwe sosiale vaardighede aan te leer en te oefen. Hulle kan ook nuwe dinge omtrent hulleself ontdek (Forsyth 2019:541).

Mense vind aanklank by ander wat soos hulle dink en dieselfde siening as hulle het ten opsigte van take. Wanneer lede by mekaar aanklank vind, lei dit tot verhoogde

kommunikasie (McGrath en Altman 1980:61). Kommunikasie is die hoofbestandeel van sosiale verhoudings en sosiale identiteit (Mabry en Barnes 1980:5, 17). Deur kommunikasie word ’n verstandhouding binne die groep gevestig. ’n Vertrouensverhouding word opgebou. In kommunikasie kan lede argumente voer, saamstem en verskil. Daardeur word hulle toewyding aan die doelwitte van die groep versterk en hulle effektiwiteit verhoog (Johnson en Johnson 2003:137). Effektiewe kommunikasie kan mense nader aan mekaar bring en verskille oorkom.

Kommunikasie is ’n intensionele proses of handeling tussen mense. Dit is die intensie van die een party, die ‘sender’ om ’n boodskap oor te dra aan die ander, die ‘ontvanger’ (Marais 1979:14-15). Beide partye is betrokke by die intensionele kommunikasie. Die sender word by geleentheid die ontvanger en die ontvanger die sender. Kommunikasie bestaan uit baie meer as net woorde. Optrede en gedrag hou ook ’n bepaalde boodskap in en is daarom ook ’n vorm van kommunikasie (Johnson en Johnson 2003:137). Die sewe elemente in die kommunikasieproses is die volgende:


- die sender;
- die ontvanger;
- die boodskap;
- die kode;
- die medium;
- die terugvoer;
- die konteks.

Die *sender* is die een wat die boodskap meedeel en verantwoordelik is vir die formulering daarvan. Die *ontvanger* is die een vir wie die boodskap bestem is, die een wat die boodskap aanhoor. Die *boodskap* is wat meegedeel word. Die *kode* is die tekens deur middel waarvan die boodskap meegedeel word. Dit kan bestaan uit verbale tekens soos woorde en nie-verbale tekens soos liggaamstaal en gesigsuitdrukking. Sulke automatiese gedrag stuur ook ’n boodskap na die ontvanger. Die *medium* is die draer van die boodskap tussen sender en ontvanger, soos deur beide waargeneem. Die voorsetsels *in, deur en oor* bepaal die medium en as sodanig vorm die medium die verbinding tussen die sender en ontvanger. Die

*terugvoer* is die reaksie van die ontvanger wat dikwels gelyktydig plaasvind met die oordra van die boodskap. Die reaksie op die boodskap kan ook verbaal of nie-verbaal gekommunikeer word. Die *konteks* is die agtergrond waarteen die boodskap oorgedra word.

Hierdie sewe elemente is in alle vorme van kommunikasie teenwoordig, of dit interpersoonlike, groeps- of massakommunikasie is (Marais 1979:18-19). Dit gebeur alles gelyktydig in groepskommunikasie. Effektiewe kommunikasie is wanneer die ontvanger die boodskap akkuraat interpreteer, getrou aan die intensie waarmee dit oorgedra is en hoe die sender dit bedoel het (Johnson en Johnson 2003:138).

Binne ’n groep is daar verskillende kommunikasienetwerke. Tipes netwerke word deur vervolgens skematies voorgestel en verduidelik (Baron en Kerr 2003:10-11):




Skematiese voorstellings van kommunkasienetwerke binne ’n groep.

Figuur A – Alle boodskappe gaan deur ’n sentrale persoon. Daar kan slegs deur hierdie persoon met ander gepraat word.

Figuur B – Individue kan net kommunikeer met persone direk langs hulle.

Figuur C – Kommunikasie is ’n kombinasie van A en B.

Figuur D – Kommunikasie is heeltemal gedesentraliseer.

Figuur E – Kommunikasie is hiërargies. Hoe laer ’n persoon se status, hoe minder kommunikasie opsies sal die persoon hê.

Die sentrale persoon in die kommunikasiesisteem word gesien as die leier.

Figuur A toon ’n kommunikasienetwerk tipies van formele groepe, ook in ’n gemeente. Die kommunikasie gaan deur ’n sentrale persoon of leier. Dit kan afgewissel word met die netwerk in Figuur C. Dit is ’n kombinasie van kommunikasie deur die sentrale persoon wat die leiding gee en kommunikasie met die persoon langsaan. In formele groepe sal die pastor as begeleier die sentrale persoon wees in die kommunikasienetwerk.

Figuur D toon ’n kommunikasienetwerk tipies van informele groepe, ook in ’n gemeente. Dit is gedesentraliseerde kommunikasie. Aangesien daar geen leier is in hierdie groepe nie, kommunikeer mense direk met mekaar en ondersteun mekaar direk.

## 2.6 Effektiewe groepe met samehorigheid

Groepe met goeie interpersoonlike terugvoer van die lede onderling en verhoudings gekenmerk deur goeie samewerking, is meer effektief as ander (Forsyth 2019:538). Effektiwiteit hou die lede bymekaar. Wanneer groepe nie meer effektief is nie, raak lede dikwels verdeeld en kan die groep ontbind (Bussman en Schweighofer 2014:27). Die doel in ’n gemeentelike opset sal wees om aan die regte aspekte aandag te gee sodat mense sal wil deel wees van die groep. Om effektiewe groepsfunskionering te bevorder, is ’n verstaan van wat ’n effektiewe groep behels en sosiale vaardighede nodig (Johnson en Johnson 2003:8). Ter wille van die effektiewe funksionering van groepe is die volgende nodig: dat die groep se doelwitte bereik word, goeie verhoudings tussen die lede gehandhaaf word en die groep instaat is om aan te pas by veranderende omstandighede. Hiervoor bied David Johnson en Frank Johnson (2003:11-14) sewe riglyne:

Riglyn 1 – Stel duidelike doelwitte. Dit skep positiewe interafhanklikheid en stimuleer ’n hoë vlak van toewyding onder die lede.

Riglyn 2 – Fasiliteer effektiewe twee-rigting kommunikasie waarin lede hulle idees en gevoelens akuraat en duidelik kommunikeer.

Riglyn 3 – Leierskap en deelname word versprei oor al die groepslede. Almal is mede-verantwoordelik vir leierskap.

Riglyn 4 – Mag word versprei oor al die groepslede. Die mag wat aan lede toegeken word, hou verband met hulle vaardighede, ervaring, vermoëns, toegang tot inligting eerder as met hulle gesag of persoonlikheidseienskappe.

Riglyn 5 – Besluitsnemingsprosedures word aangepas by die situasie.

Riglyn 6 – Verskille en uitdagings aan lede se aannames bevorder die groep se kreatiewe denke.

Riglyn 7 - Konflik word op ’n konstruktiewe wyse opgelos.

Effektiewe groepe kan meer saam bereik as enkelinge op hulle eie. Dit kan ’n gevoel van gemeenskap, gemeensaamheid en samehorigheid onder die lede bewerkstellig. Alvin Zander (1994:2-3) identifiseer drie voorwaardes vir samehorigheid in ’n groep, naamlik *samehorigheid*, *homogeniteit* en die *eiesoortigheid* van die groep. Een manier om samehorigheid in ’n groep te bewerkstellig is fisieke nabyheid. As mense bymekaar sit, voel hulle makliker deel van die groep. ’n Gevoel van samehorigheid kan ook geskep word deur byeenkomste, soos byvoorbeeld partytjies en verjaarsdagvierings. In die kerk kan gereelde byeenkomste mense laat deel voel van die groep. Die sakramente wat deel uit maak van die erediens is ook ’n manier om mense te laat deel voel van die geloofsgemeenskap. Dit is belangrik dat individue sal deel voel van die groep. As ’n individu gereeld met dieselfde mense omgaan, sal die individu gemaklik kan raak met daardie groep mense. Wanneer daar nie gereelde kontak is nie, kan mense vir mekaar vreemd bly of van mekaar vervreem raak.

*Homogeniteit* is wanneer mense heelwat in gemeen het. Hulle kan byvoorbeeld soortgelyke doelwitte, ’n enerse agtergrond, soortgelyke ondervinding of ’n enerse temperament hê. Dan vind groepvorming gemakliker plaas. As die groep ’n eie karakter het, voel individue wat daarby aanklank vind makliker deel daarvan. Hierdie eiesoortige karakter van die groep word gevorm wanneer die hoofrede vir die bestaan van die groep verskil van ander. ’n Naam kan die eiesoortigheid aandui. Lede kan die groep ervaar as besonder waardevol in vergelyking met ander groepe (Zander 1994:3-4). Kerke kan hierdie gevoel van eiesoortigheid in die verskillende gemeentegroepe bereik deur ’n spesifieke en eiesoortige terrein aan die groep toe te ken, soos byvoorbeeld: ’n enkelouersgroep.

In ’n effektiewe groepe kan individue ’n gevoel van samehorigheid ervaar. In die psigologie en sosiale wetenskappe word die term ‘samehorigheid’ beskryf as die proses wat lede van ’n kleingroep bymekaar hou en saambind. As daar geen samehorigheid is nie, sal die groep disintegreer. In hegte groepe sal daar minder onderlinge konflik wees. Om deel te wees van ’n samehorige groep is vir lede ’n positiewe ervaring en hulle bly graag deel van die groep (Forsyth 2019:14). Soos die samehorigheidsgevoel toeneem binne die groep sal die lede makliker praat, fyner luister, mekaar steeds meer beïnvloed, meer gereeld vrywillig bydra en meer aan groep se standaarde wil voldoen. ’n Lid van ’n groep sal ook eerder in die groep bly as die groep aan ’n spesifieke behoefte van die persoon voldoen (Zander 1994:5-7).

Hoër vlakke van samehorigheid sal beter kommunikasie onder groepslede tot gevolg hê (Dion 2000:10). Een manier om samehorigheid te bevorder, is om aan die lede se behoeftes te voldoen. ’n Ander manier waarop lede nou betrokke voel by ’n groep is wanneer dit opoffering verg van hulle om deel van die groep te bly. ’n Lid wat gevra word om iets van waarde prys te gee vir die groep, voel nouer verbonde aan die groep. Mense bly ook in groepe omdat hulle meen dat die groep hulle beskerm teen die buitewêreld en teen verkeerde keuses wat slegte gevolge vir hulle kan hê (Zander 1994:5-7). Binne kleingroepe in die gemeente kan lede moontlik hulle lewenstyl verander om deel te wees van ’n Christelike geloofsgemeenskap. In kleingroepe in die gemeente kan mede-gelowiges mekaar ondersteun in hulle poging om ’n opregte geloofslewe te lei.

## 2.7 Kleingroepe in die gemeente

Christen-gelowiges streef daarna om ’n dieper verhouding met God te ontwikkel en te groei in hulle identiteit as Christen. Hulle wil bly verdiep in hulle verstaan van God en hoe om hulle Christenskap uit te leef. Lede van die kerk het ’n behoefte aan religieuse en spirituele ervaring (Forsyth 2014:8). Coenie Burger (2009:19) beklemtoon die belang van gemeenskap en gemeensaamheid in die proses van geloofsgroei soos volg:

> Van die eerste boek van die Bybel tot die laaste word vir ons gesê dat ons ons verhouding met God nie kan losmaak van ons verhouding met ander nie. Terwyl die Bybel weet van persone, en die belangrikheid van persoonlike geloof en ’n persoonlike verhouding met die Here voortdurend beklemtoon, weet die Bybel nie van iets soos individue wat op hulle eie kan leef nie.

Kleingroepe in die gemeente kan ’n bydrae lewer tot hierdie soeke na ’n dieper verhouding met God en die uitleef van Christenskap in die wêreld. Mense het nodig om betrokke te wees by ’n sinvolle en stabiele gemeenskap (Frazee 2001:33). Kleingroepe kan mense aantrek, laat deel voel en behoue laat bly vir die gemeente. Mense wat nie gelowig grootgeword het nie kan in die geloofsgemeenskap ’n veilige ruimte vind om te toets wat ’n lewe volgens die evangelie behels. Kleingroepe kan vir ongelowiges sowel as gelowiges wat hulle vervreemd voel van die groter geloofsgemeenskap, ’n ruimte bied waarin hulle geloof kan vestig en groei.

Mense se gevoel van eiewaarde hou verband met die groepe waarmee hulle identifiseer. Groepe kan daartoe bydra dat lede ’n positiewe beeld van die self vestig en in stand hou (Baron en Kerr 2003:3). In kleingroepe kan mense leer om verhoudings te bou. Kleingroepe kan ook ’n positiewe uitwerking hê op die wyse waarop lede verhoudings buite die gemeente aangaan.

Lede van ’n soortgelyke sosiale kategorie vorm dikwels ’n gemeenskaplike identiteit (kyk Tajfel 1974; vlg Forsyth 2019:7). Sosiale identiteit is ’n individu se gevoel oor die self in verhouding met ander en as lid van ’n groep. Dit gaan oor daardie aspekte van die self wat soortgelyk is aan die van die lede van die groep of sosiale kategorie (Forsyth 2019:7). Wanneer mense voel dat hulle wedersyds sosiale ondersteuning

ontvang en gee in die groep, bevorder dit hulle welstand. Hierdie positiewe invloed van die groep op individue se welstand word uitgeoefen in ’n noue verhouding met die ander groepslede (Häusser, Junker en Van Dick 2020:721-732). Groepe in die gemeente kan bydra tot verandering onder mekaar en in die gemeenskap. Thomas Kirkpatrick (1995:5) beskryf dit soos volg:

> Our christian life together, love for one another among believers in the church, is to be the distinguishing mark of Christ’s followers. ‘By this everyone will know that you are my disciples, if you have love for one another’ (John 13:35). Our Lord’s teaching then, places our experience of Christian community at the very heart of our church’s life and ministry.

Die onderlinge liefde is tot voordeel van die hele gemeente. Dit straal ook ’n positiewe beeld van die geloofsgemeenskap uit aan nie-gelowiges. Mense soek na persoonlike verhoudings waarin hulle warmte ervaar en kan groei. Dit is verhoudings waarin hulle hulle lewens en menswees op ’n dieper meer persoonlike vlak met mekaar kan deel (Kirkpatrick 1995:6). Randy Frazee (2001:35) wys daarop dat die kerk in ’n postmoderne wêreld die instituut by uitstek is waar ‘gemeenskap’ deel is van die strategie om die instelling se doelwitte te bereik. Die oorkoepelende doel is om praktiese en aktiewe volgelingskap van Jesus Christus te fasiliteer. Die outeur van die Hebreër-brief (10:25) beklemtoon byvoorbeeld die prioriteit van gemeenskap en die samekoms van die gelowiges soos volg:

> Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom.

*Gemeenskap* word alleenlik ’n werklikheid as ’n groep individue eerlik kommunikeer, diepgaande verhoudings handhaaf en opreg toegewyd is aan mekaar. Dit is mense wat saam kan bly wees oor mekaar se suksesse en saam kan treur oor mekaar se verliese. Vir baie mense is dit moeilik om ’n plek te vind waar hulle sulke diep verhoudinge kan bou.

Kleingroepe in die gemeente, hetsy formeel of informeel, kom tot stand as gevolg van ’n gemeenskaplike doel. Die geloofsgemeenskap se oorkoepelende doel is om

mekaar by te staan, te versterk en te vergesel in die wedloop van die lewe, sodat elkeen wat deel het aan die geloofsfamilie die wedloop kan voltooi. Hebreërs 12:1-2 beskryf dit soos volg:

> Terwyl ons dan so ’n groot skare geloofsgetuies rondom ons het, laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof.

Dit is juis in kleingroepe waar mense bymekaar kom in dieselfde ruimte, dat ondersteunende en versorgende verhoudings kan vorm. Dit is in sulke groepe waar die ervaring van gemeenskap en gemeensaamheid by uitstek kan ontwikkel (Kirkpatrick 1995:23).

Wat mense beskou as normaal, korrek, moreel en goed, is ’n sosiale konstruk (Barron en Kerr 2003:68-69). Hierdie konstruk word instandgehou deur die mense wat dit ondersteun, veral binne die groepe waarmee mense identifiseer. Wanneer mense probeer onderskei of iets goed of sleg is, val hulle dikwels terug op die norme van die groep waarin hulle hulleself bevind. Op die wyse beïnvloed die groep se norme mense se daaglikse lewe en besluitneming. Sosiaal gevestigde en gedeelde oortuigings binne die groep oor wat normaal, korrek, waar, moreel en goed is, het in die algemeen ’n kragtige uitwerking op die denke en optrede van groepslede (Barron en Kerr 2003:6). Benewens die invloed van die norme van die groep, bied groepe ook emosionele bystand aan die lede en kan in hulle lewens positiewe verandering teweegbring. David Johnson en Frank Johnson (2003:524-529) identifiseer die volgende voordele van groepe:

- **Ondersteunende gemeenskap**

Groepe kan ’n gemeenskapsgevoel skep, ’n gevoel van omgee, ondersteuning, aanvaarding en bystand. Mense kan voel dat hulle êrens behoort. Lede wat die bystand en ondersteuning van ander ervaar, kan leer vertrou op hulle eie vermoë om te groei en te verander.

- **Hoop**

Groepe kan aan mense die hoop bied dat hulle in staat is om te verander en iets kan doen aan die oorsake van hulle probleme. Om te sien hoe ander in die groep verandering te weeg bring ten opsigte van hulle probleme, kan dien as rolmodel vir groeplede wat radeloos is met hulle eie probleme.

- **Mikrokosmos van die werklikheid**

Die groep vorm ’n soort mikrokosmos van hoe dinge in die wêreld funksioneer. In ’n groep vind ’n soortgelyke interpersoonlike dinamika plaas as in verhoudings buite die groep. Die groepe word ’n ‘oefenterrein’ en bied ’n remediërende omgewing vir lede om persoonlike en interpersoonlike probleme te begin oplos. In die groep kan mense konstruktiewe gedragspatrone by ander sien en dit emuleer.

- **Reduseer oorweldigende emosie**

Groei- en terapeutiesegroepe kan ’n veilige ruimte bied waarin mense ou ontstellende, bedreigende en oorweldigende emosies kan herleef en deurwerk om te kom tot aanvaarding en heling. In die groep word die emosies en nagevolge as minder bedreigend gesien en ervaar.

- **Perspektief**

Persone wat in paniek verkeer of depressie beleef, is geneig tot tonnelvisie en self-gesentreerde denke. Die fokus is op die eie belang. Hulle dink nie verder as hulleself nie. Deur hulle gedagtes en probleme te deel met ander in ’n ondersteunende groep waar hulle verstaan en aanvaar voel, kan mense meer bewus raak van en oop wees vir ander perspektiewe.

- **Terugvoer**

In ’n groep is daar meerdere bronne van terugvoer. Die lede van die groep funksioneer as ’n spieël waarin die eie reaksie teruggekaats word. So kom mense tot ’n beter verstaan van hulleself.

- **Sosiale empatie**

Groepslede bied empatie vir die persoon wat swaarkry. Wanneer ander soortgelyke ervarings deel op ’n empatiese en begrypende manier, kom die persone agter dat hulle probleem nie uniek nie, maar eerder ’n algemeen-menslike ervaring.

- **Leer uit voorbeeld van ander**

Individue kan leer deur waar te neem hoe ander in die groep konflik hanteer, selfvertroue opbou en mekaar ondersteun. Hulle kan dan probeer om die voorbeeld te volg.

- **Sosiale vaardighede**

Die verskeidenheid lede van ’n groep beskik oor ’n verskeidenheid sosiale vaardighede en bevoegdhede. Die groepslede kan van mekaar leer.

- **Invloed op gedrag en gesindheid**

Die groep beïnvloed die gedrag en gesindheid van die groepslede. Verskeie faktore het ’n effek op die gedrag en gesindheid van die lede. Individue internaliseer die groep se norme. Hulle word geïnspireer om met toewyding nuwe gedragspatrone aan te leer. Hulle identifiseer met groepslede. Hulle voer gesprek en leer uit mekaar se ervaring.

- **Wedersydse hulp**

Groepe bied geleentheid vir lede om mekaar te verstaan, ondersteun en te help.

- **Selfinsig**

Groepe is ’n hulpbron vir mense om groter insig in hulleself en hulle funksionering te verkry. Met die vertel en hervertel van ervarings en probleme vind verandering geleidelik plaas en word ’n nuwe sosiale werklikheid gekonstrueer.

- **Kognitiewe leer**

Op kognitiewe vlak kan groepe lede fasiliteer om nuwe inligting in te neem, te prosesseer en te integreer.

Formele groepe in die gemeente waar die pastor die leiding neem, kan hulpverlenings- of beradingsgroepe insluit. Die bedoeling van ’n hulpverleningsgroep is nie dat lede sal konformeer en almal dieselfde moet wees nie. Dit gaan eerder oor simmetriese verhouding. Almal is ewe belangrik (Chazan 2001:13). Daar is drie tipes hulpverleningsgroepe. *Groeigroepe* fokus op psigies-emosionele groei en die verbetering van interpersoonlike verhoudings en kommunikasievaardighede. *Beradingsgroepe* fokus op psigies-emosionele heling. *Selfhelpgroepe* fasiliteer lede om meer effektief met lewenstres of ’n siekte om te gaan of om ’n probleem soos die gebruik van skadelike middels te oorkom (Johnson en Johnson 2003:517). Almal in hulpverleningsgroepe is in dieselfde situasie en verkeer dus op gelyke voet. Net die begeleier beklee ’n ander posisie (Chazan 2001:36).

Mense leer baie van hulleself wanneer hulle hulle gevoelens en probleme met ander deel, veral wanneer die ander persone hulle in ’n soortgelyke situasie bevind. Beradingsgroepe benut hierdie soort interaksie tot voordeel van die lede. Pyn en skaamte bring ’n gevoel van isolasie mee. Beradingsgroepe is ’n manier om die isolasie te deurbreek. Mense kan besef dat ander hulle in soortgelyke omstandighede bevind. Groepvoorligting fokus daarop om die mense by te staan met die uitdagings van elke dag en om hulle ontwikkelingstake suksesvol te voltooi (Banja 2017:32, 36).

Informele groepe funksioneer sonder professionele begeleiding. Sulke groepe kan groeigroepe insluit, waar mense van mekaar leer in informele interaksie. Groepe kan hulle lede ondersteun om hulle geloof, waardes en identiteit te definieer en te versterk. Wanneer individue oorweldig voel deur hulle probleme en die onsekerheid wat dit meebring, kan die groep gerustelling, veiligheid, ondersteuning en bystand bied. In ’n groep kan mense nuwe sosiale vaardighede aanleer en nuwe aspekte van hulleself en ander ontdek. Groepe kan ook verandering fasiliteer waar ander pogings om te verander, gefaal het (Forsyth 2019:541). Mense in ’n verhouding funksioneer interafhanklik. Hulle kan mekaar se gedagtes, aksies, emosies en uitkomste beïnvloed. In ’n groepsverhouding en in groepsinteraksie kan lede wat struikelblokke ervaar, deur ander opgebou word met vriendelike woorde, voorstelle en verskillende vorme van hulp. Waar mense doelgerig en konstruktief saamwerk, kan die

samelewing getransformeer word (Forsyth 2014:6, 26). Die ondersteuning wat in selfhelpgroepe gebied kan word, sluit in:

- wedersydse begrip;
- dat mense hulle ervarings en probleme kan deel met mekaar;
- dat almal saam kan reflekteer op wat vertel is;
- dat mense kan ontdek dat ander soortgelyke ervarings het en dus minder geïsoleerd voel.

Die ondersteuning van die groep bied die geleentheid om met die eie emosies te rade te gaan en om te leer uit ander se ervarings. Van ander kan ook effektiewe strategieë om die probleem op te los, geleer word. Dat ander dit reggekry het, versterk die hoop dat verandering en oorwinning moontlik is (Wąchol 2020:30).

*Individuele identifikasie* is die mate waaraan ’n individu met die groep kan identifiseer. Individuele identifikasie kan bydra die gesondheid en welstand van persone omdat hulle doeltreffende sosiale ondersteuning ervaar. Groepslede met sterk individuele identifikasie is beter instaat om die ondersteuning van die groepslede positief te ontvang as groepslede met swak individuele identifikasie. Groepslede is in die algemeen meer geneig om mekaar te ondersteun as die identifikasie met die groep sterk is. Groepidentifikasie verhoog dus ervaring van wedersydse ondersteuning. Wedersydse ondersteuning versterk weer op sy beurt elke lid in die groep se selfdoeltreffendheid en daardeur ook die doeltreffendheid van die groep. Hierdie versterkinge dra positief by tot welstand.

Die positiewe effek van sosiale identifikasie kan op drie maniere ondermyn word. Die eerste is wanneer die groep nie oor voldoende hulpbronne beskik om wedersydse ondersteuning te bied nie. Tweedens kan sosiale identifikasie lei tot groepsgebaseerde denke wat ’n moontlike probleem word as die groep se normes ongesond is en swak gedrag bevorder. Derdens is daar verskeie veranderlikes wat sosiale identifikasie beïnvloed. Dit sluit faktore in soos: die grootte van die groep, of individue van buite die groep maklik by die groep kan aansluit, en of die groep gestigmatiseer of positief gewaardeer word (Häusser et al 2020:721-732).

Kleingroepe is ’n effektiewe manier waarop ’n kerk kan uitreik, luister na en omgee vir ander. Die Bybelse perspektief is dat mense gemeenskap nodig het om te groei in geloof sowel as in hulle menswees.

# HOOFSTUK 3

# NARRATIEWE: STORIES WAT MENSE DEEL

## 3.1 Die narratief

Narratiewe is deel van mense se alledaagse lewe. Elke mens het ’n lewensverhaal wat deurlopend herskep en verder gevorm word. Lewensverhale druk mense se idee van die self uit – wie hulle meen dat hulle is en hulle verstaan van hoe hulle gevorm is in die grootword proses. Lewensverhale is ook ’n medium waardeur mense hulle idee van die self aan ander kommunikeer (Linde 1993:3). Stories wat mense oor hulle eie lewenservaring vertel, bied ‘n belangrike platform vir selfkonstruksie (Dyson en Genishi 1994:42). Deur hulle storie te vertel, dra mense spesifieke kennis of inligting aan ander individue of groepe oor, want verhale bevat ook inligting. Die storie stimuleer nuwe idees by hoorders.

Om te vertel, is ‘n interaktiewe proses. Dit gaan oor die kuns om woorde aan te wend om die elemente en handelinge van ’n storie so te beskryf dat dit hoorders se verbeelding aangryp (Leung en Fong 2011:470). Mense herken hulleself veel eerder in ’n verhaal as in abstrakte konsepte (Demasure en Müller 2006:415). Die verhale wat mense konstrueer, is ’n manier om alledaagse gebeurtenisse te verstaan en daaraan sin toe te ken. Die lewensverhale van gelowiges is verbonde aan die verhaal van of oor God. Pastorale versorging en berading fokus op daardie individuele stories en hoe die lewensverhale beïnvloed is deur die tradisie waarin die persoon grootgeword het (Ganzevoort 2011:214-233).

’n Lewensverhaal speel af oor ’n lang tydperk. Daarom is dit noodwendig onderworpe aan hersiening en verandering. Die verteller neem gaandeweg afskeid van sommige betekenisse en voeg nuwe betekenisse by (Linde 1993:4). Om die lewenstorie te vertel, is ’n nuttige, noodsaaklike en diepgaande manier vir die verteller om die lewe te verstaan en om daardie kennis aan ander oor te dra (Hyvärinen 2017:1-18). Die lewensverhale wat mense vertel, vorm aan die een kant hulle eie identiteit en aan die ander kant is dit ’n manier om die wêreld te interpreteer en te evalueer. Die narratief dien dus as ’n hulpmiddel vir die evaluering of interpretasie van die persoon se ervaringswêreld.

Deur hulle storie te vertel, verstaan mense hulle wêreld. Stories stel nie net mense in staat om hulle eie ervarings te verbaliseer, te orden en te interpreteer nie. Dit stel mense ook in staat om betrokke te raak by ander se wêrelde en om, selfs ’n alternatiewe werklikheid te verbeel (Ganzevoort, Haardt en Scherer-Rath 2013:75). Stories vorm ’n eie konteks. Wanneer ’n persoon betrokke raak by verhaal, hetsy as verteller of as luisteraar, word hulle ingetrek in ’n ander konteks as hulle werklikheid van die oomblik. Dit is ’n verbeelde konteks van die verlede (Carracciolo 2012:7-9). Wanneer die lewensverhaal vertel word, besluit die verteller aktief watter aspekte om in te sluit en watter om uit te laat. Die funksie van ’n storie is om ‘n verhouding met die gehoor te vestig, in stand te hou, te verander en op ’n gegewe moment ook te beëindig (Ganzevoort 2011:214-233).

Hoewel narratiewe ’n algemeen-menslike verskynsel is, sal elke narratief wat vertel word, spesifiek wees tot omgewing waarin dit vertel word. Dit sal byvoorbeeld verskillend wees in ’n formele en in informele groepe. Die studie pas Julian Müller (2000:70-103) se narratiewe model met betrekking tot formele groepe toe. Die dinamiek van informele groepe met die deel van elkeen se lewensverhaal, word ondersoek met behulp van Maria Martinez (2014:119-121) se *Storyworld Possible Selves* model. Die model word gebruik om te interpreteer wat binne informele groepe gebeur.

## 3.2 Lewensverhale as sosiale konstruk

Die uitruil van lewensverhale is ’n sosiale proses. Daar is dus sosiale vereistes as dit kom by die kommunikeer van ’n lewensverhaal. Vir ’n hoorder om betrokke te raak by ’n verhaal, moet daar ’n mate van aanklank met die verteller en die verteller se lewensverhaal wees. Soos wat die mate van aanklank by die verhaal toeneem, kom die persone meer van mekaar te wete (Linde 1993:7). Narratiewe analise in die sosiolinguistiek toon aan dat die vertel van stories nie beperk is tot volksverhale, literatuur of die media nie, maar dat dit ’n inherente aspek is van interpersoonlike kommunikasie. Deur middel van stories druk mense hulle behoeftes en begeertes uit. Deelnemers vind daardeur ook hulle plek in die verhouding wat deur die interaksie geskep word (Cobley 2014:211). Sosiale konstruksie vind voortdurend in

alledaagse diskoerse plaas (Demasure en Müller 2006:413). In plaas daarvan om stories te vergelyk met ‘n venster waardeur die hoorder ’n spesifieke werklikheid te siene kry, gaan dit eerder oor voortgaande dialogiese interaksie waar die verteller en die hoorder by mekaar betrokke is (Ganzevoort 2011:214-223).

Mense vertel of hoor stories. Die proses kan hulle wêreld beïnvloed of selfs verander. Mense tree op ’n bepaalde manier in die wêreld op en vertel stories daaroor. Hulle optrede het te make met hulle ervaring. Saam vorm ervaring en optrede die boustene van hulle stories. Handelinge roep ‘n storie op wat dan vorm aanneem in ’n bepaalde struktuur. Dit word die grondslag vir die plot waarin die ontwikkeling van die idee en karakterontwikkeling op sy beurt plaasvind. Die ‘proses’ behels ’n persoonlike reis waar die verteller die toevallighede en onvoorspelbaarhede van die noodlot tot ’n sinvolle geheel omskep. So word daar sin gemaak en betekenis toegeken aan die eie handelinge en dié van ander. ’n Verhaal bestaan uit ’n begin, middel en einde of slot. ’n Narratief begin op ’n bepaalde oomblik binne ’n spesifieke tydsraamwerk (Demasure en Müller 2006:411). Volgens die insigte van die sosiale wetenskappe en narratologie, bied die narratief die geleentheid om gebeure bewustelik te *ervaar*, daarop te *reflekteer*, en in die vormgewing van die storie, *verbande te lê* (Björninen, Hatavara en Mäkelä 2020:6).

Individuele en kollektiewe narratiewe het te doen met mense se identiteit (Hyvärinen 2006:26). Identiteit word deur sosiale interaksie gevorm. Dit kan gesprek en die vertel van verhale insluit. Menslike eienskappe soos omgee, vriendelikheid en om skaamte te ervaar, kry betekenis in verhoudings met ander (Demasure en Müller 2006:415). Marco Carracciolo (2012) beskryf identiteit as ’n stel waardes of patrone wat betekenis verleen. Identiteit word beïnvloed deur genetika, sosiokulturele praktyke en persone se interaksie met die wêreld rondom hulle. Vanuit hierdie oogpunt, speel verhale ’n sleutelrol. Dit bied die geleentheid om identiteitsvormende waardes te verwoord (Carracciolo 2012:6-7,21). Stories wat aan kinders vertel word, kan onder meer gemeenskapswaardes oordra en vestig (Adams 2021:5). Die identiteit van ’n geloofsgemeenskap en van die individuele lede van die gemeenskap is narratief van aard. Dit word op ’n sosiaal konstruksionistiese, kultureel-linguistiese manier gevorm en hervertolk. Hoorders word genooi om op ’n narratief-

hermeneutiese en dialogiese wyse hulle persoonlike narratiewe aan die hand van die geloofsgemeenskap se narratief te hervertolk (Reinecke en Müller 2010:1-3).

Elke lewensverhaal vorm ’n linguistiese eenheid. Dit is ’n interne, subjektiewe en persoonlike lewensverhaal waarmee mense hulle verlede, hede en verbeelde toekoms innerlik organiseer (Linde 1993:11-12). Na buite toe word die lewensverhaal by geleentheid vertel aan ander. ’n Lewensverhaal sluit kerngebeure soos die keuse van ’n loopbaan, huwelik, egskeiding en godsdiens in. Die lewensverhaal speel ’n deurslaggewend rol in sosiale interaksie. Die vertel van ’n verhaal het verskillende funksies, onder andere om keuses en waardes aan hulleself en ander te verduidelik. Mense vertel ironiese, oordrewe stories oor hulle mislukkings om hulle vriende te vermaak en van hulle simpatie te kry. Beide verteltipes help mense om spesifieke gebeure te verstaan en te verwerk.

Konformiste pas hulle verhaal aan om by spesifieke kontekstuele waardes aan te pas. Die verhaal word soms spontaan aangepas op grond van die gehoor se reaksie. Dit doel is om sosiale samehorigheid te bewerkstellig. Ander verleen ekstra kleur aan verhaal in om groter aansien te verkry. Stories kan ook gebruik word om mense te oorreed of van iets te oortuig. Stories het dikwels ’n sterker oorredende krag as rasionele argumente. Menslike ervaring, herinneringe en denke neem grotendeels as verhaal vorm aan. Die verhaal verander en word herinterpreteer oor tyd heen. Soms vind mense dit moeilik om faktore wat bygedra het tot die vorming van self, te verduidelik. Hulle is egter meesal wel daartoe instaat om verhale te vertel oor hulle herinerringe, oor vormende gebeure in hulle lewe, oor hulle ideale, hoop en vrese, asook oor die invloed van besondere persone in hulle lewe (Mikkonen 2019:6, 9, 14).

Mense maak sin van hulle verlede, hede en toekoms deur middel van narratiewe. Betekenis word gevind as hulle daarin slaag om ‘n verband te lê tussen die verlede verhaal en die toekomsvooruitsig. Die weg wat gevolg word in die vertel van die verhaal, bepaal die sin en betekenis bepaal wat daaruit verkry word. Die wyse waarop hulle ervaring in die vorm van ’n verhaal verwerk, help hulle om sin te vind in die gebeure en in hulle lewe as geheel (Carraciolo 2012:7).

## 3.3 Die narratiewe benadering

### 3.3.1 Pastorale berading

Narratiewe speel ’n belangrike en selfs noodsaaklike rol in hoe mense hulle werklikheid en die self verstaan. Mense ervaar die wêreld op ’n spesifieke manier en kommunikeer dan hulle ervaring in die vorm van narratiewe. Die herinneringe van die verlede, die interpretasies van daardie herinneringe in die hede en die toekomsvisie neem dikwels vorm aan in stories (Mikkonen 2019:1). ’n Storie het die vermoë om verlede, hede en toekoms saam te smee. Verhale skep ‘n eenheid en verwoord die doel van alles. Die storie beantwoord vrae soos: Wie is ek, en hoe pas ek in die wêreld? Dus vorm identiteit die grondslag vir ’n lewensverhaal (Hyvärinen 2006:31).

Die narratiewe benadering in die pastoraat fokus op die persoonlike lewensverhale van mense en hoe om dit te herkonstrueer deur ’n nuwe hoopvolle verhaal te vertel. Mense kan verskillende verhale oor hulle lewe vertel. Die onderliggende beginsel van die narratiewe benadering tot die pastoraat is dat dit ruimte laat vir die vertel van die trauma-verhaal, asook die persoon se reaksie op die traumatiese gebeure. In die pastorale proses het die negatiewe gevolge van die traumatiese gebeure nie die laaste sê nie, maar word die persoon se storie en geskiedenis benader as ’n geleentheid om nuwe paaie te verken (Metcalf 2017:9-10).

Die narratiewe benadering tot pastorale en ander berading bied riglyne tot die vertel, verstaan en hervertel van verhale (Wallis, Burns en Capdevila 2011:487-488). In hierdie benadering is die klem byvoorbeeld nie daarop of die verhale ‘waar’ is of nie. Dit gaan eerder daaroor of die verhaal wat mense vertel, die ruimte skep om hulle lewens op ’n konstruktiewe wyse te verander. Die doel van hierdie benadering is dus om lewensbeperkende narratiewe te dekonstrueer en om nuwe lewensvatbare narratiewe te konstrueer (Ganzevoort 2011:214-233). Dit gaan nie oor die realiteit van die gebeure self nie, maar eerder oor die keuse van watter gebeure in die verteller se verhaal ingesluit word. Wat van belang is, is die verteller se eie interpretasie van daardie gebeure, die betekenis wat aan die verhaal toegeken word en die houding teenoor die gebeure (Mikkonen 2019:4).

Wanneer mense hulle verhaal vertel, interpreteer en gee hulle betekenis aan die ervarings wat in hulle stories uitgebeeld word. Mense het dan ook die moontlikheid en vermoë om die betekenisse te hervorm en nuwe inhoud te gee (Bochner en Riggs 2014:101, 203). Dus is die verhaal ’n interpretasie- en kommunikasie-proses waarin die verteller en luisteraar saam sin maak van die verhaal.

### 3.3.2 Formele pastorale groepe

Hoewel dit onmoontlik is om die feite en gebeure in die lewe te verander, is dit wel moontlik om ’n nuwe verhaal met nuwe betekenis met dieselfde gegewens te konstrueer (Demasure en Müller 2006:412). Julian Müller (2000:12) beskryf dit soos volg:

> ’n Narratiewe benadering tot gesprekvoering en terapie is om hierdie verhale wat mense gedurig vertel, so te ontgin dat dit uiteindelik as geherformuleerde verhale nuwe betekenis en stukrag aan die lewe kan gee.

Die storieverteller en hoorder, word beïnvloed deur hulle eie konteks wat bepaal hoe die verhaal vertel en geïnterpreteer word. In ’n pastorale gesprek is die verteller van die verhaal teenwoordig en word die verhaal hervorm tydens die gesprek. Die samesmelting van horisonne verryk beide gespreksgenote. Mense gebruik verhale om hulle lewens te skep en dus kan verhale ’n medium tot verandering wees (Demasure en Müller 2006:413). Die verhale in mense se geheue, of dit vertel word of nie, vorm die raamwerk wat die persoon help om sin te maak van die lewe (Müller 2000:9). Julian Müller (2000:10) beskryf die vertel van verhale as ’n lewensreis:

> ’n Mens kan niks doen met ervaring alleen nie, die ervaring word eers bruikbaar wanneer ons regkry om dit in ’n verhaal te omskep. Die mens organiseer dus eie ervarings in verhale. Elke nuwe sensasie of stimulus word in ’n storie geformuleer. So gaan die mens vorentoe, so word die lewe ’n reis. Want die mens neem die ervarings van die verlede, organiseer dit in ’n storie, en die storie word die kaart vir die onbekende land wat voorlê.

In die narratiewe benadering tot pastoraat is die doel nie om ‘die waarheid’ te ontdek nie. Dit gaan eerder oor die persoon se eie waarheid. Die verhaal self is minder belangrik as die *ervaring* wat deur die verhaal verwoord word. Ervaring word betekenis toegeken wanneer dit in storievorm georganiseer en herskep word. Die betekenisse wat toegeken word, word die motivering vir nuwe optrede. Die nuwe verhale wat geskep word gee nuwe betekenis aan ervaring (Müller 2000:11, 14-15).

Die pastor fokus daarop om te luister eerder as om antwoorde en oplossings te bied. ’n Goeie luisteraar bied veral ruimte vir die lewensverhaal. Die pastor fasiliteer gelyke en vrye kommunikasie. Die hele verhaal en elke storie daarin word met die nodige erns bejeën. Die pastor se storie is ook ter sake, aangesien pastors hulleself nooit kan losmaak van hulle eie verhaal nie. Die pastor se verhaal mag egter as meer gesaghebbend funksioneer as die verteller se verhaal nie (Müller 2000:17). Getrou aan postmoderne paradigma, verwerp narratiewe pastoraat die idee van ‘objektiwiteit’. Die pastor se eie verhaal funksioneer die hele tyd saam met die hoofverhaal van die pastorant. Die verhaal wat die pastor hoor of nie hoor nie, word medebepaal deur die pastor se eie verhaal (Müller 2000:18).

Sonder die verhaal van die verlede kan daar nie hoop vir die toekoms wees nie. Vanuit ’n narratiewe perspektief, word oplossings vir mense se lewe nie deur teorieë verskaf nie, maar is geleë in die persone self en hulle dink- en geloofsisteme. Die doel van narratiewe pastoraat is om die moontlikhede daarvan te ontgin. Julian Müller (2000:70) vergelyk ’n pastorale gesprek met ’n reis-geselskap. In die narratiewe pastoraat is die hulpverleningsgesprekke wat gevoer word nader aan ‘gesels’ as ‘berading’. Sy model fokus op gespreksvrae om die ‘geselskap’ te stimuleer. In die narratiewe pastoraat word die verhale wat vertel word nie net as ’n bron van inligting beskou nie, maar veel meer as ’n manier ‘om tot verhaal te kom’. Daarom word persone begelei om hulle verhaal so te vertel en te hervertel dat daar uiteindelik ’n herinterpretasie en rekonstruksie plaasvind. Nuwe verhale word geskep om ’n nuwe toekoms-verhaal te verbeeld (Müller 2000:71). Die bewegings in Julian Müller se model is nie ‘stappe’ of ‘fases’ nie. Julian Müller (2000:72) noem dit eerder ’n ‘dans-model’ as ’n strategiese model. Dit verteenwoordig ’n sirkelgang eerder as lineêre progressie. Julian Müller (2000:72-73) se reis-geselskap model bestaan uit die volgende vyf bewegings:

- **Die noodverhaal**

Die pastorale gesprek fasiliteer die gespreksgenote om die verhaal van nood so breedvoerig moontlik te vertel.

- **Die verledeverhaal**

Die noodstorie het ’n geskiedenis wat vertel moet word. Die verhale ten opsigte van die gesin van oorsprong is gewoonlik ’n belangrike deel van hierdie verledeverhaal.

- **Die verduisterde toekomsverhaal**

Die pastor ontdek saam met die gespreksgenoot die toekomsstorie in hierdie verledestorie. Die verhale uit die verlede en kinderjare word ‘vertaal’ in ’n verduisterde toekomsverhaal. ‘Nood’ gaan oor ’n verduisterde toekomsverhaal. Met kreatiwiteit fasiliteer die pastor ’n situasie waarin hierdie toekomsverhaal in die verledeverhaal ontdek word.

- **Die hervertelde verledeverhaal**

Om die verledeverhaal te herinterpreteer is ’n proses van herformulering, oftewel *reframing*, nodig. Die pastor nooi die persoon uit om ’n nuwe verhaal op dieselfde feiteraamwerk te konstrueer. Deur op ander temas as die probleemversadigde temas in te gaan, word die persoon begelei om ’n nuwe verhaal oor die verlede te skep.

- **Die verbeelde toekomsverhaal**

Die herinterpretasie van die verlede bied die moontlikheid om ’n beter toekoms te verbeel(d). Wanneer die pastor die gespreksgenote uitnooi om oor die toekoms en toekomsdrome te gesels, neem ’n toekomsverhaal vorm aan.

’n Belangrike aspek van die narratiewe model is dat daar aan die begin meer aandag aan die *storytelling* as aan die *storymaking* gegee moet word (Müller 2000:74). Die verteller moet genoegsame geleentheid gegun word om oor alles te praat wat as probleme beskou word. In die narratiewe benadering gaan dit nie net daaroor om die die verlede te onthou nie, maar ook om dit te herbeleef. Die herinnering aan en ervaring van die verlede word die grondslag vir die nuwe toekomsverhaal. Die verlede word as’t ware as boustene gebruik in die verbeelding van die toekoms.

Om die verledeverhaal op te roep, kan 'n genesende uitwerking hê daarin dat dit mense die geleentheid bied om hulle te herposisioneer met die oog op die toekoms. Binne die raamwerk van 'n nuwe toekoms word identiteit konstruktief gevorm. Positiewe identiteitsvorming is nie moontlik wanneer die verlede ontken en die herinnering daaraan onderdruk word nie. Die pastor skep 'n veilige ruimte vir die persoon om die verledeverhaal te herroep. Identiteit word versterk wanneer die lewensverhaal op 'n positiewe wyse herformuleer word. Verandering in die hede en toekoms kan slegs plaasvind as die verhaal herinterpreteer word om 'n nuwe grondslag te bied. Om 'n nuwe verhaal te skep is om perspektief te verander. Dit is om die kognitiewe kaart waarvolgens die persoon die lewe interpreteer, te omskep (Müller 2000:77, 93-94).

'n Tegniek wat in die narratiewe berading aangewend word in die herformulerings-proses is om die probleem te *eksternaliseer*. Dit is om die probleem te identifiseer en buite die persoon te plaas. Dan kan die probleem as 'iets daar buite' gesien, bespreek en selfs aangespreek word. Eksternalisering stel mense in staat om hulle los te maak, of te ontkoppel, van die dominante negatiewe verhaal wat hulle lewe en verhoudings bepaal het. Hoewel die feite dieselfde bly, kan dominante negatiewe temas omskep word deur ander betekenisse daaraan toe te ken. So word 'n nuwe verhaal vertel. In die eksternaliseringsproses word dit probleem 'n naam gegee. Met die soek van 'n naam vir die probleem, vorm die pastor en die verteller 'n venootskap téén die probleem. Die probleem word personifiseer en die negatiewe eienskappe word aan die ding met daardie naam toegeskryf. Saam ondersoek die pastor en die persoon hoe die probleem as afbrekend, oorheersend en ontmoedigend ervaar word. Situasies en geleenthede word geïdentifiseer toe die persoon nie deur die probleem oorweldig of ontwrig is nie. Dit dien as 'bewys' van die persoon se potensiaal en vermoë om teen die probleem op te staan. Die pastor en die persoon ondersoek die moontlikhede van 'n toekoms waarin daar effektief en met selfvertroue teen die probleem opgetree kan word.

'n Laaste stap in die proses is om 'n gehoor of getuies in te skakel. Dit is mense is dan getuies kan wees van die nuwe identiteit en die verhaal kan bevestig en ondersteun. Dit kan bestaan uit familie of vriende wat die persoon geken het voordat die probleem hulle lewens so ingrypend verander het. Die persoon vertel vir ander

wat bereik is. Die ander word dan tot ‘n ondersteuningstelsel (Müller 2000:95-99). Dit word ’n verdere venootskap teen die benoemde vyand, naamlik die probleem.

’n Pastor behoort ’n simpatieke, ondersteunende persoon te wees wat God se liefde versinnebeeld deur empaties te luister. Hierdie opboudende omgewing gee albei gespreksgenote ’n geleentheid om die storie te verstaan en interpreteer en herskryf hulle saam ’n nuwe hoopvolle toekomsstorie. Hoop is nodig om die pynlike beradingsproses deur te sien. Pastoraat het ten doel om bevryding te bring. Die bevryde persoon het dan die verantwoordelikheid om as ’n heel mens by te dra tot ander se bevryding en heelwording (Dreyer 2005:18, 21-23).

## 3.4 *Storyworld Possible Selves* model

In die narratologie word ’n verhaal verstaan as die werklike of fiktiewe gebeure wat die karakter beleef het. Die verhaal word aangebied in die vorm van ‘n diskoers. Sosiale kommunikatiewe interaksie vind op die diskoersvlak plaas. Die verhaal is ’n geinterpreteerde konstruk van wat gebeur het. Dit verwoord die volgorde van gebeure en aksies, die motivering daarvoor en die gevolge daarvan. ‘n Narratologiese verstaan van die verhaal kan nuttig van toepassing gemaak word ook in psigologiese teorieë (Björninen, Hatavara en Mäkelä 2020:4-5).

Volgens die narratiewe hermeneutiek is die narratief ’n sentrale vorm van self-interpretasie. Dit is ook ’n vorm van morele en sosiale betrokkenheid (Björninen, Hatavara en Mäkelä 2020:4-5). Daar bestaan verskillende narratiewe, narratiewe situasies en genres in die sosio-kulturele wêreld. Die storie as ’n individuele aksie is van toepassing op talle, style en genres (Hyvärinen 2016:51-53). Deur middel van storievertelling kan mense betrokke raak by ander se narratiewe en kan die narratiewe van mense ook mekaar beïnvloed. Met die aanhoor van ’n ander se narratief kan daar verandering in die hoorder se eie narratief plaasvind.

Die studie maak gebruik van die *Storyworld Possible Selves* (SPS) model van Maria Martinez (2018) wat insig bied in die kompleksiteit daarvan om betrokke te raak by ’n ander se verhaal. Die *Storyworld Possible Selves* model het te make met die voorstelling van die *self* wat die leser of hoorder konstrueer na aanleiding van hulle

interaksie met die narratief (Martinez 2018:255). Vir die doel van hierdie studie gaan dit oor ’n hoorder van die verhaal (die pastorale berader/groepslede) eerder as ‘n leser (soos aangedui in die narratiewe teorie).

Tydens die interaksie tussen die verteller en hoorder, ontvang die storieverteller ook terugvoer van die ander persoon. Dit kan ’n invloed hê op hoe die verteller die eie verhaal sien en interpreteer. Om betrokke te raak by ’n verhaal, moet die hoorder die verteller se perspektief verstaan en daarop reageer (Carracciolo 2012:13, 19).

Die *Storyworld Possible Selves* (SPS) model is ’n manier waarop die kognitiewe prosesse wat in die hoorder plaasvind tydens die narratiewe ervaring, verduidelik word. Die hoorder se emosie en gevoel is die sentrale komponent van die mens se waarneming (Martinez en Narváez 2020:145). SPS verwys na kognitiewe modelle van die ‘self’ wat verstaan  word as ’n konseptuele vermenging van twee geestelike ruimtes. Vanuit ’n teoretiese perspektief is SPS gebaseer op die formele kenmerke van narratiewe diskoers. In die praktyk is SPS gegrond op persoonlike ervaring en kulturele inligting (Martinez 2018:255). Die aspek van ‘vermenging’ word verduidelik aan die hand van die Vermengingsteorie (*Blending Theory*) van Gilles Fauconnier en Mark Turner (2002). Vermengingsteorie verduidelik hoe betekenis gekonstrueer word. Konseptuele vermenging is ’n kognitiewe aktiwiteit wat nuwe betekenisse uit die ou betekenisse maak. Twee of meer geestelike ruimtes of insetruimtes kan konseptueel kognitief geïntegreer en na ’n nuwe ruimte geprojekteer. Hierdie nuwe ruimte is waar die vermenging plaasvind. Hierdie vermenging kan na enige van die ruimtes terug beweeg. Die vermenging gee nuwe inhoud aan ou betekenisse in die persoon se lewe (Martinez 2018:255-256). Wat mens in die alledaagse lewe ervaar, word op die manier kognititief verwerk. Die betekenis van ‘n saak word ingevoer in ’n geestelike ruimte en raak dan vermeng met die bestaande betekenisse in daardie ruimte. Die vermenging kan dan weer terugbeweeg na die ruimtes waar dit vandag gekom het.

Die *Storyworld Possible Selves* model hoef nie beperk te word tot hoe die hoorder ’n spesifieke verhaal ervaar nie. Dit kan breër toegepas word op die ervaring van narratiewe in die algemeen. Die model kan benut word om te ondersoek hoe aandag

verkry word, hoe empatiese verbinding ontstaan, en hoe emosionele betrokkenheid by narratiewe tot stand kom. SPS gaan oor die proses waar ’n beeld in ‘n bepaalde storiewêreld geskep word. Die twee faktore wat ter sake is, is die hoorder se selfkonsep en hoe die hoorder die storie ‘sien’ afspeel. Leidrade in die narratiewe diskoers bring die twee aspekte bymekaar. Die hoorder se netwerk van bestaande en moontlike selfskemas word deur die storie geaktiveer.

Volgens die SPS-model kan ‘n persoon se ‘toekomstige self’ slegs in die narratief geprojekteer word as ten minste een van die hoorder se ‘selfskemas’ of elemente van die ‘moontlike self’ in narratiewe leidrade te vinde is (Martinez 2014:111, 119). Met ander woorde, as die hoorder nie aanklank vind by die karakter se skema nie, sal ’n ‘storiewêreld-selfskema’ (*storyworld possible* self) nie tot stand kom nie. Elke persoon se selfkonsep is onderhewig aan verandering. Sodanige verandering word beïnvloed deur sosiale konstrukte en selfondersoek. Daarom kan ’n narratief waarin voorheen geen toepaslike verbande gelê kon word nie, later wel ooreenkomste toon en nuttig wees (Martinez 2014:120).

Volgens die Vermengingsteorie van Gilles Fauconnier en Mark Turner (2002) waarop SPS gegrond is, vind kognitiewe vermenging baie diep in die psige in die onbewuste plaas. Elke vermengingsgebeurtenis skep ’n tipe geestelike ruimte. Elke nuwe vermengingsvlak is ’n nuwe geestelike ruimte waarbinne nuwe betekenis geskep kan word. Die nuwe of ontluikende betekenis is dus die produk van vermenging. Danksy vermenging kan mense ou idees in nuwe idees omskep. Vermenging help dus om die grense van mense se gedagtewêreld te verruim en groter netwerke te skep. Die diepliggende betekenisse van hierdie netwerke kan ruimte en tyd transendeer (Hayes 2017:164-170).

Volgens die SPS model is daar vier geestelike ruimtes. Die eerste is die narratief. Dan is daar twee invoerspasies: die een is die hoorder se selfkonsep en die ander is die hoorder of karakter se verhaal en hoe elkeen in die verhaal inpas. Die vierde ruimte is waar die vermenging plaasvind. Die twee insette wat deur die invoerspasie beweeg projekteer sekere kenmerke na ’n nuwe ruimte. In hierdie nuwe ruimte vind die vermenging van die twee insette plaas. SPS ondersoek die projeksie. Dit is geïnteresseerd in hoe kenmerke van die hoorder en die karakter se selfkonsepte in die storiewêreld vermeng word. SPS is ‘n hibriede geestelike konstruksie waardeur

’n hoorder die verhaalwêreld ‘bewoon’. Hierdie wêreld word deur ’n kaleidoskoop van verhale geprojekteer.

Die *eerste invoerruimte* is die storieverteller se geestelike ruimte. Deur middel van ’n spraakaanbieding skets die verteller die karakters in die verhaal. Die verteller soek na aanknopingspunte met die hoorder. Deur vermenging skep die hoorder ’n karakterkonstruksie wat by die hoorder se eie kognitiewe patrone aanklank vind. Die *tweede invoerruimte* is die geestelike voorstelling van die hoorder. Dit word bepaal deur die selfkonsep van die hoorder. ‘n Selfkonsep bestaan uit *selfskemas* – hoe persone hulleself sien – en die *moontlike self* – wat die persoon graag sou wou wees (Martinez en Narváez 2020:146-147). ’n Hoorder se selfkonsep vind aanklank by en vereenselwig met die karakters of verteller van ’n verhaal. Met die aanhoor van die verhaal, vermeng die selfkonsep óf moontlike self van die hoorder met die karakters of gebeure in die verhaal. So word die hoorder se persoonlike verhaal deur die verhaal wat aangehoor word, beïnvloed. Die invloed kan verandering teweeg bring in die hoorder se konstruksie van die eie lewensverhaal. Die vermenging kan ’n nuwe selfkonsep vorm en verander op hierdie manier ook die toekomsverhaal.

In die sosiale psigologie word selfkonsep gesien as ’n komplekse netwerk wat uit twee onderlinge verwante strukture bestaan, naamlik *selfskemas* en die *moontlike self*. *Selfskemas* word verstaan as kognitiewe veralgemenings oor die self. Die kom uit die persoon se vorige ervarings van die self. Die selfskemas verwerk inligting op ’n spesifieke manier. Hierdie skemas word dan vermeng met inligting uit die persoon se sosiale ervarings. Dit is hoe die persoon die huidig werklikheid van die self sien en ervaar. Die *moontlike self,* daarteenoor, is wat die persoon sou kon word en graag sou wou word. Soms is hulle bang om hierdie self te word. Soms dien die beeld van die moontlike self as aansporing om ’n verandering aan te bring met die oog op die toekoms (Martinez 2018:256-257). Mense hou gelyktydig ’n verskeidenheid komplekse selfskemas en idees oor hulle rolle in interaksie met ander, instand.

Geen twee persone se selfskemas is dieselfde nie. Mense kan ’n voorstelling van die self of geen voorstelling van die self in ’n sekere selfskema hê nie. Dit hang af daarvan of hulle selfskemas met die selfskemas van die karakters in die verhaal ooreenkomste toon. Om voorstellings van die self in ’n sekere selfskema te hê,

behels dat daar kognitiewe veralgemenings oor selfskema-spesifieke aspekte van die self gemaak word. Hierdie aspekte word afgelei van vorige ervarings en beïnvloed huidige gedrag, asook selfskema-spesifieke verwagtings oor die toekomstige idee/projeksie van self. Hoewel ’n persoon se selfskema kan verander, gaan verandering dikwels met weerstand gepaard omdat die ou selfskema beskou word as die kern van die self. In die kreatiewe ruimte wat die narratief bied, kan mense nuwe rolle en strategieë uittoets sonder dat dit die risikos inhou wat verandering in die reële werklikheid sou meebring (Martinez 2014: 118).

Die mees veranderlike dele van die selfkonsep het te doen met die *moontlike self*. Anders as met selfskemas, is die moontlike self nog nooit deur sosiale ervaring bevestig nie. Dit doen egter nie afbreuk aan die krag van die idee van die moontlike self nie. Gedrag wat ooreenkom met raamwerk van hierdie gevreesde en ideale moontlike self, hou voordele in. Dit skep die geleentheid vir self-evaluering en self-persepsie. Die moontlike self verteenwoordig die dinamiese kant van die selfkonsep. Dit open die moontlikheid vir en stimuleer die potensiaal tot groei en verandering (Martinez 2014:118). Dit teorie onderskei drie hooftipes van die moontlike self:

- die *gewenste moontlike self*, byvoorbeeld die geliefde en beminde moontlike self;
- die *suksesvolle moontlike self*, byvoorbeeld die self wat heelwat kan bereik of die avonturier wat heelwat meemaak;
- die *gevreesde of ongewenste moontlike self*, byvoorbeeld die eensame self, die onbevoegde self, die depressiewe self, die werklose self, die verlede-self of daardie aspek van die verlede-self wat steeds sekere gedrag in die hede bepaal.

Mense pas hulle gedrag aan om die *gewenste moontlike self* te probeer laat realiseer en weg te beweeg van die *ongewenste moontlike self*. Wanneer hulle daarin slaag om die gewenste moontlike self te laat manifesteer of naby daaraan te kom, het dit positiewe emosies tot gevolg. Wanneer die gevreesde of ongewenste moontlike self manifesteer of hulle naby daaraan kom, genereer dit negatiewe gevoelens. Selfkonsep is ’n stabiele, stewig geankerde struktuur. Dit verander nie

maklik nie. Verandering gaan dikwels gepaard met weerstand of vrees (Martinez 2018:256-257).

Die proses van die vermenging van twee geestelike ruimtes wat iets nuuts oplewer, kan juis ’n konstruktiewe bydrae lewer tot verandering. Kenmerke van die twee ruimtes wat ooreenstem, word geprojekteer na ’n nuwe ruimte waar vermenging dan plaasvind. Die vermenging bevat kenmerke van beide invoerruimtes, maar genereer ook self kenmerke wat nie in die invoerruimtes voorkom het nie. Daarin lê die ‘nuwe’ wat ontstaan het binne die ruimte van die konseptuele werking self. Die nuwe kenmerke kan dan terug geprojekteer word na die invoerruimtes om hulle te verryk en te verander. Konseptuele vermenging is verantwoordelik vir sommige van die mees diepgaande en kreatiewe aspekte van kognisie. Dit kan benut word om persoonlike, interaktiewe en kreatiewe ervaring binne die narratiewe ruimte te verduidelik.

Die verteller se self word in die storiewêreld geprojekteer. Die selfskema van die verteller verteenwoordig een van die invoerruimtes wat bydra tot die vermenging (Martinez 2014:115-116). Wanneer die vermenging in die derde ruimte plaasgevind het, word dit terugprojekteer na die invoerruimtes, waar die diepgestelde interne strukture kan verander. Hierdie eienskap van vermenging om ervarings terug te projekteer, verklaar die transformerende krag van die narratiewe benadering. Dit hou juis rekening met die feit dat geringe veranderings wat deur ’n narratief in die hoorder se moontlike self ontketting word, die verste uithoeke van die selfkonsep kan bereik.

Die vrees dat verandering kan bydra tot ‘n *negatiewe moontlike self*, ontketen negatiewe emosies. ’n Selfskema wat egter fokus op die *gewenste moontlike self*, kan positiewe emosies tot gevolg hê, selfs al is daar ’n onderliggende gevoel van angstigheid. Vanuit hierdie perspektief kan die model van SPS, toegepas in narratiewe berading, emosionele betrokkenheid fasiliteer en help om transformasie van die self teweeg te bring. Emosionele betrokkenheid van die pastor met die pastorant gaan dan nie net oor empatiese besorgheid oor die ander nie, maar lei tot ‘n dinamiese prosess van *verandering* van die persoon se selfskema (kyk Martinez 2014:121). Dit is dan ‘n diepgaande verandering.

Daar is vier moontlikhede van SPS wat kan voortvloei uit die verteller-hoorder interaksie in ’n narratiewe vertelling. Afhangende van die hoorder se selfkonsepstruktuur en watter aspekte daarvan in die narratief geprojekteer word, kan óf ’n selfskema, óf ’n gewenste moontlike self, óf ’n gevreesde moontlike self, óf ’n verlede moontlike self na vore gebring word. Wanneer hoorders aanklank by die verteller se selfskema-konstruk of die karakter se ervaring, kan die verhaal *verandering* meebring in die hoorder se selfskema (Martinez 2014:122).

Interaksie met narratiewe is ‘n sosiale praktyk wat diepgaande gevolge vir mense kan hê. Narratiewe betrokkendheid is ’n hoogs komplekse en veelvlakkige proses (Martinez 2014:128). Maria Martinez se SPS model verduidelik hoe die interksie van die hoorder met die storie tot verandering in die hoorder se selfkonsep kan lei. Daarom is die model vir hierdie studie ter sake. Die model kan benut word om te verduidelik van wat gebeur wanneer persone in ’n informele sosiale konteks na ander se lewensverhale luister. Maria Martinez (2014:116) wys op die teoretiese belang daarvan dat verbale narratiewe verder ondersoek sal word, met die klem veral op die analogiese ooreenkomste tussen hoorders en vertellers se geestelike konstrukte. Dit is wat die sinergie skep binne ’n fiktiewe wêreld tussen verteller en die hoorders.

Hierdie model verklaar waarom en hoe die verteller se lewensverhaal die katalisator kan wees vir verandering in die hoorder se selfskema. Die hoorder se selfskema kan nuttige gedragstrategieë waarmee moeilike situasies hanteer kand word in die verteller se selfskema ontdek en in die eie lewe toepas. In ’n kleingroepopset kan hierdie ontdekkingsreis in ’n veilige ruimte geskied waarin die hoorder moontlike uitkomste in die verteller se storie kan ervaar en evalueer.

# HOOFSTUK 4

# PASTORALE SORG

## 4.1 Pastorale sorg: ’n Oorsig

Die geskiedenis van pastorale sorg gaan sover terug soos die Ou en Nuwe Testament van die Christelike Bybel. In die Ou Testament is ‘sorg’ gebied aan die mense deur religieuse leiers in die ampte van *priester, profeet* en *wyseheidsleraar*. Die *priesters* se taak was die begeleiding van mense in die kultiese aanbidding. Die *profete* se taak was om die tradisie te bewaar, om God se stem te hoor en gehoorsaamheid aan God se opdragte te verseker. Die *wysheidsleraars* het mense in hulle daaglikse lewe begelei. Hierdie drie rolle was egter nie die enigste modelle van omgee in die bediening aan die Israelitiese gemeenskappe nie. ’n Ander prominent beeld is die van *goeie herder wat sorg vir die kudde*. Hierdie beeld word die beste verwoord in Psalm 23. Die beeld is aanvanklik gebruik om Jahwe se sorg vir die volk te beskryf. Dit is eers later op religieuse leiers as versorgers van God se kudde toegepas. In Psalm 23 word ‘sorg’ beskryf as Jahwe wat die mense lei om ’n pad van geregtigheid te loop, wat hulle siele versterk en wat by mense teenwoordig is wanneer hulle dit moeilik het in die lewe – wanneer hulle deur “donker dieptes” gaan (Gerkin 1997:21-27).

Die Bybel is ’n boek vol verhale oor mense se geloofservaring van God. In die narratiewe is die Godsverhaal sowel versteek as geopenbaar, teenwoordig as afwesig, kragtig as kwesbaar. Die narratiewe handel oor die menslike stryd om in die Godsverhaal te leef. Die Bybelverhale vertel van menslike passie, rusie, militêre heldedade, politieke intrige en die komplekse dinamiek van familie lewe. In die teks kom God se onvoorwaardelike liefde vir die wêreld en die groot genade daarvan, na vore. Dit teks praat ook met striemende eerlikheid oor die menslike stryd om getrou in daardie liefde te lewe (Oates 1979:201-202).

Die Bybel as literêre hulpbron bevestig menslike ervaring vandag. Dit is die bymekaarkompunt van empatie in die pastorale sorg (Ballard en Holmes 2005:201-202). Die Bybel getuig van goddelike genade vir elkeen in hulle eie unieke situasie.

Genade open ’n nuwe perspektief op die lewensverhaal en bied nuwe moed vir die lewenspraktyk. Die menslike lewe word soms geteister deur storms. Mense probeer deurlopend sin maak van alles wat hulle beleef en ’n riglyn vind vir hoe om te verstaan en te reageer. Die geloof kan vir mense hoop bied. Romeine 8:20b-24 beskryf hierdie hoop soos volg:

> Daarby het God die belofte van hoop gegee: die skepping sal self ook bevry word van sy verslawing aan die vergangklikheid, om so tot die vryheid te kom van die heerlikheid waaraan die kinders van God deel sal hê. Ons weet dat die hele skepping tot nou toe sug in die pyne van verwagting. En nie net die skepping nie, maar ook ons wat die Gees ontvang het as die eerste gawe van God, ons sug ook. Ons sien daarna uit dat God sal bekend maak dat God ons as God se kinders aangeneem het: God sal ons die verganklikheid bevry. Ons is immers gered, en ons het nou hierdie hoop.

Pastorale sorg plaas derhalwe klem daarop om die spirituale hulpbron van die geloof in mense deurlopend te versterk (Campbell 1986:82). Pastorale sorg fokus dan op God se nabyheid te midde van menslike pyn en vrees. God se teenwoordigheid in menslike lyding is veral sigbaar in die bediening van Jesus, wat spesifiek omgaan met die swakkes en kwesbares. Die betekenis van Jesus se dood lê nie in die kruis as sodanig nie maar daarin dat hy geweier het om dade van radikale liefde te staak. Hy het ten spyte van teenstand en bedreiging aangehou om solidariteit met die uitgeworpenes in die gemeenskap te betoon.

God se krag van verlossende transformasie en God se opofferende liefde bou ’n brug na hoop vir wie wil lewe in God se liefde en aanvaarding (Ramsay 1991:120). Deur Jesus se lewensverhaal ervaar mense sy helende krag wat voortkom uit ’n radikale openheid vir die self, die ander en die skepping en God. Die ontmoeting met Jesus se lewe word die bron van heling en groei. Dit is ook ’n ontmoeting met die Gees van God deur wie God se genade vryelik vloei (Clinebell 1984:2). Pastorale sorg kan vir mense die geleentheid bied tot kreatiewe en konstruktiewe verandering in hulle lewe (WCC 2002:83). Christenskap het begin met die aktiewe reaksie van mense op God wat in Christus geopenbaar is.

Pastorale sorg kan gesien word as die roeping van elke gelowige wat in ’n verhouding met God lewe. Roeping verwys na die taak wat God vir persone of groepe het wat in ’n spesiale verhouding met God staan. God se roeping aan Abraham lei tot ’n verbondsverhouding met God en dit lei uiteindelik tot ’n vennootskap met mense. God se roeping aan Moses lei tot die bevryding van Israel uit slawerny en die vorming van ’n nuwe verbond by Sinai. Jesaja, Jeremia, Amos en Nehemia was almal geroepenes, so ook Sara, Naomi, Rut en Ragab. Die gelowiges was getrou en het hulle lewens daaraan gewy om God se wil te bevorder en te volbringing. In die Nuwe Testament word die Griekse woord *κλήσις* (klesis) gebruik om roeping en uitnodiging (gewoonlik vanaf God en aan die gelowige lewe) aan te dui. Die verbindtenis met die gemeenskap kom na vore in die Griekse begrip *έκκλησία* (ekklesia) wat ‘’n uitgeroepe byeenkoms’ of ‘gemeente’ beteken. Hierdie woord word gebruik in die Nuwe Testament om te verwys word na die geloofsgemeenskap of gemeente (Fowler 1989:27-28).

Mense in die geloofsgemeenskap of gemeente word gesien as die wat geroep is deur God om versoenend met mekaar te lewe in Christus. Roeping is die fokus van die gelowige se lewe. Dit is om te staan in diens van God en te lewe uit liefde vir die naaste. Roeping is gegrondves in die hart van die mens waar die gewaarwording ontstaan dat daar ’n groter doel is as blote oorlewing. Die persoon het die aanvoeling dat die bedoeling van menswees gaan oor veel meer as blote selfaktualisering. Gelowiges het die diepgaande gewaarwording dat hulle op hierdie tyd en hierdie plek tot bestaan geroep word om hulle gawes en potensiaal te belê in die bevordering van ‘n saak wat van veel groter belang is. Die geloofsgemeenskap verstaan roeping as deel wees van die verbond met God. Verbond as metafoor spruit uit die universele menslike ervaring van beloftes maak en beloftes nakom as ‘n grondslag vir solidariteit en blywende verhoudings in die gemeenskap (Fowler 1989:32).

Die Bybelse nalatenskap wat die riglyn is vir die lewe van die kerk, bring ’n verbondsgemeenskap tot stand deur die roeping en beloftes van God. Verbond en roeping gaan saam. In ’n verbondsgemeenskap word mense met verskillende roepings deur ‘n gemeenskaplike lojaliteit verbind tot ’n saak of aan oortuigings en waardes wat groter as hulle is. Binne hierdie konteks werk mense ter wille van

gedeelde lojaliteit aan die saak waarvoor die gemeenskap tot stand gekom het, aan verhoudings van wedersydse vertroue en lojaliteit. Dit het by Jesus begin en van daar het dit voortgebou. Jesus het op sekere maniere gepraat en opgetree. Hy het die mense met hulle konkrete omstandighede, hulle aard, geloof of ontrou, ontvanklikheid, gewilligheid of onwilligheid om hom te verstaan, in ag geneem. Jesus se doel was om die mense na die kennis van die waarheid te lei. Dit gaan nie oor didaktiese kennis nie, maar vereis breë, pastorale sorg. Om alles vir almal te word, sodat sommiges gered kan word (1 Kor 9:22), is wat pastorale sorg behels (Ballard en Holmes 2005:48).

Die apostel Paulus het ’n bepalende rol gespeel in die opbou van die geloofsgemeenskap van vroeë Christene. Hy het beklemtoon dat gelowiges mekaar moet bystaan en help groei in geloof in Jesus Christus. Paulus skryf 1 Tessalonisense met ’n pastorale doel: dat hulle na hulle eie versoging sal omsien in sy afwesigheid. Hulle moet mekaar pastoraal versorg (1 Tess 5:11): “Praat mekaar moed in en versterk mekaar dan met hierdie woorde, soos julle trouens reeds doen.” Paulus gee riglyne oor hoe die gemeenskap mekaar moet versorg, naamlik letterlik ‘een-vir-een’. In hierdie versorging is die houding belangrik (1 Tess 5:12-13), asook die manier waarop die sorg verleen word (1 Tess 5:14-15). Paulus is bewus van die vernietigende effek wat mense met die verkeerde houding op die gemeenskap kan hê. Leeglêers moet dus vermaan word (1 Tess 5:14), maar op so ’n manier dat dit die mense weer op die pad van samewerking en meelewing sal bring. Verder moet hulle die kleinmoediges moed inpraat en die swakkes help (1 Tess 5:14).

Die Eerste Brief aan die Tessalonisense beskryf hoe die versorging van die gemeenskap in Paulus se afwesigheid voortgegaan het (Malherbe 1987:68-94). Deur hulle verhale met mekaar te deel, kan hulle bydra tot die versorging van ‘n ander. Veral die verhale van hoop omdat God aan die stuur van die verteller se lewe gestaan het, inspireer. Hierdie verhale kan moontlik getuig van donker tye wat deur God se genade, vrede en liefde verlig word. Vertroosting is ’n groot doel van onderlinge sorg. Paulus skryf Romeine 15:4: “Alles wat vooraf in die Skrif opgeteken is, is tog opgeteken om ons te leer sodat ons deur die standvastigheid en bemoediging wat die Skrif ons gee, vol hoop kan wees.”

Die Nuwe-Testamentiese skrywers was geestelike leiers wat die Christen-gelowiges van hulle tyd asook die breër gemeenskap begelei het ten opsigte van hulle probleme en vrae (Oates 1979:48). Pastorale sorg is om te luister na ander se verhale. Pastorale sorg, soos verstaan in die Nuwe Testament, is die taak van die hele gemeente. Almal lewer hulle bydrae die tot versorging, heling en bemoedig van ander om groei teweeg te bring. Hierdie bediening moet 'n warm, versorgende interpersoonlike ruimte bied, veral vir mense wat verlies en krisis ervaar. So 'n ruimte van warmte en wedersydse omgee kan die helende effek van berading ondersteun (Clinebell 1984:24). Die bediening van hoop en vertroosting is nodig waar mense wat met mekaar in gemeenskap leef deur die tipiese lewenskrisisse gaan en by onvermydelike lewenssituasies moet aanpas (Oates 1979:93). Verhale kan vertel en hervertel word binne die ruimte van langtermyn ondersteunende verhoudings.

In die vroeë vierde eeu het die Christelike geloof gewild geword na die bekering van keiser Konstantyn. Die pastor se taak was toe nie meer net die versorging van Christen-gelowiges en die Christelike gemeenskap nie, maar het die breër gemeenskap ingesluit. Na die val van die Romeinse Ryk en die verspreiding van die Christelike geloof deur die hele Europa, het individuele spirituele begeleiding en die onderhoud van geloofspraktyke soos gebed, meditasie en die geestelike dissiplines in die alledaagse lewe, toegeneem. Onder die invloed van die sienings van die Reformasie het 'n gesamentlike dissipline deur middel van kleingroep interaksie in Protestantse geloofsgemeenskappe begin vorm aanneem.

In die taal van die Evangelie van Johannes (10:10) word menslike heelheid soos volg beskryf: "Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed." Die geloofsgemeenskap se doelis om 'n lewe in oorvloed te fasiliteer en ondersteun. Die geloofsgemeenskap is die ruimte waar mens bevryding behoort te kan beleef binne 'n koesterende en bemagtigende omgewing. Die doel van bediening en pastorale sorg en berading is dat mense as bevryde persone kan lewe in hulle relasionele en sosiale konteks (Clinebell 1984:14-15).

## 4.2 Die psigologie en pastorale sorg

Tydens die 19de eeu, met die toemende skeiding tussen kerk en staat, het pastorale sorg meesal gefokus op die wen van siele vir God en die versorging van die

geloofslewe van Christen-gelowiges. Die doel van pastorale sorg, naamlik om gelowiges te ondersteun in hulle lewe, het ook die breër doel dat hulle lewe gebou sal word op die grondslag van die lewe en leer van Jesus Christus, die geneser van liggaam en gees (Meaza, Broersterhuizen en Liègeois 2013:2). Die spirituele genesing wat Jesus Christus bring, behels vrede en versoening in mense se verhouding met ander en God. Spirituele genesing het 'n positiewe effek op fisiese en psigiese genesing (Rizzuto 1998: 70).

Die psigologie het sedert die ontstaan van die vakgebied in die laat 19$^{e}$ eeu 'n groot invloed gehad op pastorale berading. Daar is egter fundamentele verskille tussen die pastoraat en die psigologie (Meaza *et al* 2013:2). Waar die psigologie fokus op psigies-emosionele en biologiese aspekte, beklemtoon die pastoraat ook die spirituele en etiese aspekte van menswees. Die pastoraat het dus 'n holistiese benadering en versorg die persoon as geheel – liggaam, siel en gees (Meaza *et al* 2013:3-4).

Die Gestalt benadering in die psigologie van Wertheimer (1880-1943), Koffka (1886-1941) en Köhler (1887-1968) beklemtoon spesifiek die 'geheel' van die mens. Die benadering beweeg weg van die stimulus-respons fokus in die psigologie na die benadering van probleemoplossing as 'n proses waar in nuwe insigte geleidelik ontgin word (Sternberg 2001:18). Belangrik in hierdie proses is om nie net te luister na die inhoud van wat die persoon sê nie, maar om te luister vir proses. So word die geheel in beeld gebring eerder as dat die fokus net bly op die dele van die verhaal (Hamilton 1997:25). In die Gestalt-benadering word selfaktualisering en die vryheid van die individu belangrik geag. Mense moet hulleself vryelik kan uitdruk sonder eksterne beperkings en sonder om die goedkeuring van ander of die samelewing nodig te hê. Die uitgangspunt is dat as mense hulleself in vryheid kan aktualiseer, die uitkoms positief sal wees (Meaza *et al* 2013:4-6).

Pastoraat behels nie die afdwing van spesifieke godsdienstige waardes of ideologieë nie. Dit is eerder 'n verkenning van die persoon se eie religieuse waardes as deel van hulle menswees en funksionering in die wêreld (Hamilton 1997:9). Miles Renear (1976:3-4) wys daarop dat Christelike pastorale sorg en die Gestalt-benadering 'n soortgelyke doel het, naamlik om die persoon as geheel te benader. Jesus se oproep tot lewe in oorvloed verwoord die Christelike oortuiging en die doel van die

pastoraat. Die pastor fasiliteer die persoon om deur die ervaring van hulle omstandighede te werk. Pastorale sorg en dissipelskap in die algemeen is ook om in Jesus se voetspore te volg in woord en daad. Die Christelike pastor deel die getuienis en ervaring met die ander persoon op die gepaste tyd (Meaza *et al* 2013:4-6).

Die psigologiese benadering van Carl Rogers het ’n besondere invloed gehad op die pastoraat. In die boek van Carl Rogers en Leonard Carmichael (1939:3-4) word die nuwe benadering tot die psigologie verwoord. Die fokus is nie op gedrag, simptome en diagnose nie, maar eerder om individue te bemagtig om hulleself te help. Die persoon se ervaring en gevoel is die eerste prioriteit. Verandering in die gevoelslewe van die persoon kan lei tot kognitiewe herorganisasie en gedragsverandering (kyk Rogers en Wallen 1946:5; vlg Barrett-Lenard 2007:13). So ’n persoon-gesentreerde beandering behels om dieper te luister as net die woorde, om insig te verkry in die konteks, om aandag te gee aan die persoon se uitdrukking en gebare. Dit is om die totale kommunikasie te verstaan. In die proses kan teenstrydige boodskappe geïdentifiseer en onderdrukte stemme die geleentheid kry om gehoor te word. In persoon-gesentreerde benadering staan aktiewe luister en empatie sentraal (Barrett-Lenard 2007:93-94). Volgens die persoon-gesentreerde benadering funksioneer die berader nie as die gesaghebbende kenner, maar eerder as die ondersteunende fasiliteerder wat persone begelei om tot hulle eie insigte te kom.

Volgens Carl Rogers (1961a) bied hoe persone hulle eie werklikheid interpreteer die grondslag vir berader om die persone self en hulle leefwêreld te verstaan. Persoon-gesentreerde berading is nie direktief nie. Die berader stuur nie die persoon in ‘n spesifike rigting nie. Dit is nie die gebeure of omstandighede in die persoon se lewe wat bepalend is nie, maar eerder die manier waarop die persoon daarmee omgaan. Die persoon-gesentreerde benadering beklemtoon die waarde van persone se eie siening van hulle wêreld en respekteer hulle vrye keuse. Die uitgangspunt is dat mense inherent goed en aanpasbaar is. Hulle is in staat om self hulle doelwitte te bepaal (Sternberg 2001:551). Die berader se nie-direktiewe houding stimuleer groei by die persoon.

Die berader se grondhouding sluit in: respek vir die integriteit en onafhanklikheid van die persoon; geloof in die persoon se kapasiteit tot verandering en groei; respek vir die persoon se unieke eienskappe. Die doel van die berading is dan om die persoon se self-verstaan en groei te stimuleer. Die berader se houding is van kardinale belang vir die effektiwiteit van die helpende verhouding (Barret-Lennard 2007:13). ’n Positiewe uitkoms hou ten nouste verband met of daar vir die persoon ‘n bevredigende plan van aksie is vir die pad vorentoe. Die persoon se gevoel oor die self en die omgewing kan lig werp op die persoon se gedrag (Barrett-Lenard 2007:57-60).

Carl Rogers (1961a) identifiseer drie sleutels waarmee die persoon se potensiaal tot heling ontsluit kan word. Die eerste sleutel is die *opregtheid* van die berader. Beraders behoort volkome eerlik te wees met hulleself en die persoon, sowel ten opsigte van hulle eie emosies as die persoon s’n. So toon hulle ‘n voorbeeld van opregtheid en deursigtigheid. Die tweede sleutel is *onvoorwaardelike postiewe agting.* Die persoon word ten volle aanvaar tenspyte van ‘n negatiewe verhaal. Mense is dikwels grootgemaak om slegs positiewe aanvaarding te verwag wanneer hulle iets reg gedoen het. Die gevolg hiervan is dat hulle ‘n voorwaardelike eiewaarde ontwikkel. Om psigies heel te word, moet hulle onvoorwaardelike eiewaarde kan ontwikkel. Die berader moet dus die voorbeeld van onvoorwaardelike aanvaarding stel. Die derde sleutel is *akkurate empatie.* Die berader moet die wêreld kan sien soos die persoon dit sien. Sonder hierdie empatie, kan die berader nie werklik die persoon se perspektief ten volle begryp nie (Sternberg 2001:551-552).

Godfrey Barret-Lennard (2007:106-120) verduidelik die hedendaagse benadering tot persoon-gesentreerde berading. Volgens hom verloop dit in vyf hoof kwalitatiewe fases wat van mekaar onderskei kan word, maar ook met mekaar vermeng kan wees. Die *eerste* fase is wanneer die persoon uit vrye keuse aanmeld vir berading. Die motivering hiervoor kan wees dat hulle desperaat is of emosionele pyn ervaar. In die *tweede* fase word die verhouding tussen die berader en die persoon gevestig. Hierdie proses is wanneer hulle ’n spesifieke indruk van mekaar en die moontlike kwaliteit van hulle venootskap ontwikkel. In hierdie fase word ondersteuning en hulp gevestig. In die *derde* fase onwikkel die verhouding verder en die persoon se

probleme word geprossesseer. Vertroue ontwikkel en dit stel die persoon in staat om die soeke na die self te waag: ‘Wie is ek en wie wil ek wees?’ Nuwe hoop kom na vore in hierdie fase. In die *vierde* vind die beradingsdiskoers plaas op verskeie vlakke.

Gevoelens en gedagtes kom na vore binne die konteks van die verhouding tussen die berader en die persoon. Dit is eerstens ’n innerlike gebeurtenis binne die persoon. Dit word dan uiterlik verwoord in gesprek met die berader as betrokke vennoot en deelnemer aan die ervaring. Die twee persone is op dieselfde golflengte. Hulle kan mekaar ‘lees’ sonder om die ander se bedoeling te verdraai. Hierdie synchroniese interaksie dra by tot die ontwikkeling van die venootskap. Die *vyfde* fase behels die beëindiging van die venootskap. Aan die een kant is dit ’n positiewe ervaring omdat berading nie meer nodig is nie. Aan die ander kant kan dit teenstrydigende emosies tot gevolg hê. Hulle het mekaar beter leer ken as persoon en kon moontlik besondere waarde vind in die verhouding wat sou kon groei tot ’n vriendskap (Barret-Lennard 2007:106-120; Sternberg 2001:551).

Pastoral beraders het aanvanklik swaar gesteun op die insigte van Rogers, maar het later die teologiese grondslae van die pastoraat sterker begin beklemtoon. Die klem het weer meer begin val op pastorale *sorg* eerder as pastorale *berading*. Rogers se uitgangspunt dat mense in die regte situasie die beste keuse sou maak, is toenemend bevraagteken (Meyers-Shirk 2009:186). Die teologiese uitgangspunt van die mens as inherent onvolmaak (‘sondig’) het op die voorgrond getree. Pastorale versorgers moes terminologie vind om skadelike menslike keuses en hulle dikwels gebroke verhouding met God en ander te benoem. Die doel van pastorale sorg is dan gesien as die herstel van hierdie verhouding, ten spyte van verkeerde menslike keuses en gedrag. Die pastoraat het die Christelike beginsels van aanvaarding en liefde ook in die beradingsverhouding beklemtoon (Meyers-Shirk 2009:192-194).

Seward Hiltner het die insigte van veral Rogers se benadering bruikbaar gemaak vir die pastoraat. Sy twee invloedryke werke, *Preface to Pastoral Theology* (Hiltner 1958) en *The Christian Shepard* (Hiltner 1959) beklemtoon die rol van die pastor as versorger, bemiddelaar van positiewe interpersoonlike verhoudings en simbool van God se liefde. Die pastor oordeel of veroordeel nie. Howard Clinebell (1984) bou die

pastorale sorg verder uit en beklemtoon die unieke bydrae daarvan. Dit behoort nie gesien te word as ’n minderwaardige soort psigoterapie nie. Dit het ’n ander fokus en doel (kyk Meyers-Shirk 2009:203-205). In Christelike geloofsgemeenskappe word pastorale sorg oor tyd heen toenemend een van die hoofverantwoordelikhede van pastors (Myers-Shirk 2009:200; kyk Miller-McLemore 1993:367-368).

Geleidelik het die fokus van pastorale sorg in geloofsgemeenskappe begin wegbeweeg van byna uitsluitlik een-tot-een pastorale gesprekke tot ’n netwerk van versorging deur die gelowiges as ’n lewende gemeenskap (kyk Gerkin 1997:21-73; Park 2005:57). Pastorale sorg kan bydra tot die vernuwing en groeikrag van gemeentes, waar gelowiges toegerus word om mekaar te ondersteun en versorg. Dit kan bydra tot sinvolle kerk-wees – ‘n gemeenskap waar God se liefde ’n beleefde werklikheid word. Pastorale sorg kan bydra tot voortdurende vernuwing en versoening, wat mense se vervreemding van die self en ander teenwerk en lei tot groeiende verhouding met God. Pastorale sorg kan mense begelei om nuwe dimensies van menswees en menslikheid te ontdek (Clinebell 1984:2). Die middelpunt van pastorale sorg is die liefde van God soos dit by uitstek gesien word in die lewe van Jesus Christus, ‘die gewonde geneser’. Om ander pastoraal te versorg soos Jesus, is die missie van die kerk oor eeue heen (Meaza *et al* 2013:6).

Deur pastorale sorg kan die geloofsgemeenskap relevant bly in lewens van gelowiges en in hulle menslike nood. Effektiewe pastorale interaksie kan lei tot heling en groei. Dit kan die interpersoonlike klimaat van ’n gemeente ten goede verander sodat die geloofsgemeenskap die ruimte kan wees maak wat heelheid bevorder dwarsdeur mense se lewe (Clinebell 1984:1). Howard Clinebell (1984:15-22) identifiseer die volgende ses interafhanklike aspekte waarop die pastoraat fokus om mense se lewens te bemagtig:

- **Denke en bewussyn**

Die aspek van denke word ontwikkel om die persoon se bewussyn te verryk en verskerp, kreatiwiteit te stimuleer, insig te verdiep, en intellektuele en artistieke horisonne te verbreed. Dit vorm deel van die heelheid-gesentreerde benadering tot die pastoraat.

- **Die liggaam**

Die doel is dat mense sal leer om hulle liggaam meer ten volle te ervaar en te geniet, en effektief en liefdevol daarmee om te gaan. Baie mense is negatief ingestel teenoor hulle eie liggaam. Dit verhinder hulle om liggaam-gees-heelheid te ervaar.

- **Intieme verhoudings**

Die pastoraat het ten doel om mense te begelei om hulle netwerk van omgee-verhoudings te herstel, te vernuwe en te verryk.

- **Die natuur en biosfeer**

Die pastoraat het ten doel dat in ’n goeie verhouding staan met God se skepping en daarvoor omgee.

- **Sosiale sisteme**

Die pastoraat het ten doel om saam met mense die sistemiese oorsake van hulle individuele pyn, gebrokenheid en afgestomptheid te identifiseer sodat hulle kan kom tot bevryding. Verder word hulle gemotiveer en bemagtig om saam met ander te werk om skadelike sosiale sisteme te omskep in lewegewende entiteite.

- **Verhouding tot God**

Die verhouding tot God bind al die aspekte van menswees saam. Deur spirituele begeleiding en groei kan mense die dieper betekenisse en rigtinggewende waardes in hulle lewe ontgin. Hulle kan groei en toeneem in die geloof en hulle verhouding tot God.

Die mens is ’n oop sisteem en groei vind plaas in die verskillende verhoudings. Groter heelheid in een van die ses dimensies stimuleer groei ook in die ander dimensies. Die teendeel is egter ook waar. Skade in een van die dimensies vertraag die groei in die ander. Holistiese pastorale sorg en berading het ten doel om groei te stimuleer en al ses die aspekte van lewe in balans te bring. Pastorale sorg en berading is effektief in soverre as wat dit mense begelei tot heelheid in hulleself en met ander. Effektiewe pastorale sorg kan mense begelei om te ontdek dat hulle in staat is om meer konstruktief om te gaan met die laste van hulle probleme, verliese

en verantwoordelikhede en hulle unieke persoonlikheid verder te ontwikkel. Dit alles sentreer rondom ’n sinvolle verhouding met God. Hulle inspireer ander tot versoening en heelheid. So kan hulle ’n positiewe krag word in hulle gesin, gemeenskap en geloofsgemeenskap (Clinebell 1984:21-22). Pastorale beradingsgesprekke kan een-tot-een plaasvind of in sorggroepe binne die groter gemeenskap. Die doel daarvan is onderlinge gemeeskap en sorg met die oog op heelheid (Clinebell 1984:22). Die doel is dat individue nie net self deur die uitdagings van die lewe werk en heel word nie, maar ook ander bystaan in hulle proses van heelwording.

Jeffrey Hamilton (1997) vergelyk die individuele pastorale gesprek met die brei en vorm van klei. Stadig word voldoende vertroue gevorm om die verhaal te deel. Daarmee openbaar die verteller ook hulle siel. Saam bekyk die verteller en hoorder die verhaal vanuit verskeie perspektiewe. Dan word die verhaal herkonstrueer en as’t ware teruggegee aan die verteller. Dit is die persoon as toekomsverhaal. Wanneer ’n pottebakker met klei werk bly stukkies klei op die hande agter. Net so bly daar stukkies van die verhaal op die hoorder se siel agter. So word die persoon en die verhaal deel van die hoorder se verhaal (Hamilton 1997:14-15). Pastorale sorg behels ’n verhouding met ‘n tweeledige doel. Die een is om mense te ondersteun in ’n tyd van moeilikheid en hulle te begelei tot heelwording. Die ander is om te kom tot ‘n dieper verstaan van die self, die ander en God. Dit is spirituele begeleiding, oftewel *spiritual direction*.

Wanneer dit gaan oor die begeleiding van mense in moeilike lewensomstandighede, is die doel van pastorale sorg om die persoon by te staan met begrip, empatie en onvoorwaardelike aanvaarding. Dit gebeur deur na die verhale van mense te luister. Mense maak sin van die lewe en gebeurtenisse deur hulle ervaring in die vorm van verhale te verbaliseer. Die verhaal gee ook insae in die rol wat die persoon se kultuuromgewing speel in die betekenisse wat hulle toeken aan lewensgebeure en aan hulle eie persoon. Op die manier word die narratief ’n betekenisvolle raamwerk vir die verstaan van menslike situasies in die milieu van pastorale sorg. As mense sin maak van die lewe deur middel van die verhale wat hulle konstrueer, behels “sorg” om na die verhale te luister eerder as om na historiese feite of psigologiese

simptome te soek. Mense leef dikwels met konflikterende verhale saam en vind dit moeilik om te kom tot integrasie en heelheid. Dikwels sukkel hulle ook daarmee om lewenservarings met die groter narratiewe van die lewe en geloof te verbind. Die eerste pastorale taak is om die verhaal in geheel aan te hoor en begrip te kry van die hele verhaal. Die tweede taak is om te help met die herkonstrueer van die verhaal. ’n Sosiale konstruk kan herkonstrueer word. Dit is die bevrydende belofte van die narratiewe perspektief. Die mens hoef nie vasgevang te bely in die vertellings wat hulle gekonstrueer en die sienings wat dit onderlê nie. Dit is altyd moontlik om die lewensverhaal op ’n ander manier te vertel en ander betekenisse aan gebeure en ervarings toe te ken. Daarom is die vertel van verhale ’n daad van hoop. Dit het die krag om verandering te bewerkstellig (Ballard en Holmes 2005:195-202, 227).

## 4.3 Pastorale sorg in die gemeente

Pastorale sorg in die gemeente is die bystand wat gelowiges aan mekaar bied. Dit is geloofs- en lewenshulp. So groei gelowiges in hulle verhouding met God en ander. Pastorale sorg is nie net die verantwoordelikheid van die pastor nie. Dit is die verantwoordelikheid van die hele geloofsgemeenskap vir mekaar. Die geloofsgemeenskap vorm deel van die liggaam van Christus (1 Kor 12:12, 27). Elke lid van die liggaam is mede-verantwoordelik vir die versorging van hierdie liggaam (Ef 4:12). Die kerk as liggaam van Christus roep elke lid op om ’n gemeenskap van genesing en sorg te word. Die ervaring van liefde, aanvaarding en ondersteuning in ’n gemeenskap waar God se liefde getoon word deur mense, kan ’n genesende krag wees (WCC 2002:77). Deur die pastorale sorg van mense kan persone vir wie die lewe moeilik is die betrokkenheid van God by hulle lewens ervaar.

Die veilige ruimte wat die geloofsgemeenskap bied, put uit ’n dieper bron. Teologies beteken dit dat die ervaring van geborgenheid voortkom uit ‘n hoopvolle geloof wat gewortel is in God se belofte om God se doel vir die hele skepping te vervul (Gerkin 1979:310). Pastorale werk word gebou op die drievoudige grondslag van *διακονία* (diakonia), die diens van liefde, *μαρτυρία* (martyria) die diens van getuienis en *λειτουργία* (leitourgia) die diens van aanbidding en sakrament. Hierdie drie bou *κοινωνία* (koinonia), gemeenskap rondom God op (Wąchol 2020:118).

Die samekoms van die geloofsgemeenskap bied vir mense wat met alledaagse moeilikhede en bekommernisse worstel, ’n ruimte van hoop en spirituele krag. Die hoop lê daarin om vir ’n oomblik iets anders te ervaar – ’n wêreld van goedheid, reg en geregtigheid, waar daar vertroosting en sorg is, waar genesing en hernuwing moontlik is. In die geloofsgemeenskap is mense se oë gerig op God (Vanderwell 2017:9). Vanuit daardie perspektief kom die groter prentjie in beeld. Die gemeente se betrokkenheid in die wêreld is die antwoord op Jesus se roeping en uitnodiging dat elkeen hom volg.

Die geloofsgemeenskap beoog om ‘n ruimte wees waar mense se potensiaal optimaal kan ontwikkel in elke fase van hulle lewe. Die groei van die individu en die gemeenskap word gefasiliteer sodat mense hulle volle potensiaal kan verwesenlik. In die betrokkenheid by ander, word mense dikwels self bevry van die denkbeeldige tronk waarin hulle moeilike omstandighede hulle vasgevang het. Die ervaring van bevryding stel hulle in staat om te ontdek dat geluk ’n byproduk is van die aktualisering van hulle potensiaal. Kognitief-psigiese gesondheid bly voortdurend in beweging na ’n steeds meer volledige, vreugdevolle en produktiewe lewe (Clinebell 1984:14-15).

Die geloofsgemeenskap kan ’n plek van vriendskap word. Die relasies van vriendskap is daar gelykheid, aanvaarding en ‘n opregte waardering vir die ander. Vriendskap hou die gemeenskap bymekaar en dit hou die mense nederig. Ware Christelike vriendskap is die fisiese manifestasie van God se liefde vir die mens. Dit is deur liefde en ware vriendskap wat mense die betekenis van Jesus as vriend kan begryp (Willows en Swinton 2005:105).

Aristoteles beskryf in sy *Nicomachean Ethics* (2011:163-185) hoe mense vriendskap as ’n veilige hawe kan ervaar te midde van lewenstorme en teëspoed. Vriendskap kan van waarde wees vir jongmense wat lewenskeuses moet uitoefen. Opregte vriendskap kan hulle buffer wees teen verkeerde keuses. Vriendskap kan ook tot voordeel wees van die ouer mense wat versorging en bystand nodig het en wat dikwels verstote en vergete voel. Vriendskap kan mense in die volwasse fase van hulle lewe eweneens baat. In die daaglikse verantwoordelikhede en in die proses van besluitneming en probleemoplossing, bied die insigte van ander ’n breër perspektief. Die steun van ander gee moed en krag. In die *Nichomachean Ethics*

verwys Aristoteles na drie vorme van vriendskap, naamlik vriendskap van *deug, nut* en *plesier* (aangenaam). Kwaliteitverhoudings dra by tot mense se algehele welsyn.

’n Verhouding gegrond op *nut,* gaan nie oor liefde en gemeensaamheid nie, maar oor wat iemand kan kry van die ander wat vir hulleself nuttig is. Goedgesindheid word dus betoon aan die ander ter wille van die eie beswil. Vriendskap gebaseer op nut is geneig tot onvergenoegdheid. Wie ‘n ander gebruik tot die eie voordeel, is geneig om meer te verwag en minder te kry as wat hulle meen hulle toekom. Diegene wat liefhet vir die *plesier* wat daaruit geput word, hou van die ander vir soverre as wat die persoon hulle vreugde verskaf. Die liefde is nie vir die persoon as sodanig nie, maar hou verband met wat die persoon het om te bied wat vreugde verskaf. Hierdie twee tipes vriendskap is nie van diepgaande gehalte nie. Sulke vriendskappe gaan tot niet sodra die nut of plesier nie meer daaruit verkry word nie. ’n Vriendskap van nut is verder ook wisselvallig, omdat wat as ‘nuttig’ beskou word, nie noodwendig konstant bly nie, maar kan verskil oor tyd heen. Die verhouding hou dus net stand indien mense nog die hoop koester dat hulle iets goeds van die ander kan kry.

Die kwaliteitvriendskap van die drie wat Aristoteles identifiseer, is die vriendskap van *deug.* So ’n verhouding word gebou op ’n gedeelde oortuiging van wat deugdelik is in die lewe. Mense wat fokus op deug, wens die beste vir mekaar. Hulle is goed vir die ander in dieselfde mate as wat hulle goed is vir hulleself (‘jou naaste liefhê soos jouself’). Wie vir die vriend goeie dinge toewens, is ‘n ware vriend. Dit is ‘n gesindheid wat van diep binne die mens kom. Dit is nie selfgerig nie, maar is die ander ter wille. Op hierdie grondslag kan ‘n stabiele deuglike vriendskap gebou word. Die persone in so ‘n tipe vriendskapsverhouding is goed vir die ander ter wille van die ander, nie ter wille van die self nie. Die wedersydse goed wees vir mekaar en ter wille wees van mekaar het tot gevolg dat die partye in elk geval die nut en plesier ervaar wat vir hulle eie lewe goed is. Die eie nut en plesier is net nie die hoofdoel of dryfveer van die vriendskap nie. In vriendskappe van deug is daar dan ook geen nodigheid vir verwyt of beskuldiging vanweë ’n gevoel van tekort gedoen wees in die verhouding nie. Die keuse vir goedhartige optrede teenoor die ander, is die norm van die persoon se lewe en lê in die aard van die persoon se menswees. Dit is waarom die vriendskap stabiel is.

Hierdie tipe vriendskappe is skaars. Soms het dit tyd nodig om te onwikkel, voordat mense leer om mekaar werklik onvoorwaardelik te aanvaar en vir mekaar betroubare vriende te kan wees. Vriendskap veronderstel gelykheid en behels gemeenskap. Wanneer Artistoteles verwys na 'vriendskap vir die goeie lewe', het hy die ideaal, naamlik die 'vriendskap van deug', in gedagte (Lynch 2002:68-73). Dit is hierdie tipe vriendskap wat deur pastorale sorg bevorder kan word in 'n geloofsgemeenskap waar mense vir mekaar wil goed wees, met mekaar wil deel en wil doen wat tot die ander se beswil strek eerder as om die eie wil en belange voorop te stel. Paulus beskryf hierdie tipe liefde soos volg in Fillipense 2:3-7:

> Moenie iets doen uit selfsug of uit ydele eer nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar elkeen ook na die ander s'n. Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was. Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself onteldig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan mense gelyk geword.

Pastorale sorg is gegrond op wedersydse verhoudings eerder as op die ongelykheid van 'n kundige en die persoon wat hulp nodig het. Die twee partye in die pastorale verhouding deel 'n gemeenskaplike menslikheid, met al die positiewe moontlikhede en die feilbaarheid wat dit inhou. Wanneer mense moed, hoop en uithouvermoë aan die dag lê ten spyte van slegte omstandighede, kan hulle vir ander 'n rolmodel wees op die weg na heelwording. Hierdie soort pastorale sorg in die geloofsgemeenskap gaan oor betrokkendheid by mekaar eerder as die oordra van vakkundige kennis. Hierdie soort gemeenskaplike pastorale sorg berus op 'n houding van omgee. Die omgee kom voort uit die eie ervaring van pyn, vrees en verlies, asook die ervaring van bevryding in die geloof (Campbell 1986:15-16, 37). Hierdie soort sorg berus op die onvoorwaardelike aanvaarding van die ander. Dit beteken nie dat alle gedrag van die ander aanvaar of goedgekeur word nie. Dit is nie die gedrag nie, maar die *persoon* wat onvoorwaardelik aanvaar word. Die persoon self word nie geoordeel en die persoon se ervaring word nie as geldig of ongeldig geëvalueer nie (Barret-Lennard 2007:100).

Pastorale sorg gaan oor die genade van God wat die gemeentelede met mekaar deel en aan mekaar betoon. God se genade is meer as ’n belofte, dit is ’n realiteit wat teenwoordig is in mense se ervaring. Dit moet herken word waar dit voorkom in verskeie vorme in die gebeure en verhoudings van die lewe. Dan moet dit ook toegeëien en ingeneem word in die diepste self. Genade is ’n misterie wat slegs herken kan word deur die oë van geloof. Genade gee ’n nuwe betekenis en maak ’n nuwe verstaan van gebeure moontlik. Sommige gebeure wys die krag van genade duidelik uit. Dit is ‘geïnkarneerde genade’, wat na vore kom in krisiservarings. Die genade bied ’n nuwe perspektief in die drie dimensies van tyd – verlede, hede en toekoms. Genade transformeer al drie hierdie dimensies. Deur genade kan die self gesien word as kind en erfgenaam van God. ’n Nuwe beeld oor die self in verhouding tot die gebeure en verhoudings van die verlede, die krisis van die hede en die hoop vir die toekoms, begin vorm aanneem (Gerkin 1979:324-325).

Die gewonde persoon kry krag deur die eie swakheid te erken en God se genesende krag te ontdek, dikwels juis in die oomblik van die diepste wanhoop. Baie mense gaan gebuk onder die valse vooronderstellings waarop hulle hulle lewens bou. Een so ‘n vooronderstelling is dat daar geen vrees of eensaamheid, verwarring of twyfel in hulle lewe mag wees nie. ’n Mens kan net effektief met lyding omgaan wanneer die persoon bereid is om te erken dat pyn en verwonding ’n integrerende deel is van die menslike toestand. Niemand kan dit ontkom nie. In so ’n geval behels pastorale versorging ’n ‘konfronterende bediening’. Dit konfronteer die mens met die illusie en herinner aan die werklikheid van menslike sterflikheid en gebrokenheid. Die boodskap is dat juis deur die menslike toestand te erken en dit in die oë te kyk, die proses van bevryding kan begin. Dan kan nuwe hoop en ’n meer positiewe toekomsvooruitsig begin vorm aanneem.

Deur wedersydse pastorale sorg bied mense vir mekaar geselskap en gemeensaamheid op die reis van geloof. So maak hulle vir mekaar die bevryding van God in Jesus Christus ‘n werklikheid (Campell 1986:41-43, 65). Om bevry te word van negatiewe ervarings is ’n lang proses. Die proses sluit in om daardie voorbeelde, gedrag en diskoerse wat ’n persoon se lewe gevorm het, te identifiseer, vas te stel hoe dit hulle lewens beïnvloed het, en te besluit om te fokus op ander diskoerse wat ’n groter potensiaal tot groei bied. Dit is ’n proses om die dominante

verhale en diskoerse en die effek daarvan raak te sien en te benoem. Dit is ook ’n proses om die ou verhaal te redigeer of heeltemaal te herskryf.

Pastorale sorg bied die ruimte om die negatiewe diskoerse wat geïnternaliseer is, te eien. Dit fasiliteer ook die positiewe herskryf van die lewens- en toekomsverhaal sodat mense in hulle lewe en roeping vorentoe kan beweeg. Volgens die narratiewe benadering, word die negatiewe verhale wat pyn veroorsaak het, nie net raakgesien en erken nie, maar ook geëksternaliseer. Die proses van eksternalisering skep afstand tussen die persoon en die probleem deur die probleem buite die persoon te plaas. Die probleem word gepersonifieer en die persoon gaan ’n verhouding aan met die probleem. In hierdie verhouding het die persoon seggingskrag en is nie meer net die slagoffer van die allesoorheersende probleem nie. Eksternalisering bied die geleentheid om in plaas van magteloos te voel vanweë die probleem, in die nuwe verhouding met die probleem besluite te neem oor hoe om effektief en konstruktief daarmee om te gaan. Insig en verandering kom deur gesprek met ander en deur saam te soek na en raak te sien hoe die persoon vasgevang is in onversoenbare en destruktiewe verhale (Wimberley 2003:25-28, 98).

Alastair Campbell (1986:61-65) identifiseer die volgende eienskappe van ’n geloofsgemeenskap wat onderlinge pastorale sorg aan mekaar bied:

- **Eenvoud**

Wanneer mense nie nodig het om voor te gee dat hulle iets is wat hulle nie werklik is nie, kan hulle mekaar opreg en in eenvoud dien.

- **Lojale liefde**

Volgelinge van Jesus Christus glo in liefde. Die is ‘n liefde wat vryspreek en vryheid bied. Die liefde is nie selfgerig of oorbeskermend of versmorend nie.

- **Humor**

Humor is ’n belangrike deel van menswees. Dit bring vreugde en bied verligting. Pastorale sorg wil mense daartoe inspireer om weer met oorgawe te kan lag.

Pastorale sorg is die intensionele poging van geloofsgemeenskappe om mense te begelei om van hulle lewensroeping bewus te raak en die besluit te neem om positief

daarop te antwoord. Pastorale sorg behels die voortdurende vorming, genesing, verlossing en bekering van gelowiges. Die geloofsgemeenskap word ’n groep mense wat omgee vir mekaar en mekaar se roeping erken en ondersteun (Fowler 1989:21-27). Die gemeenskap bied ruimte vir mense om hulle verhale te deel. Hulle gee aan mekaar die gawe van aanvaarding uit liefde deur eenvoud en geluk.

Charles Gerkin (1984:25-26) wys uit die verhale van mense dikwels in eenvoudige taal vertel word. Dit is die taal van verhoudings met die verskillende mense in hulle lewe en soms ook hulle verhouding tot God. Die beelde en simbole in hierdie verhale kom uit die familielewe, die kultuur en die geloofservaring van die persoon. Die verhale waarmee mense hulle lewe verwoord en interpreteer is geanker in hulle eie taalwêreld. Daardie taalwêreld verskaf die beelde, simbole en emosietaal wat die verteller gebruik om ervarings te interpreteer en ’n lewenstorie te konstrueer.

Benewens die onderlinge pastorale sorg van die geloofsgemeenskap aan mekaar, is meer gespesialiseerde ‘pastorale berading’ ook beskikbaar vir die mense. Die pastor kan genader word om binne ’n gestruktureerde verhouding begeleiding te gee ten opsigte van die spesifieke lewensprobleme van die persoon (Wicks, Parsons en Capps 1985:5). In een-tot-een pastorale berading is die sensitiewe en aktiewe luister na mense se verhale van kardinale belang. Daardeur word lewensprobleme ‘akkuraat’ verstaan en kan mense effektief op hulle lewensreis begelei word (Dreyer 1999:947). Die pastor word die metgesel op die reis, die mede-reisiger, vriend en kameraad. ’n Metgesel ken nie noodwendig ’n ‘beter’ pad as die ander nie. Die metgesel neem deel aan die reis en bied bystand met liefde en deernis (Campbell 1986:5, 87). Die pastorale beradingsproses in hierdie een-tot-een ontmoeting het ten doel om persone te bemagtiging om besluite oor hulle eie lewe te kan neem. Die proses sluit venootskap in gespreksvoering en die gesamentlike refleksie op spesifieke probleemverhale in (WCC 2002:85).

Taal en ervaring vloei vir mense ineen. Die pastorale berader staan op die ‘grenslyn’ tussen taal en ervaring en kyk oor die heining om ’n blik te verkry op die betekenisse, beelde, simbole en mitiese temas wat die persoon gebruik om ervarings te beskryf. Om te luister na ’n verhaal met die doel om dit te verstaan, beteken om eers te luister as ’n vreemdeling wat die taal nog nie ten volle verstaan

nie. Dit is belangrik om nie te stereotipeer of die persoon te manipuleer of uit te buit nie.

Die pastor luister nie net na verhale nie. Die pastor interpreteer ook die beelde, simbole en temas wat na vore kom (Gerkin 1984:25-27). Die interpretasie word nie namens die persoon gedoen nie, maar in samewerking met die persoon, want die *verhouding* is ‘n sleutelelement in pastorale sorg. Die verhouding moet respekvol wees. Dit bevestig die persoon se waarde as mens en geloof in die potensiële heelheid van die persoon, selfs te midde van die gebrokenheid (Hamilton 1997:14). Die Christelike geloofsgemeenskap bied beide pastorale sorg en berading. Daarmee skep dit ’n konteks van sorg vir almal wat sorg nodig het op die lewensreis wat vir niemand altyd maklik is nie (Gerkin 1984:177).

Pastorale sorg word verleen deur middel van verskillende tipes formele en informele gesprekke en ander kommunikatiewe handelinge. Pastorale sorg kan ten enige tyd en op enige plek gebied word: op die straathoek, aan die einde van ’n erediens of vergadering, oor ’n koppie koffie, by die biduur, by ‘n byeenkoms van ‘n omgeegroep, in ‘n hospitaalkamer, by ’n begrafnisse, endiesmeer (Wicks *et al* 1985:5). Sorgverhoudings het ten doel om die dieper betekenisse van die verteller se verhaal te ontgin, die effek van die pyn op hulle lewe te identifiseer en die hoop op verandering te fasiliteer (Hamilton 1997:12).

Pastorale sorg en berading bied ‘n ruimte vir gebroke mense wat pyn ervaar om in gesprek met mede-gelowiges in hulle medemens ondersteun te word. Waar mense medelye met mekaar betoon en eerlik hulle swakhede bely, kan God se liefde genesing bring (Campbell 1986:45). Die kerk kan ’n genesende gemeenskap wees indien mense wat genesing nodig het daar ’n veilige ruimte kan vind en die gemeenskap bestaan uit mense wat bereid is om met empatie en meelewing in ander se pyn te deel. Die kerk kan ’n ruimte wees en kan op die manier ‘n gemeenskap van genesing en sorg word (WCC 2002:79-80). Dikwels is informele groepe in die geloofsgemeenskap die plek waar mense ’n gemaklike en veilige ruimte van gemeensaamheid vind.

## 4.4 Charles Gerkin se pastoraatteorie

In ’n pastorale versorger of berader soek mense iemand wat na hulle verhaal kan luister. ’n Goeie luisteraar kan hulle begelei om die probleemverhaal te interpreteer (Gerkin 1984:26). Die eerste stap tot genesing is wanneer die pynlike geheim aan die lig kom, die stilte verbreek word en die boeie afval. Die verwagting is nie dat die pastorale versorger die pyn sal wegneem nie, maar eerder dat die persoon bemagtig sal word deur die empatiese aanhoor van die verhaal. Pastors luister nie net in hulle hoedanigheid as geestelike versorger en geloofsleier nie. Hulle funsioneer ook as ‘n verteenwoordiger van Jesus Christus. Daarom dra hulle God se liefde sowel as hulle eie liefde oor in so ’n gesprek (Ramsay 1991:115-116).

Die pastorale sorg en berading deur die pastor is net een aspek van die groter konteks van sorg wat deur die geloofsgemeenskap gebied word. Die Christelike gemeenskap is ’n lokus van sorg vir die mense binne die gemeenskap. Vir die individu beteken dit dat die geloofsgemeenskap ’n bron van ondersteuning is, maar wat ook uitdaag tot verdere groei en integrasie (Gerkin 1986:178-180). Hiervoor is deernis nodig. Deernis behels om uit te reik na die persoon in nood met aktiewe liefde en onvoorwaardelike aanvaarding (Willows en Swinton 2005:104).

Wanneer ’n nuwe pastor in ’n gemeente ontvang word, word die pastor deel van ’n verhaal wat al lank reeds in daardie geloofsgemeenskap aan die ontvou is. Die nuwe inkomeling word deel van daardie verhaal deur met geduld, nuuskierigheid en respek te luister na die geskiedenis van die plek soos dit deur verskillende mense verwoord word. Die manier waarop die pastor sorg verleen, weerspieël hoe die pastor dink oor menswees, die evangelie, en die doel van die kerklike bediening. Hierdie oortuigings kom duidelik na vore in die persoon se pastorale betrokkenheid. Die pastor begelei die gemeente in hulle taak van die wedersydse versorging van mekaar (Gerkin 1997:120-121).

Die narratiewe benadering tot pastorale sorg beklemtoon die aspekte van verhouding en gemeenskaplikheid in pastorale sorg. Daarom is vertroue en die bou van ’n vertrouwensverhouding van sentrale belang. Hoe sterker die gewonde persoon se vertroue in die hoorder(s) is, hoe beter is die moontlikheid dat meer stukke en brokke van die verhaal gedeel sal word en dat onverwerkte emosionele

trauma geleidelik verwoord sal word. Die narratiewe benadering het ten doel om sin en betekenis te vind in die smeltkroes van stres en lyding, in die vreugdes van die lewe, asook in die alledaagse gewoonheid van die lewe. Die narratiewe benadering fokus op evaluering. Teologiese betekenisse wat na vore kom uit sorggesprekke word in gesprek gebring met geloofstekste en teologieë (Doehring 2006:xv).

Pastorale sorg sluit nie net die sorg van individue en families in nie, maar ook sorg vir die gemeenskap as geheel. Pastorale sorg behels verder ook die herinterpretasie van die Christelike tradisie waarin mense se Christelike identiteit gesetel is. Die Christelike identiteit word gevorm deur die gesprek tussen die gelooftradisie en die kontemporêre kultuur, asook die effek wat dit het op die lewens van gelowiges en geloofsgemeenskappe. Identiteit gaan oor die idee van die self, die siening van die eiewaarde, genoegsaamheid en menswaardigheid van die mens (Ramsay 1991:112-113).

Pastorale sorg in ’n gemeentelike konteks bestaan uit ’n komplekse stel verhoudings tussen die pastor en die mense, asook tussen die gemeentelede onderling. Die vlakke waarop die veelvuldige verhoudings funksioneer sluit in: gemeentevlak, die vlak van groepe binne die gemeente, gesinsvlak en die individuele vlak. Die geloofsgemeenskap is voortdurend in die proses van *kerk word*. Dit gaan nie net oor die vier en uitleef wat die *kerk reeds is* nie. Pastorale sorg is die intensionele aksie van onderlinge betrokkenheid waarin elkeen in die geloofsgemeenskap geroepe is om te deel. Uit die perspektief van pastoraat as onderlinge sorg, identifiseer Charles Gerkin (1997:118-122) die volgende eienskappe van ’n sorggemeenskap:

- **Gemeenskap van Taal (*Community of Language*)**

Die pastor ken die geloofstaal en benut beelde en temas uit die Skrif. Die pastor as interpreteerder interpreteer binne die gemeenskap van taal nie net beelde en temas uit die Skrif nie, maar begelei ook die proses van interpretasie vir en met mense.

- **Gemeenskap van Herinnering (*Community of Memory*)**

Die geloofsgemeenskap word voortdurend herinner dat hulle identiteit gewortel is in hulle volgelingskap van Jesus. Om te onthou en te bly herinner, word die geloofsverhaal vertel en hervertel. Die gebeure word simbolies herdenk en gevier. So word God se mense voortdurend herinner wie hulle is.

- **Gemeenskap van Ondersoek (*Community of Inquiry*)**

Die geloofsgemeenskap soek saam en bevraagteken saam die sin en betekenis van die gebeure in hulle lewe op die diepste vlak.

- **Gemeenskap van Onderlinge Sorg (*Community of Mutual Care*)**

‘n Primêre funksie van die geloofsgemeenskap is om ’n ruimte te wees waar al die lede aanvaar en versorg word. So ‘n gemeenskap kan die eensaamheid wat individualistiese moderne Westerse kulture kenmerk, teen te werk. Pastorale sorg is net net die taak van die pastor nie. Die pastor fasiliteer en bemagtig die lede van die gemeenskap om vir mekaar te sorg. Die pastor se taak is om die geloofsgemeenskap te begelei om vir mekaar te sorg en om ook sorg te verleen in die breër konteks van menslike nood.

- **Gemeenskap van Gestuurdes (*Community of Mission*)**

Die pastor fasiliteer die gelowiges en begelei hulle om bewus te word van die nood van die wêreld en om as gestuurdes van God daarop te reageer.

Hierdie studie fokus veral op die aspekte van ‘n *Gemeenskap van Ondersoek*, ‘n *Gemeenskap van Onderlinge Sorg* en ‘n *Gemeenskap van Gestuurdes*. Hierdie aspekte is in die besonder relevant vir die werk van kleingroepe en hulle pastorale sorg vir mekaar.

Onderlinge pastorale sorg bied die geleentheid om van isolasie tot betrokkenheid, aanvaarding en deelname te kom deur verhaal met mekaar te deel. In Markus 5:1-20 demonstreer die verhaal van die man wat homself Legio noem die effek hiervan. Legio bly in isolasie by die grafte. Hy was moontlik ’n verkoopsman wat varke verkoop het, aangesien hy omring was deur varke. Daar was geen moontlikheid tot verhoudings met mense nie omdat daar niemand was wat sy verledeverhaal kon aanhoor, wat by sy lewe betrokke was of aan hom hoop kon bied nie. Die onrein gees benoem die identiteit van Jesus (vers 6) as ‘Jesus, Seun van God die Allerhoogste’ en herken daarmee Jesus as die een wat verlossing bied, die gestuurde van God. Van Jesus ontvang Legio onvoorwaardelike aanvaarding. Jesus vra hom om sy verhaal te deel. Wanneer hy dit doen, word Legio se lewe bevestig en sy isolasie deurbreek. Daarna is hy in staat om in verhouding met ander te lewe.

Deur sy verhaal aan te hoor, bied Jesus hom hoop en open die moontlikheid om nie langer in isolasie te bestaan nie. Hoewel die wêreld Legio sien as ‘besete’, sien God hom as ‘n mens. Die vertel van die verhaal word die heilige grond waar nie ander se beeld van wie hulle is nie, maar die waarde wat God aan hulle toeken, bepalend is vir die verteller se menswees en toekoms.

Deur hulle verhaal te vertel in ‘n pastorale milieu, kan mense hulleself begin verstaan as ’n verhoudingswese met hoop. Hulle kan wegbeweeg van die beeld van die self as ‘n mens wie se lewe gekenmerk word deur vrees en isolasie (Hamilton 1997:12-13). Die geloofsgemeenskap wat deel in die verhaal en dit met respek aan te hoor, kan die hoop wat in God gesetel is, vir die ander beliggaam. Om tot outentieke lewe te kom, is dit soms nodig om te ontdek wie ’n mens *reeds is* en wat nodig sou wees om te kom tot ’n sinvolle bestaan (Wimberley 2003:102). Pastorale sorg word verleen in verhoudings in die ‘hier en nou’. Dit fokus op die oomblik. Deur ‘n verhouding van omgee verbind mense hulle aan mekaar (Hamilton 1997:20-24).

# HOOFSTUK 5

# BEVINDINGS

## 5.1 Uitkomste

Hierdie hoofstuk beskryf die uitkomste en bied die bevindings van die ondersoek. ’n Refleksie op die resultate word gebied, uitdagings en leemtes word geïdentifiseer en aanbevelings word gemaak.

Die ondersoek het uitgewys watter groot rol mense se narratiewe speel in hulle lewe. In die vertel en hervertel van die lewensverhaal kom die betekenisse wat aan gebeure en ervarings geheg word, na vore. Dit is hierdie betekenisse wat mense se identiteit en toekomsverwagting vorm, hulle vaardighede om probleme te hanteer bepaal en ’n effek het op hulle verhoudingslewe.

Die ondersoek het ook getoon dat dit nie vir pastors van geloofsgemeenskappe moontlik is om alleen voldoende begeleiding te bied aan al die mense onder hulle sorg nie. Daarmee saam gaan die vrees dat mense wat nie voldoende sorg in die geloofsgemeenskap ontvang nie, van die gemeente vervreemd kan raak. Dit beteken dat ander moontlikhede van sorg ondersoek moes word as om net staat te maak op die rol van die pastor alleen. Die uitkomste van die ondersoek word vervolgens kortliks bespreek.

### 5.1.1 Die funksionering van groepe

Die bestudering van groepe is ’n dinamiese en ingewikkelde vakterrein. Hierdie studie het beoog om die nuttigheid en werking van groepsdinamika te ondersoek om te identifiseer watter rol groepe in die geloofsgemeenskap en in die wedersydse versorging van gelowiges aan mekaar, kan speel. Met behulp van die werk van Donald Forsyth (2019) is die invloed van primêre en sosiale groepe op mense se identiteit uitgewerk. Die resultaat is die insig dat hoe mense oor hulleself voel, positief beïnvloed kan word deur ’n groep wat hulle onvoorwaardelik aanvaar en die verskillende aspekte van hulle lewe met hulle deel.

Hierdie groepe kan formeel of informeel van aard wees. Formele groepe word saamgeroep deur ’n spesifieke persoon met ’n spesifieke doel in gedagte. Informele groepe vorm deur die spontane en onbeplande saamkom van mense. Daar is talle informele groepe binne geloofsgemeenskappe. ’n Paar voorbeelde hiervan is: mense wat mekaar ontmoet by die Sondag oggend tee en koffie na die erediens of die mense wat mekaar ontmoet by ’n gemeentefunksie. Groepe bied ‘n ruimte waar mense om nuwe sosiale vaardighede kan aanleer en  oefen. In groepe kan mense ook nuwe dinge omtrent hulleself ontdek. Postiewe en negatiewe kragte is in groepe aan die werk. Kurt Lewin (1890-1947) het hierdie kragte in groepe ondersoek en die term groepsdinamika geskep.

Die narratiewe oor hulle lewe wat mense in informele of formele groepe met mekaar deel, kan ’n invloed op mekaar hê. Met behulp van die werk van Robert Baron en Norbert Kerr (2003) het die studie kommunikasienetwerke binne groepe belig. In formele groepe gaan die boodskappe deur ’n sentrale persoon. Dit kan afgewissel word deur onderlinge kommunikasie onder die lede van die groep. In formele groepe is hierdie sentrale persoon en sameroeper gewoonlik die pastor of ‘n ander opgeleide geestelike leier. In informele groepe is die kommunikasie gedesentraliseer. Mense kommunikeer kommunikeer direk met mekaar.

Met behulp van die werk van David en Frank Johnson (2003) is die voordele van groepsvorming soos volg geïdentifiseer. Groepe kan mense:

- laat voel of hulle aan ’n gemeenskap behoort wat omgee en ondersteuning, aanvaarding en bystand verleen;
- laat voel dat verandering moontlik is en dat die ou lewensverhaal herskryf kan word om ’n nuwe toekomsverwagting te verwoord;
- ’n ‘oefenterrein’ bied om aan hulle persoonlike en interpersoonlike probleme te begin werk;
- ’n veilige ruimte bied waar hulle deur hulle emosies kan werk;
- nuwe perspektiewe bied op hulle lewenservaring; met die ontvang van terugvoer van ander, verkry mense dieper insig in hulleself;
- empatie bied as hulle dit moeilik het; daardeur voel mense dat hulle nie alleen hoef te dra aan die problemenie, maar oor ’n netwerk van mense beskik wat al soortgelyke probleme oorkom het;

- die ruimte bied om van mekaar te leer en mekaar te ondersteun en te help.

Deur middel van groepe kan verandering geleidelik posvat. Deur die hervertel van die lewensverhaal en deur kognitief met ander te prosseseer, kan integrasie plaasvind en groei gestimuleer word.

### 5.1.2 Die deel van persoonlike narratiewe

Mense verwoord hulle lewe in die vorm van narratiewe. Hulle vertel die lewensverhaal of aspekte daarvan aan ander. Die deel van die lewenstorie kan in ‘n formele of informele omgewing geskied. Met behulp van die werk van Julian Müller (2000) is formele groepe wat gerig is op pastorale versorging, ondersoek. Die persone wat hulle verhaal in die groep kan deel en begrip en ondersteuning ontvang, kan ervaar hoe hulle saam met mede-reisigers onderweg is na genesing en heelwording. Met behulp van die werk van Maria Martinez (2018) is die effek van die vertel van verhale op die hoorder en die hoorder se lewe aan die orde gestel. Die hoorder word nie onaangeraak gelaat deur die narratief van ’n ander nie. Ook in die hoorder se lewe kan dit verandering en groei tot gevolg hê.

Wanneer mense wat ’n moeilike tyd beleef by ‘n pastor aanklop om hulp, kan die pastor óf een-tot-een pastorale berading bied óf die persoon by ’n fomele ondersteuningsgroep laat inskakel waar die pastor as die sentrale persoon die groep lei. Met die een-tot-een beradingsgesprek of by die formele groepsessie kan die persoon die lewensverhaal vertel en hervertel totdat ‘n hoopvolle toekomsverhaal begin vorm aanneem. Die probleemverhaal wek negatiewe gevoelens en is dikwels sonder hoop. Met die hervertel en met behulp van die insigte en terugvoer van ander kan die verhaal herkonstrueer word tot ’n verhaal van hoop. In die formele een-tot-een ontmoeting begelei die pastor die persoon op die lewensreis om te kom tot genesing en hoop.

In beide die formele ruimtes moet die persoon nie geoordeel voel nie, maar veilig en volledig aanvaar. Mense is soms bang om hulle verhale in formele groepe of een-tot-een-beradingsgesprekke te vertel. Hulle is dikwels meer gemaklik om informeel in ’n groep mense wat vir hulle voel soos vriende te deel wat in hulle lewe aangaan. Ook

in sulke informele kontekste, kan die vertel en hervertel van die storie hulle tot nuwe betekenisse laat kom.

Bestaande literatuur op die terrein van die narratologie het vir die doeleindes van die studie insig gebied in hoe die vertel en hervertel van lewenstories plaasvind. Die werk van Maria Martinez (2018) toon aan dat mense geraak en verander word by die aanhoor van ’n narratief. Ander mense se verhale beïnvloed die betekenisse wat die hoorder aan hulle eie lewensverhaal toegeken het.

### 5.1.3 Omgee en versorging

Mense hoop dikwels dat hulle omgee en versorging sal vind in ‘n geloofsgemeenskap. Wie die evangelie van Jesus Christus aanneem en in sy voetspoor wil volg, verstaan dat die aanvaarding, liefde en omgee wat kenmerkend van sy lewe was ook deur volgelinge vir mekaar gebied behoort te word. Dit is die roeping van elke volgeling van Jesus wat deel vorm van die geloofsgemeenskap as liggaam van Christus, om ander lief te hê, vir hulle om te gee, hulle te aanvaar met al hulle gebrede en na hulle om te sien. Die wedersydse versorging van die lede van die liggaam hou die hele liggaam gesond.

Die insigte van Charles Gerkin (1997) bied nuttige riglyne vir hoe die pastorale versorging in geloofsgemeenskappe kan lyk. Mense het ’n behoefte daaraan om in verbondenheid met ander hulle verhaal te deel. Daarvoor is effektiewe en aktiewe luister nodig. Dan kan die verteller en die hoorder saam reis op die pad na hoop en heling. Die rol van versorging is volgens Gerkin nie net die pastor se verantwoordelikheid nie, maar elke gelowige word geroep om ander te versorg. Die onderlinge sorg in die geloofsgemeenskap kan in die vorm van formele of informele groepe plaasvind. In groepsverband kan mense ’n invloed hê op mekaar, by mekaar leer en mekaar binne ’n atmosfeer van opregte omgee begelei tot hoop. Die verskeidenheid persoonlikhede, insigte, ervarings en hanteringsvaardighede wat in ’n groep verteenwoordig is, bied ’n besondere rykdom waaroor net twee mense in ’n een-tot-een sorgverhouding nie beskik nie.

## 5.2 Refleksie

Hierdie akademiese ondersoek het begin nadat ek my diensjaaropleiding by 'n plattelandse gemeente buite Pretoria voltooi het. Ek was diepe bewus van die verwagtinge wat die gemeente van 'n predikant het en die verwagtinge wat pastors op hulle eie skouers neem as hulle dienswerk in 'n gemeente aanvaar. Die groot fokus op die rol van die pastor en die onmoontlikheid vir een mens om aan al die sorgbehoeftes te voldoen, het gelei tot hierdie ondersoek na die geloofsgemeenskap as verdere hulpbron vir pastorale versorging. Om so 'n ryk en komplekse hulpbron effektief te benut, was dit nodig om die dinamika en rol van groepe beter te verstaan. Beide formele en informele groepe kom in gemeentes voor. Dit is dus nodig om die verskillende dinamieke van die tipes groepe te verstaan om effektief leiding te bied aan die groepe om hulle versorgingstaak optimaal te verrig.

Die verskillende formele groepe in gemeentes het elkeen 'n ander doel. Hierdie doel word saam met die uitnodiging om deel te word, vir die mense verduidelik. Hulle sluit dan aan by hierdie formele groepe indien hulle aanklank vind by die spesifike doel waarvoor die groep in die lewe geroep is. As so 'n groep met pastorale versorging gemoeid is, is hulle doel duidelik. Die lede ervaar samehorigheid en streef hulle doel na. Die dinamiek van informele groepe is anders. Dit is groepe wat spontaan en op die ingewing van die oomblik ontstaan. Gemeentelede sluit om verskeie redes by hierdie informele groepe aan. Waarskynlik is dit in hierdie groepe juis die verhoudings en gevoel van samehorigheid wat hulle aantrek, aangesien daar nie 'n formele praktiese doel vir die bestaan van die groep is nie.

Hierdie studie het gefokus op verhoudingsaspek van informele groepe en wat nodig sou wees om hulle potensiaal tot wedersydse versorging te laat realiseer. 'n Netwerk van informele onderlinge pastorale versorg kan die pastor se werklas verlig omdat die pastor dan nie betrokke hoef te wees by elke pastorale versorgingsmoment in die geloofsgemeenskap nie.

Die kernaspekte van groepsdinamika en narratiewe pastorale versorging was sentraal in hierdie studie. Bestaande navorsing fokus hoofsaaklik op narratiewe berading in 'n formele milieu. Die bydrae van hierdie studie was om juis die deel van lewensverhale binne 'n informele groep gelowiges te ontgin. Die vooronderstelling

kan wees dat informele groepe wel kan bydra tot die belewing van gemeensaamheid en dat ’n persoon wat die probleemstorie kon deel met vertel, ’n gevoel van verligting kan ervaar, maar dat dit nie veel sal bydra tot verandering en genesing nie. Die idee is dat meer gestruktureerde en doelgerigte kundige begeleiding daarvoor sou nodig wees. Met behulp van die Storyworld Possible Selves (SPS) model het hierdie studie aangetoon dat daar wel ’n beduidende resultaat verkry kan word informele groepe.

## 5.3 Bydrae

Die bydrae van hierdie studie was om vergelykende insigte te bied ten opsigte van pastorale versorging in formele en informele groepe in die konteks van geloofsgemeenskappe. ’n Versorgingsproses waarin die pastor as sentrale kommunikatiewe persoon binne die groep funksioneer, is die dinamiek van formele groepe wat met ’n bepaalde doel gestig word. Dis studie het spesifiek gefokus op informele groepe en deur die *Storyworld Possible Selves* model verduidelik hoe die dinamiek daarvan funksioneer en hoe sulke eiesoortige groepe kan bydra tot die versorging van mense in die geloofsgemeenskap. Die model verduidelik hoe die lede van die groep deur kommunikasie aan mekaar verbind word en watter voordele daardie verbondenheid inhou vir al die persone in die groep, nie net die mense met probleme en ‘n bepaalde behoefte aan pastorale versorging nie.

Vir die pastorale versorgingsproses met die pastor as sentrale kommunikatiewe persoon en leier van ’n formele groepe, kan die vyf bewegings van Julian Müller (2000) se reis-geselskap model benut word. Aandag word aan die begin gegee aan elke persoon se lewensverhaal. Die doel is om uit te kom by ’n hervertel van die storie wat dan die vorm van ’n verhaal van hoop begin aanneem. In die proses van vertelling tot hervertelling neem die pastor as die sentrale kommunikatiewe persoon binne die groep, die leiding om die lede deur die volgende vyf bewegings te begelei.

Die eerste beweging is die vertel van *die noodverhaal.* Elke groepslid kry die geleentheid om die verhaal van nood so indringend moontlik aan die groep te vertel. Die pastor fasiliteer die lede om soveel moontlik te vertel. Omdat die

groep met ’n spesifieke doel gevorm is, sal die noodverhale van die groepslede wat hulle in ‘n soortgelyke situasie bevind, ooreenstemmende kenmerke vertoon.

Die tweede beweging is die vertel van die *verledeverhaal*. Die verledeverhaal fokus veral op die gesin van oorsprong. Die pastor fasiliteer die persoon om die verhaal binne die groep te vertel en te hervertel.

Die derde beweging is die vertel van die *verduisterde toekomsverhaal*. Die doel is om saam met die gespreksgenote ’n nuwe toekomsstorie te ontdek. Die pastor as fasiliteerder kan in hierdie beweging kreatief gebruik maak van die hulpbronne in die groep. Die verteller kan byvoorbeeld saam met ’n spesifieke lid van die groep met spesifieke ervaring, die verhaal ontgin.

Die vierde beweging is die *hervertelde verledeverhaal*. Die groepslede word uitgenooi om hulle verledeverhaal te herinterpreteer. Dieselfde feit word met nuwe betekenis gevul. Hierdie hervertellingsproses kan met ’n spesifieke lid van die groep of met die hele groep gedeel word.

Die laaste beweging is die *verbeelde toekomsverhaal.* Dit het ten doel ’n beter en meer hoopvolle toekoms te verbeel en verbeeld. Die pastor kan die gespreksgenote nooi om oor hulle toekoms en toekomsdrome uit te brei. Dit neem dan die vorm van ’n toekomsverhaal aan.

In informele groepe verloop die proses van verandering anders plaas. By gebrek aan ’n sentrale kommunikatiewe persoon wat die gesprekke en momente lei en fasiliteer, is dit die mens se eie psige wat self beweeg deur die prossesering van die lewensverhaal en/óf die noodverhaal. Hier is dit die onderlinge verhoudings en die band tussen die groepslede wat die dinamiek bepaal. Die SPS model belig en verduidelik hierdie proses. Volgens die SPS model is vier geestelike ruimtes aan die werk tydens die vertel en aanhoor van lewenstories.

Die eerste geestelike ruimte is die *narratiewe perspektief*. Dit behels die vertel van die verhaal aan hoorders. In die verhaal is daar karakters en gebeure. Die vertel van die lewensverhale word nie gefasiliteer deur ’n leier nie, dit gebeur spontaan. Die mense wat kies om hulle lewensverhale met die groep te deel,

kan dit doen. Wie dit nie wil doen nie, is nie verplig soos in ’n formele groep waar almal ’n beurt kry om aan die woord te kom nie.

Die tweede geestelike ruimte is die *eerste invoerspasie*. Dit verwys na die karakterkonstruk wat die hoorder maak op grond van die verhaal van die ander. Met die vertel van ‘n verhaal hoop die verteller dat die hoorder by die verhaal aanklank sal vind. In informele groepe kies mense om verhale te deel waarvan hulle vermoed dat dit by die hoorders aanklank sal vind.

Die derde geestelike ruimte is die *tweede invoerspasie*. Die verwys na die hoorder se selfkonsep. Die selfkonsep bestaan uit selfskemas. ’n Persoon sien die self byvoorbeeld as ‘n ouer, ‘n dogter, ’n vriend. Dan is daar ook die moontlike self. Dit gaan oor wie die persoon graag sal wil of nie wil wees nie, byvoorbeeld ‘n avontuurier, ‘n minnaar of ’n verraaier. Die hoorder se selfkonsep vind aanklank by en identifiseer met die karakters of verteller van ’n verhaal. Met die aanhoor van die verhaal, vermeng die selfkonsep of moontlike self van die hoorder met die karakters of gebeure in die verhaal. So word die persoonlike verhaal van die hoorder beïnvloed.

Die laaste geestelike ruimte is die van *vermenging.* Dit is die wat by die hoorder agterbly nadat hulle die verhaal aangehoor het. Die verhaal kan byvoorbeeld ’n invloed op die hoorder se selfkonsep hê. Dit kan lei tot verandering van die hoorder se eie konstruksie van die eie lewensverhaal. Die vermenging kan lei tot die vorming van ’n nuwe selfkonsep. As die eie verhaal van die hoorder verander, kan dit lei tot ’n nuwe toekomsverhaal.

Formele en informele groepe is ’n onvermydelike deel van geloofsgemeenskappe en kerkwees. Mense kan pastoraal versorg word in formele groepe. Hulle kan ook wat hulle in informele groepe ervaar, toepas in hulle eie lewe en positiewe verandering te weeg bring. Soos Paulus dit stel in 1 Tessalonisense 5:11:

*“Praat mekaar moed in en versterk mekaar dan met hierdie woorde, soos julle trouens reeds doen.”*

# BIBLIOGRAFIE


Adams, C. 2021. *The six secrets of intelligence.* Londen: Icon Books.

Arnold, J. 2010. *The big book on small groups.* Westmont, IL: InterVarsity Press.

Bass, B. 1960. *Leadership, psychology, and organizational behaviour*. New York: Harper & Row.

Bales, R. F. 1950. *Interaction process analysis: A method for the study of small groups.* Chicago, IL: The University of Chicago Press.

Ballard, P. en Holmes, S. R. 2005. *The Bible in pastoral practice: Readings in the place and function of scripture in the church.* London: Darton Longman and Todd.

Banja, M. K. 2017. *Selected readings in education.* Lusaka: University of Zambia Press.

Baron, R. S. en Kerr, N. L. 2003. *Group process, group decision, group action*. Buckingham: Open University Press.

Barrett-Lennard, G. 2007. *Carl Rogers' helping system journey and substance.* London: SAGE.

Bartlett, R. C. en Collins, S. D. 2011. *Aristotle's Nichomachean ethics.* London: The University of Chicago Press.

Björninen, S., Hatavara, M. en Mäkelä, M. 2020. Narrative as social action: A narratological approach to story, discourse and positioning in political storytelling. *International Journal of Social Research Methodology* 23(4), 1-30. Doi.org/10.1080/13645579.2020.1721971

Bochner, P. en Riggs, N. A. 2014. *Practicing narrative inquiry.* In: Leavy, P. (red), *The Oxford Handbook of Qualitative Research.* Oxford: Oxford University Press.

Bonner, H. 1959. *Group dynamics: Principles and applications.* New York: The Ronald Press Company.

Brunsdon, A. R. 2014*.* A three musketeering approach to pastoral care: Reflections on collaboration between pastoral care, narrative therapy and positive psychology. *Verbum et Ecclesia* 35(1), 1-9.

Burger, C. 2009. Ontdek die belang van die erediens. In: Wepener, C. en Van der Merwe, J. (reds.), *Ontdekkings in die erediens*, 51-68. Wellington: Lux Verbi.

Bussmann, U. en Schweighofer, S. 2014. *Group dynamics: The nature of groups as well as dynamics of informal groups and dysfunctions*. Hamburg: Anchor Academic.

Campbell, A. V. 1986. *Rediscovering pastoral care.* London: Darton, Longman and Todd.

Cattell, R. B. 1951. New concepts for measuring leadership in terms of group syntality. *Human Relations* 4(2), 161–184.

Carracciolo, M. 2012. Narrative, meaning, interpretation: An enactivist approach. *Phenomenology and the Cognitive Sciences* 11(3), 367-384.

Cartwright, D en Zander, A. 1968. *Group Dynamics: Research and theory.* New York: Harper & Row.

Chazan, R. 2001. *The group as therapist.* London: Jessica Kingsley.

Clinebell, H. 1984. *Basic types of pastoral care and counselling: Resources for the ministry of healing and growth.* Nashville, TN: Abingdon.

Cobley, M. 2014. *Narrative.* London: Routledge.

Dion, K. L. 2000. Group cohesion: From ‘field of forces’ to multidimensional construct. *Group Dynamics* 4(1), 7-26.

Demasure, K. en Müller, J. 2006. Perspectives in support of the narrative turn in pastoral care. *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 47(3/4), 410-419.

Doehring, C. 2015. *The practice of pastoral care: A postmodern approach.* Louisville, KY: Westminster John Knox.

Dreyer, J. S. 2014. The narrative turn in practical theology: A discussion of Julian Müller's narrative approach. *Verbum et Ecclesia* 35(2), 1-9.

Dreyer, Y. 1999*.* Refleksie op twee pastorale modelle, Deel 1: Die pastor as vertolker - die ontmoetingsmodel. *HTS Teologiese Studies* 55(4), 943-963.

Dreyer, Y. 2005. Vergewe en vergeet: 'n Pastorale perspektief. *Verbum et Ecclesia* 26(1), 16-34.

Dyson, A.H. en Genishi, C. (reds.) 1994. *The need for story: Cultural diversity in classroom and community.* Urbana, IL: National Council of Teachers.

Fauconnier, G. en Turner, M. 2002. *The way we think: Conceptual blending and the mind's hidden complexities.* New York: Basic Books.

Fowler, J.W. 1989. *Faith development and pastoral care.* Philadelphia, PA: Fortress.

Frazee, R. 2001. *The connecting church: beyond small groups to authentic community.* Grand Rapids, MI*:* Zondervan.

Forsyth, D. R. 1998. Group dynamics. *Theory, Research, and Practice* 2(4), 211-212.

Forsyth, D. R. 2014. *Group dynamics.* Boston, MA: Cengage Learning.

Forsyth, D. R. 2019. *Group Dynamics*. Boston, MA: Cengage Learning.

Ganzevoort, R. R. 2011. *Narrative approaches.* In: Miller-McLemore, B.J. (red) *Wiley-Blackwell Companion to Practical Theology,* 214-223. Chichester, UK:

Wiley-Blackwell .

Ganzevoort, R. R., Haardt, M. en Scherer-Rath, M. (reds.) 2013. *Religious stories we live by: Narrative approaches in Theology and Religious Studies.* Leiden: Brill

Gerkin, C. V. 1979. *Crisis experience in modern life.* Nashville, TN: Abingdon.

Gerkin, C. V. 1997. *An introduction to pastoral care*. Nashville, TN: Abingdon.

Gerkin, C. V. 1984. *The living human document: Re-visioning pastoral counselling in a hermenetical mode.* Nashville, TN: Abingdon.

Hamilton, J. D. 1997. *Gestalt in pastoral care and counselling: A holistic approach.* New York: The Haworth Pastoral Press.

Hare, A. 1976. *Handbook of small group research.* New York: Free Press.

Häusser, J. A., Junker, N. M. en Van Dick, R. 2020. The how and the when of the social cure: A conceptual model of group-and-individual-level mechanisms linking social identity to health and well-being. *European Journal of Social Psychology* 50(4), 721-731.

Hayes, G. A. 2017. Conceptual blending and religion. In: Clements, N. K. (red), *Religion: Mental religion*, 163-178. New York: MacMillan.

Heyns, L. M. en Pieterse, H. J. C. 1994. *Eerste treë in die Praktiese Teologie*. Pretoria: Gnosis.

Hyvärinen, M. 2006. Towards a conceptual history of narrative. In: Hyvärinen, M., Korhonen, A. and Mykkänen, J. (reds.), *The travelling concepts of narrative*, 20-41. Helsinki: Tutkijakollegium.

Hyvärinen, M. 2016. Narrative and Sociology. *Narrative Works* 6(1), 38-62.

Hyvärinen, M. 2017. Life meets narrative. In: Schiff, B., McKim, A. E. en Patron, S.

(reds.), *Life and narrative: The risks and responsibilities of storying experience*. 1-18. New York: Oxford University Press

Johnson, D. W. en Johnson, F. P. 2003. *Joining together: Group theory and group skills.* New York: Pearson.

Joubert, S. 2009. Ontdek die vroeg-kerklike dinamiek van die erediens. In: Wepener, C. en Van der Merwe, J. (reds.), *Ontdekkings in die erediens*, 51-68. Wellington: Lux Verbi.

Kirkpatrick, T. G. 1995. *Small groups in the church.* New York: Alban Institute.

Klaasen, J. S. 2020. Pastoral care and narrative: Towards a narrative pastoral care approach in intercultural communities. *In die Skriflig* 54(1), 1-8.

Leung, J. K. L. en Fong, P. S. W. 2011. The power of stories in the construction industry: Lessons from other domains. *Vine* 41(4), 466-482.

Lewin, K. 1951. *Field theory in social science: Selected theoretical papers.* New York: Harper & Brothers.

Linde, C. 1993. *Life stories: The creation of coherence*. New York: Oxford University Press.

Lynch, G. 2002. *Pastoral care and counselling.* London: SAGE.

Mabry, E. A. en Barnes, R. E. 1980. *The dynamics of small group communication.* London: Prentice Hall.

Malherbe, A. J. 1987. *Paul and the Thessalonians: The philosophic tradition of Pastoral Care.* Philadelphia, PA: Fortress.

Marais, H. C. 1979. *Kommunikasie in kleingroepe*. Kaapstad: P.J. De Villiers.

Martinez, M. A. 2014. *Storyworld Possible Selves* and the phenomenon of narrative immersion: Testing a new theoretical construct. *Narrative* 22(1), 110-131.

Martinez, M. A. 2018. Empathy versus engagement: A *Storyworld Possible Selves* approach to narrative discourse. In: González, M. en Mackenzie, J. L., *The construction of discourse as verbal interaction,* 251-272.

Martinez, M. A. en Narváez, J. L. 2020. Storyworld Possible Selves. *Miscelánea* 61(2020), 145-149.

Mauz, A. 2009. Theology and narration: Reflections on the 'Narrative Theology'-debate and beyond. In: Heinen, S. en Sommer, R. (reds.), *Narratology in the age of cross-disciplinary narrative research,* 261-285. Berlyn: De Gruyter.

McGrath, J. E. 1978. Small group research*. American Behavioural Scientist* 21(5), 651-674.

McGrath, J. E. en Atlman, I. 1980. *Small group research.* London: University Microfilms International.

Meaza, T. W., Broesterhuizen, M. en Liègeois, A. 2013. Christian pastoral care and psychotherapy: A need for theoretical clarity. *Journal of Pastoral Care and Counselling* 67(4), 1-13.

Metcalf, L. 2017. *Solution focused narrative therapy.* New York: Springer.

Mikkonen, J. 2019. The (literary) stories of our lives. In: Hagberg, G. (reds), *Narrative and self-understanding: Between literature and philosophy*, 11-27. London: Palgrave Macmillan.

Miller-McLemore, B. J. 1993. The human web: Reflections on the state of pastoral theology. *Christian Century* 110(11), 366-369.

Müller, J. 2000. *Reis-geselskap: Die kuns van verhalende pastorale gesprekvoering*. Wellington: Lux Verbi.

Müller, J.C. 2013. Practical theology as part of the landscape of social sciences and

Humanities: A transversal perspective*. HTS Theological Studies* 69(2). Doi:10.4102/hts.v69i2.1299.

Myers-Shirk, S. E. 2009. *Helping the good shepherd: Pastoral counselors in a psychotherapeutic culture*. Baltimore, ML: Johns Hopkins University Press.

Oatley, K. 2020. Psychology and narrative. *Academia Letters 110.* Doi.org/10.20935/AL110*.*

Oates, W. E. 1979. *The Bible in pastoral care.* Grand Rapids, MI: Baker Book House.

Park, S. 2005. History and method of Charles V. Gerkin's pastoral theology: Toward an identity-embodied and community-embedded pastoral theology, Part I. History. *Pastoral Psychology* 54(1), 47-60.

Ramsay, N. S. 1991. Sexual abuse and shame: The travail of recovery. In: Glaz, M. en Moessner, J. S. (reds.), *Women in travail and transition: A new pastoral care*, 109-123. Philadelphia, PA. Fortress.

Reinecke, H. en Müller, J. C. 2010. Prediking as pastorale uitnodiging tot deelname: ’n Kultureel-linguistiese beskouing. *HTS Theological Studies* 66(2), 1-3*.* Doi:10.4102/hts.v66i2.515.

Renear, M. 1976. Gestalt therapy and the sacramental experience. *Journal of Pastoral Care* 30(1), 3-15.

Rizzuto, A. 1998. Psychoanalytic psychotherapy and pastoral guidance. *Journal of Pastoral Care* 52(1), 69-78.

Rogers, C. R. en Carmichael, L. 1939. *The clinical treatment of the problem child.* New York: Houghton Mifflin.

Shaw, M. E. 1961. Group dynamics*. Annual Review of Psychology* 12(1), 129-156.

Shaw, M.E. 1976. *Group dynamics: The psychology of small group behaviour.* New

York: McGraw-Hill.

Sherif, M en Sherif, C. 1956. *Social Psychology*. New York: Harper International.

Smith, M. 1945. Social situation, social behaviour, and social group. *Psychological Review* 52(1), 224-229*.*

Sternberg, R. J. 2001. *Psychology: In search of the human mind.* San Diego, CA: Harcourt College Publishers.

Stogdill, R. 1959. *Individual behaviour and group achievement.* New York: Oxford University Press.

Tajfel, H. 1981. *Human groups and social categories.* New York: Press Syndicate of the University of Cambridge.

Tuckman, B. W. en Jensen, M. A. C. 1977. Stages of small-group development revisited. *Group and organization studies,* 2(4), 419-427*.*

Vanderwell, H. 2017. *Caring worship. Helping worship leaders provide pastoral care through the liturgy*. Eugene OR: Cascade.

Wąchol, G. 2020. Pastoral communities based on a model of self-help groups as a response of the church to the contemporary social changes: The person and the challenges. *The Journal of Theology, Education, Canon Law and Social Studies* 11(2), 107-122.

Wallis, J., Burns, J. en Capdevila, R. 2011. What is narrative therapy and what is it not? The usefulness of Q methodology to explore accounts of White and Epston's (1990) approach to narrative therapy. *Clinical Psychology and Psychotherapy* 18(6), 486-497*.*

World Council of Churches. 2002. Facing AIDS: The challenge, the churches' response. Geneva: WCC Publications.

Wicks, R. J., Parsons, R. D. en Capps, D. 1985. *Clinical Handbook of Pastoral Counselling.* Mahwah, NJ: Paulist Press.

Willows, D. en Swinton, J. 2005. *Spiritual dimensions of pastoral care: Practical theology in a multidiscipline context.* Cambridge, MA: Athenaeum.

Wimberley, E. P. 2003. *Claiming God, reclaiming dignity*. Nashville, TN: Abingdon.

Zander, A. 1994. *Making groups effective.* London: Jossey-Bass.